

G.R.VON WIELLIGH SE TAAL EN STYL.

Verhandeling voorgelê as gedeeltelike  
vervulling van die vereistes vir die

Graad van Magister  
in die Fakulteit van ~~Afrikaans~~ *Lettere en Wysbegeerte*  
deur

JAN LOUIS DU PLOOY, B.A., H.O.D., M.EDUC.

Voortrekker-Universiteit,

Pretoria.

-----  
Ingelewer:

28/11/41.

## VOORWOORD.

Hierdie geleentheid word te baat geneem om my erkentlikheid uit te spreek teenoor:

1. Prof. T.H. le Roux, B.A., Litt.D., van die Voortrekker-Universiteit, Pretoria, onder wie se leiding ek hierdie studie kon voltooi. Met dankbaarheid word melding gemaak van sy rigtinggewende kritiek en belangstelling hierin.

2. Mnr. en Mevrou M.von Wielligh, Kafferstad, Hendrina, by wie wyle G.R.von Wielligh vir etlike jare ingewoon het. Dit is deur hulle toegeneëtheid en goedgunstigheid dat juis ek die voorreg kon hê om die studie deur te voer, aangesien hulle baie aanvrae van ander studente om 'n insae tot bogenoemde skrywer se werke, manuskripte, ongepubliseerde <sup>werke</sup> en korrespondensie te verkry, van die hand gewys het.

3. Mnr. P.Coetzee, van die Staatsbiblioteek, Pretoria: weens die feit dat hy my 'n insae verleen tot sekere eksemplare van G.R. van Wielligh se werke, wat ek anders moeilik sou kon vind.

4. Teenoor my vrou wat die grootste gedeelte van die tikwerk gedoen het.

-----

LYS VAN AFKORTINGS.

e.d.m.	= en dergelike meer.
Ral.	= Raleigh, W.: Style
W.E.	= Brewster, Wm.: The Writing of English.
S. & T.	= Foerster & Steadman: Sentences and Thinking.
Inl.Lett.	= Schoonees en v.Bruggen: Inleiding tot die Studie van Letterkunde.
Style and Comp.	= Classen, E.: Lectures on Style & Composition.
P.	= pagina ( bladsy)
Asp.Afr.Lett.	= Malherbe, Dr.F.E.J.: Aspekte van die Afrikaanse Literatuur.
Afr.St.	= Botha en Burger: Afrikaanse Stylleer
Br.	= Die Brandwag.
Kr.Stil.	= Kramer, W.: Inleiding tot de Stilistiek.
Lit.T.	= Bennett, A.: Literary Taste.
Eth.-Aesth.	= Sevensma, V.S.: Ethisch- Aesthetisch.
T.en L.	= Taal en Letteren ( tydskrif)
H.Taalg.	= De Nieuwe Taalgids.
Huisg.	= Die Huisgenoot.
H.T.	= Padberg, H.: De Mocie Taal.
T.en K.	= Tydskrif vir Wetenskap en Kuns.
Baanbr.	= Von Wielligh: Baanbrekerswerk.
S.j.M.	= Von Wielligh: Staan jou Man.
O.G.	= Von Wielligh: Ons Geselstaal.
E.Skr.	= Von Wielligh: Eerste Skrywers.
D.-sto.	= Von Wielligh: Dierestories.
G.B.	= Von Wielligh: Ghwennie Barnveld.
H. & V.	= Von Wielligh: Huis en Veld.
Boesm.	= Von Wielligh: Boesmanstories.
V.v.V.	= Von Wielligh: Die Vrouens van Vrindenburg.
J.P.	= Von Wielligh: Jakob Platjie.
L.D.L.	= Von Wielligh: Langs die Lebombo.
N.S.	= Von Wielligh: Nimrod Seeling.
Onvolt verl.T.	= Onvoltooide verlede tyd.
deelw.	= deelwoord.
selfst.nw.&snw.	= Selfstandige Naamwoord.
hulpww.	= hulpwerkwoord.
byv.nw.	= byvoeglike naamwoord.
vnw.	= voornaamwoord.
aanw.	= aanwysende
i.p.v.	= in plaas van.
voors.	= voorsetsel.
byw.	= bywoord.
ww.	= werkwoord.
d.w.s.	= dit wil sê.
bl.	= bladsy.

-----

INHOUDEERSTE DEEL.

	<u>bladsye</u>
	1 - 28.
<u>HOOFSTUK I: Doel van hierdie Onderzoek.</u>	1 - 2.
<u>HOOFSTUK II:</u>	3 - 19.
A. Wat onder <u>styl</u> verstaan moet word.	3 - 10.
(i) Die afleiding van die woord.	3.
(ii) Die Betekenis wat ander daaraan heg.	3 - 9.
(iii) Die Betekenis wat ons daaraan heg.	9 - 10.
B. Die Eienskappe van Styl	10- 14.
(i) Helderheid.	10- 11.
(ii) Interessantheid.	11.
(iii) Samehang (Eenheid).	11.
(iv) Afbakening en Onderverdeling.	11- 12.
(v) Plastiek.	12.
(vi) Aanskouelikheid.	12- 13.
(vii) Eenvoud.	13.
(viii) Suiwerheid.	13.
(ix) Lewandigheid.	13.
(x) Kernagtigheid.	13- 14.
(xi) Realisme.	14.
C. Vorm en Inhoud.	14- 16.
(i) Kloos.	14.
(ii) Raleigh.	14- 15.
(iii) Bennett.	15.
(iv) Sevensma.	15.
(v) Kollewyn.	15- 16.
D. Styl, Stemming en Gevoel.	16- 17.
E. Stylfoute.	17.
F. Die doel van die Skrywer.	17- 19.
G. Die Beperkings van die Skrywer.	19.
<u>HOOFSTUK III:</u>	20-28.
(i) Taal en Denke	20- 24.
(ii) Die skryfkuns.	24- 28.



II.

	<u>E:</u>
(a) Bou van die verhaal.	24 - 25.
(b) Paragraawe.	25.
(c) Interpunksie.	26.
(d) Sinsbou.	26.
(e) Figuurlike Taalgebruik	27 - 28.
(f) Die Woordeskat van 'n Skrywer.	28.
-----	
<u>TWEEDE DEEL.</u>	29 - 143.
<u>HOOFSTUK IV.: DIE STYL VAN G.R.VON WIELLIGH.</u>	29 - 94.
(a) Sy styl as openbaring van homself.	29 - 33.
(b) Sy Doel.	33 - 37.
(c) Sy Stylmetode.	37 - 94.
(i) Beskrywing van uiterlikhede.	37 - 39.
(ii) Eenvoud.	39 - 41.
(iii) Direkte Mededeling.	41 - 44.
(iv) Gesprek.	44 - 46.
(v) Die Vraag en Antwoord.	46 - 48.
(vi) Herhaling.	48 - 51.
(vii) Verantwoordelikheid.	51 - 54.
(viii) Oortolligheid.	54 - 55.
(ix) Verbreking van Eenheid.	55 - 58.
(x) Didaktiek.	58 - 62.
(xi) Retoriek.	62 - 63.
(xii) Niksseggenheid.	63 - 64.
(xiii) Beeldspraak.	64 - 66.
(xiv) Suiwerheid.	66 - 69.
(xv) Waarheid.	69 - 71.
(xvi) Opgewektheid.	71 - 72.
(xvii) Die Lagwekkende - Humor.	72 - 79.
(xviii) Natuuebeskrywing.	80 - 81.
(xix) Plastiek.	81 - 83.
(xx) Aanskouelikheid.	83 - 85.

III.

	<u>Bladsye.</u>
(xxi) Toevallighede.	35 - 37.
(xii) Opsetlikheid.	37 - 38.
(xxiii) Leestekens.	38 - 93.
(xxiv) Byvoegings of Sterte.	93 - 94.
<u>HOOFSTUK V: G.R.VON WIELLIGH SE TAAL.</u>	95-- 113.
A. Die Taalgebruik.	95 - 113.
(1) Die Werkwoord.	95 - 100.
(i) Die Historiese Teenwoordige Tyd.	95 - 96.
(ii) Die onvoltooide verlede tyd.	96.
(iii) Verwarring van tye.	96 - 97.
(iv) Deelwoorde.	97 - 98.
(a) Die onvoltooide Deelwoord.	97 - 98.
(b) Die voltooide Deelw.	98.
Die Volt. Deelw. plus Infinitief.	98 - 99.
(v) Die Infinitief.	99.
(vi) Nuwe Werkwoorde.	100.
(II) Die Byvoeglike Naamwoord.	100 - 101.
(a) On <del>v</del> erboë	100.
(b) Verboë.	100 - 101.
(III) Die Voornaamwoord.	101 - 102.
(a) Die Besitlike Vnw.	101.
(b) Die Aanwysende Vnw.	101 - 102.
	102 - 103.
(v) <del>Voeg</del> woordstoplappe.	103 - 107.
(vi) Vernaam.	107.
(vii) Altemitters en Aljimmers.	107 - 108.
(viii) Af.	103.
(ix) Van.	108.
(x) Na ou Gewoonte.	108 - 109.
(xi) Altyd.	109.
(xii) Die Met-verbinding.	109 - 110.
(xiii) Verkeerde Woord <del>gebruik</del> .	) - 111.

IV.

	<u>Bladsye.</u>
(xiv) Spelling.	112.
(xv) Von Wielligh se Woordeskat.	112 - 113.
<u>HOOFSTUK VI.: G.R.VON WIELLIGH SE TAAL (vervolg)</u>	114 - 135.
(a) Swak Sinsbou.	114 - 118.
(b) Die Samegestelde sin met onderskikkende sinsverband.	118 - 121.
1) Die <u>Wat</u> -sin.	118 - 120.
2) Die <u>Dan</u> -sin.	120.
3) Die <u>Dat</u> -sin.	120 - 121.
(c) Die Samegestelde sin met neweskikkende sinsverband.	122 - 126.
1) Aaneenskakelende Sinsverband.	122.
2) Teëstellende Sinsverband.	122 - 124.
3) Redegewende en Verklarende Sinsverband.	124 - 126.
4) Die <u>Soos</u> -sin.	126 - 127.
5) Die sinne beginnende met <u>Waarop</u> en <u>Daarop</u> .	127 - 129.
6) Die <u>So-</u> en <u>Dus</u> -sinne.	129 - 131.
7) Die Woordorde in von Wielligh se sinne.	131 - 132.
8) Ontkenning.	132 - 134.
9) Pleonasme.	134 - 135.
<u>HOOFSTUK VII.: BESLUIT.</u>	136 - 143.
Literatuurlys.	144 - 157

-----  
-----  
-----

HOOFSTUK 11.A. Wat onder "styl" verstaan moet word.

Onder hierdie hoof wil ons die aandag op drie sake vestig: (i) die afleiding van die woord; (ii) die betekenis wat ander daaraan heg en (iii) die betekenis wat ons daaraan heg.

(i) Die afleiding van die woord.

Die woord "styl" soos afgelei van die Latynse woord "stilus" is algemeen bekend. Vroeër is die term in verband met graveerwerk gebruik. Die woord het egter 'n betekenisverandering ondergaan, sodat dit vandag in verband staan met die gedagte-uiting in die taal, mondeling of geskrewe. Nie alleen word dit in verband met die taal gebruik nie, maar ook by alle kunste, bv. musiek, skilderkuns, graveerkuns, e.d.m.

(ii). Die betekenis wat ander daaraan heg.a) W. Raleigh.

"Styl" word deur hom beskou as "the art that handles, with ever fresh vitality and wary alacrity the fluid elements of speech." (Ral., p.1.)

Die bewoording of definisie, soos deur Raleigh gestel, is vaag. Hy gee <sup>geer</sup> nader verduideliking van wat onder "fresh vitality", "wary alacrity" en "fluid elements of speech" verstaan moet word nie. Gevolglik is hierdie opvatting van styl nie vir ons aanneemlik nie. Veel later in dieselfde boek, kom Raleigh weer op die saak terug, met net so'n weinig-seggende bewering, nl. dat styl 'n eienskap van alle geskrewe en gedrukte werke is, sonder dat hy nader aan die begrip "styl" gekom het. (Ral., p.71.)

b) Wm. Brewster.

Hy skrywe: "Style is, on the whole; manner; and style of writing is manner of writing". (W.E., pi 47.)

Dit is geen duidelike definisie nie, want daaronder kan al

verstaan word. Dit dui geen grens of omlýning aan nie. Omdat Brewster self die tekortkoming van sy woorde gevoel het, het hy dit as volg gestel: "Style, then, in this sense applies to any writing whatever, is the manner of any piece of writing.....; it applies to all writing ..... style as a special result is conceived to be an expression of personality, of individuality, of the writer's sense of fact." (W.E., p.143.) .....  
 " when the term style is used in the following pages it will be understood to deal with the combination of words and sentences, rather than with plan or organization of ideas."  
 (W.E., p.145.)

Brewster vestig ons aandag op vier sake: (i) styl is nie 'n kenmerk van alle geskryfte nie; (ii) styl is die uitdrukking van 'n skrywer se persoonlikheid; (iii) styl het ook betrekking op die saamvoeging van woorde en sinne; (iv) styl beteken die wyse waarop idees gerangskik word. Hierdie vier sake laat ons dieper oor die kwessie van styl nadink. Brewster beskou "styl" meer ingewikkeld as Raleigh. Hy besef dat 'n kort definisie, weens die omvattendheid van die begrip "styl", onvoldoende is.

c) Foerster en Steadman.

Hulle laat hulle oor styl as volg uit:

" Style is the man himself. By this is usually meant that each man's manner of expression is a reflection of his individuality, of that in him which renders him different from all other men, and which renders him inimitable" (S. and T., p.6.) ..... " style is the man, but style is also Man." (S. and T., p. 7.)

Netsoos Brewster, beskou hierdie twee skrywers "styl" ook as die uitdrukking van die persoonlikheid. Hulle gaan egter 'n stappie verder deur te se: styl is die Mens self. Dit laat ons dink aan die woorde van die Fransman Buffon, nl.: " Le style c'est l'homme".

Die pppvatting van "Le style c'est l'homme" laat egter een sy van styl deurskemer: dat dit die mens self is;

die tegniese kant van die saak word buite rekening gelaat.

( Inl.Lett., p.70.)

d) Classen.

Styl as die uitdrukking van die persoonlikheid word ewe-eens deur hom benadruk: " Style may thus be said to be self-expression within the limits prescribed by grammar and logic..... The more a work discloses the personal feelings and attitude of the writer, the more readily it will claim and hold our interest." ( Style and Comp., p.2.) ..... " style is the expression in writing of personality." ( Idem, p.4.)

Die indruk word geskep dat Classen hierdie opvatting nie genoeg kan beklemtoon nie, want op bladsy 7 herhaal hy dit: " It would appear that the essence of style is personality." Nog verder op bladsy 13 besien hy styl uit ander gesigspunte: " Fundamentally, style is a matter of thought, superficially, it is a matter of words, phrases, and constructions" Enersyds is "styl" dus 'n kwessie van denke ( gedagtes , idees) en andersyds van woorde, uitdrukkings en konstruksies. Ons voeg daarby dat styl 'n kwessie van persoonlikheid is.

Hoe moeilik die saak is, word daardeur bewys dat selfs Classen nie eintlik weet wanneer hy daarvoor genoeg gesê het nie. Daarom sê hy later weer: " If the differences in the style of any two writers are simply a reflection of their different ways of thinking, then style is nothing more than the expression of personality." ( Style and Comp., p.7.) Op bladsy 23 weer: " Style, then, at the bottom is the dress of thought, and the better it fits, the better the style. Every writer must struggle with the material language \_\_\_\_ with words and combination of words \_\_\_\_ until he has found <sup>u</sup>not the right dress for his thoughts."

Dat Classen geen duidelikheid omtrent "styl" het nie, word bewys deur die baie formulerings wat hy daarvoor gegee het.

e) Dr. F.E.J.Malherbe.

Van hom verneem ons: "Styl is... selfekspresie, uitdrukking van 'n idee, in die hele opset, gang en verloop van die verhaal....." (Asp.Afr.Lett., p.38)

Malherbe se beskrywing van styl is beslis swak. Sy bewoording is kort, maar waardeloos.

f) Dr. Sch<sup>o</sup>nees en van Bruggen.

Hulle beskrywe "styl" as volg: "Die uiterlike verskyning van 'n kunstenaar se innerlike emosies noem ons sy styl. Hy probeer dus nie om sy styl te kry nie, maar hy het dit. Hy het 'n beter en volmaakte styl na gelang van die grootheid van sy siel." (Inl.Lett., p.69.)

Volgens die twee skrywers is daar drie betekenis van styl, t.w.: (i) tegniese vaardigheid in taalgebruik; (ii) persoonlike eienaardigheidjies in seggingswyse en (iii) die hele persoonlikheid van die kunstenaar soos om dit in sy werknavoel. (Inl.Lett., p.69.) Om laasgenoemde nog meer uit te brei, word daaraan toegevoeg dat styl nie die uiterlike kleed is nie, maar die vlees en bloed van die kunstenaar.

Dr. Sch<sup>o</sup>nees en Dr. van Bruggen het die betekenis van styl taamlik duidelik gestel. Hulle betrek daarin die persoonlikheid van die skrywer, sy taalbeheer en -gebruik en sy persoonlik taalliefhebberye.

Dit lyk of die twee skrywers met die woorde: "Hy probeer dus nie om sy styl te kry nie, maar hy het dit" ontwikkeling van styl uitsluit. As dit die geval is, word "styl" nie in die regte lig gestel nie.

g) Burger en Botha.

Hulle beskouing kom hierop neer:

"Die styl is die hele kunstenaar" (Afr.St., p.30)  
Die hele siel en hart van die kunstenaar sal dus tot uiting kom in sy geskrifte. Ter versterking van hulle mening haal hulle aan wat Schopenhauer daarvoor se: "Styl is die fisonomie van die siel", of of Carlyle se woorde, vertaal: "die beste

boeke is die wat met die hartebloed van die outeurs geskrywe is."

Burger en Botha het gevoel dat hulle die antwoord op : "Wat is styl"? nie afdoende gegee het nie. Dus word aangevul: "Styl tog is die uitdrukking van 'n man se persoonlikheid en staan in dieselfde betrekking tot sy innerlike wese as sy vel tot sy vlees". (Afr.St., p.49.)

Weens beperkte plaasruimte kon Burger en Botha heelwaarskynlik nie 'n beter uiteensetting van styl as bogenoemde gegee nie. Dit is egter seker dat vir die leser nie 'n goeie uiteensetting van "styl" gegee is nie.

h) S.C.Hattingh.

Hy het oor Van Melle as kunstenaar geskrywe. Onder andere het hy hom as volg uitgedruk: " Waar die skrywer dan sy innerlikheid sy menslikheid, sy diepste persoonlikheid openbaar in taal wat gedra word op die ritme van ontroering, daar kan ons praat van styl". (Br., 19 Jan. 1940, p. )

Hattingh beklemtoon ook die persoonlikheid, maar voeg ook daarby "sy innerlikheid", "sy menslikheid". Die " nuwe element" is " sy menslikheid". Ons kan oor laasgenoemde spekulêr, maar dit bly ietwat duister. Styl word verder net herken as die persoonlikheid, sy menslikheid, sy innerlikheid "gedra word op die ritme van ontroering". M.a.w. waar daar geen ontroering by die skrywer is nie, daar kan glad nie van "styl" gepraat word nie. Ons moet tog aanneem dat nie alles wat skrywers te boek gestel het altyd uit werklike ontroering gebore is nie. Moet ons dan sulke stukke weglaat, omdat in hulle geen sprake van "styl" is nie? As dit die geval is, sal daar baie min oorbly wat op styl kan aanspraak maak As ontroering opgeneem word in die sin van " nie kleurloos nie", dan is daar heelwat vir hierdie standpunt te sê.

i) W.Kramer.

Kramer het nuttige gedagtes oor styl geskrywe. Treffend is sy vergelyking tussen die vroeëre en hedendaagse



metodes van die stilistiek: . Hy het die volgende geskrywe:  
 "De oudere stylstudie was formalistiesch: zy bepaalde zich tot het opsporen en omschrywen van uiterlyke vormkenmerken, die/abstraheerde van het kunstwerk; die/rubriceerde omte komen tot onderscheiding van stylsoorten, tot een theorie over de styl in het algemeen."

" De moderne stilistiek is organiesch ( ons onderstreep): zy ziet het taalkunstwerk als organiesch gestalte van het leven dat zy schiep; in elk vormkenmerk speurt zy het functioneeren van dat innerlyke .....

"De harmonie tusschen uiterlyken innerlyk, de uitdrukkingskracht der taal- en dichtvormen te leeren kennen in hun hoogste levensfunctie, is het doel der moderne stilistiek." ( Kr.Stil., p.k2.)

Dat "styl" vanuit 'n organiese standpunt moet beskou word, moet op rekening van Kramer geplaas word. Dit is die mening wat die veld sal behou. 'n Suiwerder standpunt kan nie ingeneem word nie. Dit is die beskouing waarby ons die maklikste aansluiting vind.

Die "organiese" gedagte en die "harmonie tusschen uiterlyk en innerlyk " is kostelikhede in verband met "styl".

Sover het ons tot die besef gekom dat geen definisie vir "styl" afdoende is nie. 'n Definisie moet uit die aard van die saak kort en kragtig wees. Dit lyk amper 'n onmoontlikheid om 'n definisie van styl te gee, yeral as ons saamvat wat deur die genoemde outeurs beklemtoon is, nl.:

- a) styl as uitdrukking van die innerlike of die persoonlikheid van die skrywer; b) styl as die wyse waarop die gedagtes vasgelê word in die taal deur woord- en woordverbindings;
- c) styl as synde die hele kunstenaar; d) styl as 'n saak van denke, gedagtes of idees; E) styl as 'n saak wat betrekking het op die saamvoeging van woorde en sinne; f) styl as tegniese vaardigheid in taalgebruik, en g) styl gesien as sekere eienaardighede van die skrywer, bv. deur die gebruik van

sekere uitdrukkings of woorde

Wanneer onse dan die veld so oorsien, kom ons tot die slótsom dat slegs Kramer "styl" werklik goed begryp het en op die beste wyse uitgedruk het wat daaronder verstaan word.

(iii) Die betekenis wat ons daaraan heg.

"Styl" is die wyse waarop 'n skrywer aan sy gedagtes of idees uitdrukking verleen deur gebruik te maak van die taal, d.w.s. die doeltreffende wyse waarop die skrywer sy idees verklank deur die aanwending van woorde; uitdrukkings, sinne en alle middels wat die taal tot sy beskikking stel, op so'n wyse dat die gedagtes getrou en korrek weergegee word. Hierdie korrekte weergawe kan mondeling of skriftelik wees. Hoe nou die verband tussen die gedagtes en die inkleding daarvan is, word later duidelik gestel, volgens 'n uitspraak van Bennett, onder die hoof "Vorm en Inhoud", bladsy 16.

Die styl van 'n skrywer sal laat deurskemer wat die diepste roersele van sy siel is; dit sal blootlê watter psigiese en fisiese faktore op hom ingewerk het terwyl hy sy gedagtes geuit het. Sy styl sal ons te kenne gee sy ontwikkeling, intellektueel en emosioneel; sy kennis van die taal wat hy aanwend: of hy die taal so kan gebruik om selfs die fynste nuansering van sy siel weer te gee; dit sal ons sy houding ten opsigte van die lewe en lewensvraagstukke bekend maak.

Dit lê dus voor die hand dat ons kan praat van stylverskille by persone. Elke skrywer gee homself, druk sy persoonlikheid op sy eie manier of styl uit. Elke soort gees of siel het sy eie wyse van skrywe. Die krag en die swakheid van 'n skrywer se styl sal in sy temperament gesoek word. (Style and Comp., p.9.)

Verder moet in ag geneem word die onderwerp waarvoor geskrywe word. En nie die minste nie: die doel van die skrywer.

verskillende onderwerpe sal verskillende gedagtes wek, verskillende assosiasies in die lewende roep, elk waarvan op sy eie manier sal geuit word. Een en dieselfde skrywer se styl sal dus moet varieer of hom aanpas by wat behandel word. Tog sal die styl telkens van so'n aard wees dat dit **onmiskienbaar eie is aan daardie skrywer.**

Word geskrywe met die doel om te vermaak, aangenaam besig te hou, stories te vertel, sielkundige motiewe te ontvou, wetenskaplike feite tuis te bring, op populêre of streng wetenskaplike wyse persoonlike ervaringslewe op te diep dan sal die skrywer se styl hom daarna moet skik. Die wetenskaplike styl bv. sal iets anders wees as die vertellende styl. Hoe talryker die verskeidenheid van onderwerpe waaroor 'n skrywer hom uitlaat, hoe makliker kan 'n juiste beeld van sy styl verkry word.

#### B. Die Eienskappe van styl.

Aangesien die eienskappe van "styl" in baie handboeke uitvoerig bespreek word, is ons doel nie om dit weer hier te doen nie. Ons wil egter sekere eienskappe van styl aanhaal wat vir ons doel belangrik geag word.

##### i) Helderheid (duidelikheid)

Dit word beskou as 'n intellektuele eienskap van 'n styl, naas ander wat emosioneel is.

'n Helder of duidelike styl word gekenmerk <sup>deur</sup> aan die rangskikking van feite op so'n wyse dat alles duidelik verstaanbaar is. Die voorwaarde vir 'n helder styl, is eers helder dink en dan 'n goeie beheer oor die taal kry. Wat die beheer oor die taal betref, is dit slegs 'n kwessie van beoefening van die korrekte taalgebruik, korrekte interpunksie en duidelike opeenvolging van sinne en paragrawe.

Die belangrikheid van die helderheid of duidelikheid van styl, het Burger en Botha daartoe gebring om amper drie bladsye in hulle "Afrikaanse Stylleer" (p.34 - 37) daaraan te wy. Geen ander eienskap word deur hulle so goed be-

spreek nie. Die rede lê voor die hand: dit is die vernaamste vereiste van 'n goeie styl.

" Helder of duidelik is die styl van 'n skrywer as die taal wat hy gebruik presies sy gedagtes vertolk. Van intellektuele standpunt beskou, volg dit dus vanself dat die skrywer voor alles moet helder dink; die gedagtes wat hy wil uitdruk, moet eers in sy brein duidelik wees." (AFR. ST. p. 34)

Teenoor 'n helder styl staan 'n duister styl, wat ook soms gekenmerk word deur vaagheid en deur dubbelsinnigheid..

(ii) Interessantheid.

'n Skrywer moet sy stof op 'n interessante wyse voordra. Daarvoor moet hy op 'n vindingryke wyse van sy stylmiddels gebruik maak om die aandag van die leserte trek en dit te behou.

(iii). Samehang (Eenheid).

Die styl van 'n skrywer moet die leser van die een onderwerp na 'n ander laat voortbeweeg. Daarvoor is nodig 'n goeie inleiding, daarna 'n natuurlike uitbreiding en uitbouing van die stof.

Deur Classen word dit goed uitgedruk waar hy skrywe: " Coherence, then, is mainly a matter of classification and arrangement with the view to an orderly and clear development of the subject." ( Style and Comp., p.46.)

(iv) Afbakening en Onderverdeling.

Dit is die kwessie wat die ernstige aandaag en studie van elke skrywer vereis.

Wanneer 'n skrywer sy onderwerp nie goed afbaken en hom daarby bepaal nie, bestaan die neiging om die onderverdeling op 'n losse voet te laat geskied. Goeie afbakening werk afdwaling van die onderwerp teë. 'n Swak afbakening voer 'n skrywer na bykomstighede, wat miskien op hulle self van belang is, maar nie die onderwerp as 'n geheel raak nie.

Verval 'n skrywer in onbenullige uitweidings, kan die nadruk lig op die verkeerde plek val. Wanneer so iets gebeur, word die styl se eenheid versteur. ( Style and Comp., p.32).

'n Goeie afbakening van die onderwerp/ook die eenheid en samehang daarvan. Daarvan se Classen: bevorder

" The commonest violations of unity are due, therefore, either to excess or to insufficiency of matter by telling us too much; the latter mars it by telling us too little. ( Style and Comp., p.33.)

Die tweede nl. " insufficiency of matter" het Classen raak gesê. Dit word 'n oorsaak van bladvulling. Die eerste lyk nie so goed gesê nie.

Wat oortollig is, trek nie die aandag en belangstelling nie. Dit bring by die leser die gevoel van onvoltooidheid en ontevredenheid.

(v) Plastiek.

Styl word ook gekenmerk deur plastiek. Dit beteken uitbeelding. Netsoos die beeldhouer iets in aansyn roep in 'n beeld, so moet deur 'n enkele woord of sinswending 'n beeld helder voor ons gees geroep word. Hoe juister ons gees daardie beeld vat, hoe ~~hoe~~ duideliker is die skilderende plastiek. Een van die middels van plastiek is beeldspraak of figuurlike taal. Dit behandel ons in Hoofstuk Drie, bl. 27, 28

(vi) Aanskouelikheid.

Dit is die kenmerk van 'n kragtige styl. Dit word kragtiger as die skrywer se woorde doeltreffend is. Dit kom neer op die regte onvervangbare, tekenende woord. Wanneer skrywers langs die onderwerp verby praat, word hulle breedspakig en wydlopig.

Direkte verlewending in die verhaal word verkry deur aanskouelikheid: " Het is de essensiele trek, waarin de stemming van het verhaal zich verdiept tot intensief leven". ( Kr.St., p.135-136.)

Die geheim van aanskouelikheid lê in die suggestiewekrag van die woord. Aanskouelik is die taal van die skrywer wat die woord weet te besiel tot ryke lewenskern.

(vii) Eenvoud.

Styl word ingewikkeld en gekompliseerd as die bou van die letterkundige produk moeilik te volg is of as die taal hoogdrawend is. Is die gedagtes egter logies georden en hou die sinsbou en paragraafindeling duidelik met mekaar verband, dan het ons 'n eenvoudige styl.

(viii) Suiwerheid.

Suiwerheid bestaan in die gebruik van die "korrekte taalkundige vorm en spelling en verder (moet) alle woorde en uitdrukkings vermy (word) wat vreemd is aan die idioom en taaleie." (Afr.St., p.40.). Die styl moet gesuiwer word van vertroebelde invloede, soos anglisismes, nederlandsismes en andere, waar hulle nie geassimileer kan word nie.

(ix) Lewendigheid.

'n Styl word lewendig wanneer sake mekaar snel opvolg, sonder dat die belangstelling daarin verlore gaan. Die gebruik van die historiese teenwoordige tyd, waardeur die handeling van die verlede voorgestel word as gebeurende op hierdie tydstip, is 'n ander middel om verlewending te bewerkstellig. Dit gee frisheid aan verbygegane gebeurtenisse.

(x) Kernagtigheid.

Hoe minder woorde nodig is om 'n gedagte so presies as moontlik uit te druk, hoe kernagtiger word die styl. Baie min skrywers het 'n kernagtige styl. Dit is 'n eienskap wat by die weinige hoogsbegenadiges aangetref word. Die teenoorgestelde van kernagtigheid is toutologie of oortolligheid, bv. wanneer een en dieselfde saak op verskillende maniere uitgedruk word. Daarby behoort pleonasme (onnodige woorde, bv.: Hulle het 'n helder en duidelike gesig van die krater gekry.

Kramer beklemtoon ook kernagtigheid. Die een skrywer bedwing hom om sy gedagtes op 'n spaarsame wyse uit te druk. Dan wen sy woorde aan veelseggendheid en kinsentrasie. Sy gevoel konsentreer deur die suggestiewe simbool. Met die essensiele dinge sal dan genoem word: sy gedagte-uiting word dan deur afgerondheid gekenmerk. Breed is die styl van hom wat van elke woord rekenskap en baie definisies of onderstreepte herhalinge gee. Beperk is egter die styl van die wetenskap; ike wantelke saak moet helder belyn wees. ( Kr.St., p.105-108.)

(xi) Realisme.

Styl moet verder met realisme gekenmerk word. Weer is dit Kramer wat dit duidelik gestel het: " Zoals de schilder zyn verven mengt om de tint te verkrygen die "" het doet"", zo koppelt de realistische beschryver zyn woorden tot de treffende kleuraanduiding." ( Kr.St., p.101.)

C. Vorm en Inhoud.

Dit is sake waaroor in die verlede baie geskrywe is. Sulke skrywers is o.a. W.Kloos, W. Raleigh, Bennett, Sevensma en Kollwyn. — almal skrywers na wie kan geluister word. Ons sal dan ten eerste nagaan wat hulle oor die kwesie gesê het en dan aan die einde ons beskouing daaroor gee.

(i) Kloos.

"Vorm en inhoud zyn éénin zooverre iedere verandering in de woorden een gelyklopende wyziging geeft in het beeld- of de gedachte, en iedere wyziging in ~~deze~~<sup>ze</sup> eene ~~overkomstige~~<sup>een</sup> nuanceering van de stemming aanduidt," ( Sien: Inleiding tot Jacques Perk se "Gedichten".)

(ii) Raleigh.

Hy laat hom uit oor die onskheidbaarheid van die twee begrippe:

" Matter and form are not so separable as the popular philosophy would have them; indeed, the very antithesis between them is a cardinal instance of how language

reacts on thought, modifying and fixing a cloudy truth. The idea pursues form not only that it may be known to others, but that it may know itself, and the body in which it becomes incarnate is not to be distinguished from the informing soul." (Ral., p.62.)

(iii) Bennett.

Deur hom word gewys op die nie-onderskeidbaarheid van stof en styl ( tot 'n sekere hoogte die vorm): "Style cannot be distinguished from matter. When a writer <sup>conceives</sup> an idea, he conceives it in a form of words. That form of words constitutes his <sup>t</sup>style, and it is absolutely governed by the idea. The idea can only exist in words, and it can only exist in one form of words." (Lit.T., p.64.)

Op bladsy 9 is van hierdie feite van Bennett melding gemaak. \* Wat bo aangehaal is, wys hfdoende hoe nou die verband tussen taal en styl in werklikheid is.

(ix) Semensma.

Sy beskouing kom op die volgende neer: " Een onderscheiding te maken tusschen vorm en inhoud is inderdaad op zichzelfde niet alleen volkomen juist, maar zelfs noodzakelyk, willen we eenig succes hebben met onderzoekingen die op het gebied van het schoone liggen. Beide begrippen dekken mekaar allerminst." En verder: " Onder inhoud verstaan wy immers de verschillende deelen, elementen en krachten, waaruit een object, 't zy dat van stoffelyken of geestelyken aard zy , is zamengesteld. Onder vorm de begrenzing , de openbaring, de verschyning daarvan. (Eth.-Aesth.)

(v) Kollewyn.

Hy benadruk ook die onderskeidbaarheid van vorm en inhoud met die woorde: " De inhoud is: wat er verteld wordt; de vorm: de manier waarop dat wordt gedaan. Naar myn meening zyn inhoud en vorm zóó innig verbonden, dat ik onmogelyk den een als mooi teenover den ander als leelyk kan plaatsen" .. (T.en L., derde j., p. 110-116)



Wanneer 'n skrywer 'n gedagte op 'n duidelike wyse in sy binneste geformuleer het, dan moet hy dit tog doen deur middel van woorde. Enige wysiging in daardie gedagte, moet 'n wysiging van woorde meebring. Daar is dus 'n baie nou verband tussen die gedagte (inhoud) en die woord (vorm). Taal en styl is dus ten nouste verbonde. Woorde en gedagtes word by 'n goeie styl amper identiese begrippe.

Die volgende gedagtes word deur ons geformuleer:

(a) Wanneer 'n kunswerk in die gees van die skrywer gebore word, word die inhoud en die vorm deureengewef.

(b) Hulle kan wel onderskei word \_\_\_ vorm en inhoud \_\_\_ maar nie geskei nie. Alle groot critici maak in hulle literêre kritiek van hierdie onderskeiding gebruik.

(c) Die verband tussen die inhoud (wese) en vorm (uiterlike verskyning) sal uit die tegniek van die skrywer blyk.

(d) Wanneer vorm nie by die inhoud pas nie, en omgekeerd, is dit duidelik dat die Persoonlikheid van die skrywer 'n duisterheid bly.

#### D. Styl, Stemming en Gevoel.

Woorde is verbonde aan begrippe. As iemand iets lees, dan word die woorde geassimileer met dieselfde begrippe in sy siel as wat daar by die skrywer was. Sowel by die skrywer as by die leser is daardie begrippe omhul deur sekere stemminge

Volgens de Vooy's word die begripsinhoud onafskeidelik deur 'n sfeer van stemminge soos van medelyde of verontwaardiging omgewe. ( N.Taalg., eerste j.) Die woordekeus van 'n skrywer wek sulke stemminge. Verskillende stemminge word gewek deur woorde soos: aaklig, vrek, suiplap. Intense gevoelsoopwellings by lesers kan deur die gebruik van eufemismes teëgegaan word.

Die vraag kan gestel word: "Wat is stemminge"?

Daarop gee van Melle 'n duidelike antwoord as hy skrywe: "Stemminge is die kleur van jou taal .... soos die hemel bokant die veld van jou onderwerp .... is die ding wat bekoor in al die kunste, maar boweal in die literatuur." ( Br., p.18, 5/4/40.)

Die funksie (of doel) van stemminge is om eenheid aan die styl te gee. Baie stylmiddels en 'n groot woordeskat word vereis om te skrywe wat by baie stemminge pas.

Gevoelens lê <sup>soos</sup> dieper as stemminge. Hulle is nie so maklik veranderbaar <sup>^</sup> as stemminge nie. Die gevoelens van 'n skrywer word kenbaar aan wat hy skrywe, aan wat hy in woorde openbaar. 'n Verandering van gevoel verander die styl

Van Melle sê dat 'n skrywer se gevoel veral herken word aan die onderwerpe waaroor hy skrywe. ( Huisg., p.35, 18/10/40)

Die styl van 'n skrywer en die keuse van sy onderwerpe sal lig werp op sy diepste gevoelens, asook op die stemminge waarin hy verkeer het toe hy besig was om te skrywe.

#### E. Stylfoute.

Foute wat in die styl van 'n skrywer ontdek word, moet toegeskryf word aan 'n foutiewe denkwys<sup>een</sup>e. Daarop moet ons hulle terugvoer.

'n Skrywer se styl weerspieël nie alleen die kennis ~~was~~ hy van 'n sekere onderwerp het nie, maar ook sy taalbeheer. Dit gebeur ook dat skrywers nog in die proses van wording van hulle gedagtes, in hulle verwarring en soeke na die regte vergestaltung, oor 'n saak skrywe. Die duisterheid en onvoltooidheid van die styl sal dit weergee.

#### F. Die doel van die skrywer.

Nie alleen die onderwerp nie, maar ook die doel bepaal die styl van die skrywer. Wanneer die skrywer informasie van wetenskaplike en wysgerige aard vir bv. onkundiges meedeel, sal hy die aard van sy skrywe moet aanpas

by die bevattingsvermoë van sy lesers, hulle geestelike ontwikkeling en ervaring. Wanneer dieselfde feite vir wetenskaplikes en wysgere meegedeel word, sal die inkleding daarvan hemelsbreed verskil van die vorige. Die styl sal in elke geval andersoortig wees.

Classen sê dit ook duidelik: "Really, the character of the audience determines the character of the style. Nobody in his senses would attempt to speak to, or write for children in the same language as he would write use to a learned society." (Style and Comp., p.26.)

As geskrywe word, word dit tog gerig tot sekere persone of groepe van persone om hulle meer informasie te gee, om hulle tot nadenke te prikkel, om hulle te verlig, om hulle te vermaak en aangenaam besig te hou.

"Writing, like talking," skrywe Brewster, "is nearly always directed to particular people .... to the end that they may be informed or enlightened, or persuaded .... of making more intelligible or more <sup>te</sup> persuasive what you are going to write or what you have written." (W.E., p.9.)

Op p.21 word ~~die~~<sup>ie</sup> selfde saak weer deur Brewster benadruk, omdat hy die belangrikheid van sy bewering al te goed besef.

As die styl van 'n skrywer beoordeel word, is dit vir die beoordelaar noodsaaklik om die volgende vas te stel:

- (a) Waaroor skrywe die persoon?
- (b) Vir wie skrywe hy?
- (c) Met watter doel?

Die vasstelling hiervan sal die taak van die beoordelaar vergemaklik.

Die skrywer behoort sy leserskring goed te ken. Raleigh gaan sover om te sê dat die skrywer met die publiek vooraf moet worstel "before he shall be permitted to ply them with uncomfortable or unfamiliar truths." (Ral., p.67.) Die skrywer moet gedurig onthou dat die leser van sy brief, sy beskrywing, sy vertelling, sy lesing nie wil meegedeel

word wat hy alreeds ken nie. Dit sou goed wees as die skrywer hom <sup>t</sup>elkens in die plek van die leser stel wanneer hy mededeling<sup>e</sup> doen.

Die skrywer se eerste doel is natuurlik die uiting van sy persoonlikheid; tweedens <sup>o</sup>moet hy daardie uiting in 'n verstaanbare vorm vir sy lesers gee. Omdat die skrywer nog altyd 'n deel vorm van die gemeenskap vir wie hy skrywe, kan hy nie somar maklik die leserskring uit die oog verloor nie.

#### F. Die beperkings van die skrywer.

Daar is geen skrywer wat nie aan beperkings onderhewig is nie. Opvatting<sup>g</sup>s, wette, beginsels en sekere toestande beperk hom.

Dit is soms onmoontlik om openlik oor sekere kwessies te skrywe, aangesien sosiale beskouings, etiese opvattinge en morele idees van 'n volk of van 'n omgewing die skrywer aan bande lê.

Dit is nie so seer die reëls en bepalings van die skryfkuns en van die styl wat die skrywer beperk nie. 'n Skrywer kan bv. sy eie spelling volg, al is dit baie verskillend van die algemeen-geldende spellingswyse. Die voorwaarde bly natuurlik altyd dat hy verstaanbaar<sup>t</sup>moet skrywe.

'n Ander beperking is die menslikheid van die skrywer. Dit is vir 'n skrywer nie moontlik om die wysheid van die hele wêreld in pag te hê<sup>^</sup> nie. Dus word die skrywer gebind deur wat hom gegee is om mee te woeker: sy talente, sy aanleg, sy kennis, sy stof, sy lesers. Hoe beter hy sy beperkings ken, hoe beter sal hy hom van sy taak kwyt.

-----

HOOFSTUK 111(i) Taal en denke.

Die geskrewe taal is maar 'n uiters swak middel waardeur die skrywer sy gedagtes kan kenbaar maak. Tog is dit die beste middel. Om die klanke visueel te stel moes gebruikgemaak word van letters en letterverbandings: woorde wat sekere begrippe in die gees van die skrywer voorstel. Die voorstelling is nooit identies met die voorgestelde nie; slegs 'n afskaduwing daarvan, so getrou as wat maar binne die bestek van die hulpmiddel val.

Taal is die middel waardeur die een <sup>s</sup>menlike wese <sup>^</sup>hom aan 'n ander kan verstaanbaar maak. Dit is dua 'n sosiale omgangsmiddel, 'n brug tussen siele met begrippe. Die begrip bly altyd primêr en die woord of klank sekondêr.

Op die beperkings van taal gaan ons nie in nie. Ons doel is om die verband tussen taal en denke te benadruk.

Die taal van 'n skrywer moet by sy gedagtes aangepas wees: hoe edeler die gedagtes, hoe edeler die taal; hoe meer laagvloers die gedagtes, hoe swakker die taal. Die taal wat iemand gebruik, is in die meeste opsigte 'n spieël vansy sielelewe, sy gevoelens, sy ontwikkeling, sy smaak, sy opvoeding en sy lewenswyse.

Ons kan dus maklik aflêi dat daar een of ander voorafbepaalde verband tussen ons denke en ons taal moet wees. "What more natural conclusion," sê Raleigh, "would be drawn by the enthusiasm of the artist than that there is some kind of preordained harmony between words and things, whereby expression and thoughts tally exactly like halves of a puzzle? .... That there is one, and only one way of expressing one thing." (Ral., p.60)

Hoe nou die verband tussen taal en denke is, word ook bewys deur Foerster en Steadman wat dit so stel: "The words required for the expression of the thought or feeling are these words inherent in the thought or feeling itself."

"They were there in his mind the moment that he experienced the thought, and his task is merely to hold the thought firm before his mind's eye till the words spontaneously flash into being." ( S.&T., p.2.)

Dit is veral daer<sup>e u</sup> woorde dat gedagtes oordraagbaar is. Dit is deur die goeie <sup>f</sup> swak gekose woord dat styl dienoooreenkomstig gekenmerk word. Wanneer die gedagtes goed georden word en duidelikheid verkry, sal die taal op 'n soortgelyke wyse georden en duidelik wees.

Wanneer ons sê dat taal slegs 'n afspieëling is van die begrip, is ons uitgangspunt dat die begrip onbegrens is. Die begrip omvat veel meer as die woord. Namer ons in styl dus op 'n getroue weergawe van die gedagtes, dan druk ons dit eintlik verkeerd uit. Liewers moet gesê word: ons woordekeus moet die beste vertolking van die begrip wees. Daar mag geen moontlikheid bestaan dat 'n ander woordekeus 'n beter vertolking kan gee nie. By 'n letterlike weergawe kom dit nooit.

Verder moet ons in ag neem dat dieselfde woord in verband met baie sake gebruik word. In elke woord skuil 'n latente krag wat baie assosiasies oproep. As dit nie die geval was nie, sou enige taal arm en sy uitdrukkingsvermoë en moontlikhede bedroef wees in vergelyking met die kompleksiteit van begrippe, van gedagtes.

'n Ander eienskap van woorde is dat hulle gedurig van betekenis verander:" They assume the manners of the company they keep, and adopt themselves to their environment." ( Style & Comp., p.21)

Die beste toets vir 'n skrywer se styl is sy woordgebruik. Duidelikheid, eenvoud, paragraafbou, beklemtoning en die regte woordgebruik kan onderwys word. Woorde kan beskou word as lewende dinge, d.w.s. hulle moet verband hou met mekaar, soos die ledemate van die liggaam. Woord<sup>rd</sup> 'n

woord afgeskei, geïsoleer van die res van die woorde waarmee dit in verband staan, word dit 'n dooie iets, wat soms wel 'n begripsbenaming is, soms nie. As die werklike waarde van woorde besef word, hulle lewensverband, sal die geheim van styl opgelos wees. Dit moet gevoel word, want die denke en die persoonlikheid van die skrywer lê daaraan ten grondslag. Daarom kan 'n sin beskou word as 'n weerspieëling van 'n sielsproses, wat eenheid bring in die weerspieëling.

"The great stylists", skrywe Classen, "are those who have learnt the secret of the inner meanings of words-- of those meanings which fluctuate according to the company they keep." (Style & Comp., p.153.) Die woorde wat gebruik word is die lewensbeskrywing van die diepere lewe van die mens.

Die vraag kan gestel word: Waardeur word die woordekeus bepaal? My antwoord daarop is: deur die omstandigheid waar dit gebruik word en deur hulle gepastheid in daardie omstandighede.

'n Goeie skrywer kies mooi woorde en hy moet sy geesteskinders liefhê, daarop trots wees en nie toelaat dat hulle op 'n slordige wyse voor die dag kom nie. (M.T., p.168) Alle taal is mooi wat die juiste ekspressie is van die innige roersele van die gees: "Om mooi te wezen moet de taal vervolgens van die inspiratie de juiste vertolking zyn." (M.T., p.5.)

Aangesien ritme in die bloed van die mens sit, moet die taal van 'n skrywer deur die wisselende beweging gekenmerk word. Alleen die taalritme wat gebore word uit die gevoel van die goeie skrywer doen esteties aan.

"Die skoonheidsritme", se Padberg, "dankt z'n vorm aan de emotie, die den kunstenaar-by-Gods-genade aangrypt by het zien van iets moois." (M.T., p.20).

Woordkuns sluit in skoonheidsemoëie,. Daarom sal

ritme altyd 'n wesenskenmerk van woordkuns bly. Kramer skrywe: " Het zware accent verhoogt de toon, rekt de duur van de klank, verbreedt, verlangzaant, verzwaart de beweging; het lichte accent versnelt, de beweging, verlicht de gang." (Kr.St., p.32.)

Die groot probleem by taal en denke is soos Brewster dit stel: " Does it say what I wish to say in terms that will be understood? Beyond that there arises the important question of taste, or interest, or smoothness ---- the question: " Could the expression be made more interesting or agreeable without detriment to the idea?" ( W.E., p.226.)

Wanneer die skrywer nie die regte eenheid tussen taal en denke bewerkstellig nie, dan sal dit hom gedurig hinder. Hy sal nie kan rus voordat hy die eenheid bevestig het nie.

Soos reeds gesê, uit die Self van 'n persoon hom in taal. Watter taal vir die uiting van die persoonlikheid die beste is, is fyn nagegaan deur Labuschagne in sy studie: Taal en Kultuur. Daarin skrywe hy: "

" Taal, nou, is 'n skepping van die Self -- dis die vorm waarin die Self sig 'n blywende, waarneembare gestalte ~~of~~ wese verleen het, 'n gestalte buitekant die Self, waarin die Self rus en vrede kry en geluk -- sy skepping --....Sy taal is dus die beste, die rykste, die mees volkome, die mees plastiese materiaal, daarby die intiemste waarin die Self van die individu .... sig kan verwesenlik ... Geen ander taal so, soos die eie moedertaal nie. Wat geestelik-goddelik in die Self is, kry vaste, geestelik-goddelike gestalte in die taal!" ( T.&K., p. ~~1~~, Okt.1929.). Volgens hom kry ons in die taal die volle ryke gevoelens van die Self.

" Daarin pouse sy teerste liefde en vurigste bewondering, daarin golf en bruis sy opperste passie; daarin vlam sy hewigste minagting en donder sy felste gramskap, daarin jubel sy heerlikste geluk, daarin tril sy heiligste aanbidding.



ding, daarin kreun sy oorweldigendste smart." ( Idem. )

Die fout wat baie kleiner geeste gemaak het, was om die taal net te beskou as die uiterlike kleet, wat dan mooi gevind is.

Ten laaste raak ons aan : Taal en Maatskappy.

Op die groot invloed van die maatskappy op die lotgevalle van die taal, het Hesseling gewys. Dit sien ons in die wyse waarop woorde ontleen en geleer word. Daarvoor kan daar drie oorsake wees: eertens kan die grammatikale vorm wysiging meebring; tweedens kan die begrip gewysig word, waardeur 'n wysiging van die woord, en derdens ondergaan woorde betekenisverandering deurdat hulle van een sosiale groep oorgaan na 'n ander, waar dit 'n ander betekenis kry. Kinders beskou woorde in 'n ander lig as hulle ouers. Daarby kan dieselfde woord verskillende assosiasies oproep by verskillende persone van verskillende groepe. ( N.Taalg., p. 220, I J.)

(ii) Die skryfkuns.

Die skryfkuns is veral vandag een van die universele handeling. Die skryfkuns is 'n gelukkige vonds vir die mens. Daardeur het dit moontlik geword om gedagtes ver en naby mee te deel, sonder die onmiddellike teenwoordigheid van die skrywer. Dit oorbrug afstand en tyd. Wanneer die skrywer al vergeet is, lewe sy gedagtes op papier nog voort. Daarom is die idee of gedagte in 'n sekere sin onsterflik gemaak deur die skryfkuns.

Onder hierdie hoof let ons op die volgende:

(a) Bou van die verhaal.

By die behandeling van 'n onderwerp is dit nodig om 'n goeie inleiding te hê. Wat daarop volg eis vernuf en vindrykheid. Die verhaal moet trapsgewyse opgebou word, soos wat 'n plant uit sy saad ontkiem en geleidelik groter groei. Die uitbouing vind plaas horisontaal en vertikaal, verwyding en verdieping. Geleidelik loop die verhaal op tot (n klimaks, waarna op die afloop of op die gevolg van die kli-

maks gelet word, tot die uiteindelijke versoenende houding tussen die botsende voorvalle.

Aan die bou van 'n verhaal is tegniek verbonde. Met die oog op 'n goeie styl is dit dus nodig dat 'n skrywer goeie werke sal bestudeer. Veral sal hy aandag aan die tegnieke sy van die saak wy. Hoe beter die tegniek van die skrywer hoe gelukkiger die resultate.

(b) Paragraawe.

In verband met die skryfkuns mag die paragraawe nie die aandag ontglip nie. Daar is die volgende waarvan reken-skap moet gegee word: hulle lengte, hulle opeenvolging, hulle voortbrenging en hulle eenheid.

Elke geskrewe stuk is verdeel in paragraawe. Dit is geen toevalligheid nie, maar 'n wesenskenmerk van die bou van alle geskrifte.

Paragraafstudie is die studie van bou en rangskikking. In verband met die verdeling van 'n onderwerp in paragraawe moet toegesien word dat die verdeling die eenheids-konsepsie nie verbreek nie. Die een paragraaf moet logies op die ander volg en feitlik 'n voortvloei-sel van die vorige een wees. Elke paragraaf vorm weer 'n eenheid op homself en tog 'n onderdeel van die geheel.

Die verskil tussen 'n paragraaf en 'n sin is dit: 'n sin is 'n hele gedagte in woorde uitgedruk. 'n Paragraaf bevat 'n hele paar sulke sinne oor een bepaalde aspek van die onderwerp, in aansluiting by die vorige paragraaf. Elke onderwerp het verskillende aspekte. Dit is nodig om elkeen daarvan afsonderlik te behandel. Dit vergemaklik die lees van die stuk.

Elke nuwe paragraaf moet 'n verdere uitbouing of ontwikkeling aandui, al na gelang van die onderwerp wat behandel word.

(c) Interpunksie.

Interpunksie is 'n baie vername stylmiddel. Daaroor het Prof. T.H. le Roux 'n baie belangrike artikel geskrywe in "Afrikaanse Taalstudies", bl. 5 - 21. Dit is 'n studie wat die moeite werd is om deeglik bestudeer te word. Later, wanneer gehandel word oor die interpunksie van von Wielligh, p. 88, word telkens na hierdie studie verwys.

By die mondelinge mededeling van gedagtes maak die spreker van stembuiging, toonhoogte, ruspouses gebruik. Daardeur word die regte assosiasies by die hoorder opgewek. Maar die lewende stem ontbreek by die geskrewe taal. Wie egter fyn navoel, ontdek ook ritme, toonhoogte, pouses in die geskrewe taal. Maar as die leser nie fynnavoelend te werk gaan nie, sal hy moeilikhede ondervind om 'n stuk te lees waarin geen interpunksie voorkom nie. Deur leestekens vul ons op papier aan wat die lewende stem doen.

Ons verwag nou van die skrywer dat hy nie volgens onveranderlike reëls leestekens invoeg nie, maar oordeelkundig met hulle te werk gaan.

(d) Sinsbou.

'n Sin druk 'n gedagte uit. Nou mag 'n sin uit een woord of meer as een woord bestaan; as dit uit een woord bestaan, dan moet die omstandighede waarin dit gebesig word, vir die leser bekend wees, anders word dit betekenisloos.

Die eerste eis wat aan 'n sin moet gestel word, is: dit moet 'n gedagte weergee. Die Grammatikus stel dit so: die sin moet eenheid gee.

'n Tweede eis is regte beklemtoning: die bou van die sin moet aantoon watter deel daarvan die belangrikste is en watter dele na die agtergrond kan wyk. Soms mag die belangrikste deel van die sin eerste staan: Môre gaan ons dorp-toe. Dit mag ook iewers in die middel voorkom: Ons sal môre dorp-toe gaan; uiteindelik kan dit ook die

laaste deel van die sin wees: Ons gaan dorp-toe môre.

In elke geval is die woordorde anders as gevolg van die posisie van die <sup>/</sup> of deel van die sin wat die belangrikste is. Elke skrywer sal moet oordeel hoe hy sy sinne moet bou om die mees belangrike deel op die voorgrond te laat tree.

'n Derde eis is dat sinne gebalanseerd moet wees.

'n Vierde eis is dat daar 'n verskeidenheid van sinne moet wees. Daartoe help kort sinne, lang sinne, eenvoudige en samegestelde sinne, vraag- en uitroepsinne, selfs ook gewettigde afwykings van die normale woordorde.

Die vyfde eis is dat die sin grammatikaal korrek moet wees. Enige sin lees hinderlik wanneer opsetlik verkeerd gespeld word, verkeerde interpunksie plaasvind, onnodige of oortollige woorde en uitdrukkinge gebesig word.

'n Sesde eis gee Padberg ons, nl. dat die sin moet mooi wees:

" Mooie sinne willen genieten sonder een fyn gevoel voor ritme, is hetzelfde als geen gehoor hebben en toch naar een concert gaan luisteren." (M.T., p.19.)

Byna altyd word die vraag gestel: "Hoe lank moet sinne wees?" Dit is moeilik om daarop 'n antwoord te gee. Te lang sinne ~~bring~~<sup>bring</sup> verwarring en gee te veel, oorlaai die leser, sodat hy moeg word. Baie kort sinne lees hoortend en stotend. Die lengte van sinne hang van baie faktore af. Elke skrywer konstrueer sinne wat by sy onderwerp pas en by sy stemminge. Geen vaste reël kan gegee word nie.

#### (e) Figuurlike Taalgebruik.

Die stylfigure of figuurlike taalgebruik is g'n uiterlike versiering of 'n poging tot mooidoenery nie. Hulle vorm 'n eenheid met die gedagte en die uitdrukking daarvan; hulle sit vas gewef in die taalskepping.

Een van die plastiese middels van 'n goeie skrywer is beeldspraak. Aan wat onsigbaar in die psigiese diepte

gebore word, moet gestalte verleen word. Dit kan gedoen word deur <sup>f</sup>gris, oorspronklike, self-gesiene beelde. Plastiek wil dus dat 'n leser 'n voorstelling van iets as 'n werklikheid voor hom sien, m.a.w. die beeld moet die saak aanskouelik maak.

Jaar

In sy "Veertien/Literatuurgeschiedenis" skrywe Kloos dat beeldspraak as iets "accidenteels en oomblikliks" moet beskou word, nie as iets stereotieps en essensieels nie.

Waarin bestaan die skoonheid van 'n beeld nou?

Schoonees en van Bruggen antwoord: "daarin dat dit die verborge eenheidsessensie van twee verskillende of selfs skynbaar ~~teenstrydige~~ begrippe, dinge of wesens aantoon. In sy sterk emosie sien die digter 'n ooreenkoms of verwantskap wat spontaan uit sy onbewuste opwel en wat hy in die taal deur beeldspraak of figuurlike uirdrukking vas lê." (Inl. Lett., p. 53.)

Padberg sê van stylfigure dat hulle die taal is "der natuur, de taal van het bewogen gemoed." Dit ~~werle~~ <sup>werle</sup> ~~nog~~ verder die bewering deur sommige gemaak dat dit slegs 'n uiterlike versiering is.

Aangesien daar baie handleidings in verband met die groot aantal verskeie stylfigure bestaan, word hulle nie een vir een behandel nie. Dit is genoeg om te sê dat 'n skrywer daardie stylfigure moet ken. As sy doel 'n bewuste aanwending van daardie stylfigure is, is dit glad nie moeilik om dit aan te voel nie. Dit dra net daartoe by om die <sup>on-</sup>oorspronklikheid van die skrywer aan te toon.

(f) Die woordeskat van 'n skrywer.

Ons wil nie met hierdie opskrif die indruk wek dat 'n skrywer juis 'n sekere hoeveelheid woorde moet ken nie. Die hoofsaak moet wees die regte keuse uit die woorde wat hy ken. Die waarde <sup>a</sup> van elke woord by die gedagte-uiting moet hy ken. Uit die regte woordekeus sal die woordeskat <sup>a</sup> van die skrywer geken word.

-----

TWEEDE DEEL.HOOFSTUK IV: DIE STYL VAN G.R.VON WIELLIGH.

G.R.von Wielligh, as laaste stem uit die Genootskap van Regte Afrikaners, het baie verhale en studies geskrywe, ten spyte van die tragiese omstandighede waarin hy verkeer het: hy was byna blind. Die meeste van sy werke is gepubliseer geword. Daarby kan gevoeg word talryke tydskrif-artikels.

Sy werke het hy onder rustige omstandighede in 'n stil atmosfeer geskrywe. Dit het gebeur op die plaas, Kaffestadt, in die Middelburgse distrik. Daar het hy baie jare by sy broer, Marthinus von Wielligh, ingewoon. Laasgenoemde en veral sy vrou, Tante Bettie, het hom met die grootste liefde en simpatie versorg, ---iets wat hy baie nodig gehad het gedurende die jare wat vir hom in sy persoonlike lewe smartlik was.

Die werke van Von Wielligh waarvolgens sy styl en taal beoordeel word, word onder (b) genoem. Ongelukkig is dit nie moontlik om sy styl ook vanuit sy korrespondensie te benader nie.

(a) Sy styl as openbaring van homself.

Die eerste vraag wat by ons ontstaan het gedurende die bestudering van G.R.von Wielligh se gepubliseerde werke is: In hoër verre gee sy styl 'n openbaring van sy Self?

Die styl van 'n skrywer is veral 'n openbaring van die Self van die skrywer. Nou behoort die styl van G.R. von Wielligh ons 'n idee te gee van hom as mens, met al sy gedagtes, heerlike gevoelens, beskouings, lewenswyse, ambisies, ervaring -- per slot van sake: van alles wat op die mens von Wielligh betrekking het.

Eerstens openbaar sy styl eenvoud. Dit vind ons op elke bladsy. Die eenvoud van styl is in ooreenstemming met

von Wielligh se lewenswyse. Sy styl dra nie die <sup>s</sup>epore van gewron<sup>g</sup>tenheid en duisterheid nie. Alles wat hy meegedeel het, is goed verstaanbaar, selfs vir die kind wat net goed kan lees.

'n Opgewekte toon straal deur sy geskifte. Af en toe is dit vermeng met matheid, miskien as gevolg van lang<sup>g</sup> ure van onverpoosde arbeid. Nieteenstaande hy in sy private huislike lewe seer seker nie 'n roseweg bewandel het nie, vind ons nêrens 'n toon van swaarmoedigheid nie. Hy probeer gedurig om die belangstelling van sy lesers te prikkel <sup>deur</sup> nuutheid, afwisseling en nuwe verrassende wendinge. Soms straal daar humor deur. In die meeste gevalle is sy styl geestig<sup>g</sup> soos uit sy baie stories ~~te~~ blyk.

Von Wielligh se styl tref ons <sup>s</sup>weend die warmte waarmee hy skrywe oor Volk en Taal, oor Afrikaanse tradisies. Hy is die groot vaderlander, wat tot sy dood toe gestry het vir die regte van die Afrikaanse taal. Hy was 'n stryder daarvoor in die ware sin van die woord. Hy kon soms nie <sup>nie</sup> help/om mokerhoue te rig teen die Afrikaner wat sy eie taal minag. ~~Die~~ veragting vir so 'n persoon is duidelik kenbaar in sy styl.

As vaderlander en patriot pleit hy vir die behoud van die Afrikaner se godsdiens. Daarin openbaar von Wielligh hom 'n kind van God. Graag sien hy ook dat sy denkbeeldige figure in hulle <sup>g</sup>oms werwinge, soos bv. Ghwennie, bewaar moet word deur Gods beskerming. Wanneer Ghwennie in haar gevare bid, word die godsdienstige karakter daarvan nie oordryf nie. Nee, dit word 'n beleving van die skrywer en 'n uitvleisiel van sy Godverankertheid. Gods<sup>g</sup>diens was by hom 'n daadsaak.

Uit die voorgenoemde kan verklaar word waarom sy styl hom as 'n groot didaktikus kenbaar maak. Dit is hy by uitnemendheid. Hy wil sy volk leer. Wanneer daar afdwalinge van die voorvaderlike weg is, wys hy die regte pad aan.

Von Wielligh wil sy volk onderrig. In sy onderrig <sup>wend</sup> hy <sup>hom</sup> dan veral tot die minderbevoorregtes; hulle neem hy by

die hand om hulle te lei langs die weg van geestelike ontwikkeling en bevrediging. Deur sy geskifte verskaf hy vermaaklikhede en teerkos wat vir hulle intellektuele lewe so nodig is.

Op die gebied van die letterkunde het von Wielligh vyande gehad, wat hom soms fel gekritiseer het, weens die feit dat sy werk geen kuns is nie. Nou is dit eienaardig dat sy styl nêrens bytende sarkasme van sy kant af teenoor hulle toon nie. Hy het homself ten opsigte daarvan wonderlik betoel. Op 'n kalme besadigde wyse het hy die aanvalle van die voortvarendes afgeslaan. Die rustigheid waarmee hy alle onjuiste bewerings en vyandige uitsprake weerlê het, vind ons in "Baanbrekerswerk". Daarin betoon von Wielligh hom as 'n goeie weerlegger. Hy wreek hom nie op hulle nie. Hy is gematig wanneer hy met hulle te doen het. Daarby kom nog dat sy styl 'n openbaring is van die diep oortuiging in sy siel waarmee hy aantygings weerlê.

Vir die jongspan bly hy die aangehame verteller van ~~die~~ <sup>die</sup> Boesmanstories. Vir die jeug bly von Wielligh jonk. Deur die onmiddellikheid van sy styl staan hy tussen sy lesertjies om op sprankelende wyse, vol lewendigheid en werklikheidsbesef, die een verhaal na die <sup>a</sup>nder op te dis. Hy gee kos vir die fantasie en bevredig die leser se weetgierigheid.

Verder openbaar sy styl hom nog as die awonturier. Om die onbekende te ervaar het by von Wielligh 'n passie geword. Hy het sy eie land kruis - en - dwars deurreis. Hierdie awontuurlus wat so goed aansluit by die van die jeug, word gevind in "Ghweanie Barnveld", "Nimrod Seeling" en "Langs die Lebombo". Voeg hierby nog sy goeie waarnemingsvermoë op al sy reise Feite waargeneem in verband met die lewenswyse van Boesmans, Korannas, Hotnots, diere; geaardheid van streke; taal en gewestelike spraak, is ryklik opgeteken in sy werke.



Ons maak kennis met von Wielligh , die student. Die onderwerp van sy studie was veral die taal, geaardheid, lewenswyse van die inboorlinge van sy land. Ten opsigte van sy eie taal, het hy met opp ore en oë deur die streke gegaan waarheen sy arbeid as landmeter hom gedwing het. Sy Ons Geselstaal" is 'n monumentale werk vir 'n taalkundig byna ongeskoolde man soos von Wielligh was. Elke student wat die gebied van die Afrikaanse Taal betree, sal in hierdie werk interessante en belangrike feite vind.

Von Wielligh se passies is nie hewig en fel nie. Sy styl openbaar dit op geen plek nie. Wat sy diepste gevoelens was, is moeilik om vas te stel. Hy staan voor ons as 'n persoon wat ons volle liefde het, want hy is soos een van ons.

Von Wielligh is geen psigoloog nie. Nêrens peil hy benede die oppervlakte nie; nêrens is psigologiese handelwyse van sy persone op die voorgrond gebring nie. Von Wielligh hou sy oog gerig op die uiterlike, sonder om na te spoor wat die diepere motiewe van die mens se handelwyse is. Dit sien ons bv, duidelik by al sy persone in "Staan jou Man" en in "Ghwennie Barnveld". Waarom von Wielligh nie sielkundig ontleed het nie, sal duidelik word by die behandeling van die doel wat hy voor oë gehad het, bl. 33.

Von Wielligh het sy land lief, met al sy diere, bome, plante en blomme en berge. In die natuur in sy ongeskonde wildheid het hy hom uitgelewe. Daar het hy tuis gevoel. Dit vind ons veral in "Langs die Lebombo", "Ghwennie Barnveld", "Staan jou Man" en "Dierestories".

Vir die nageslag wou hy lieflike dinge bewaar in die vorm van Hottentot- en Boesmanstories wat moontlik verlore kon gaan. Vir hierdie liefde teenoor die nageslag bring ons hom die nodige hulde.

Von Wielligh kon waardeer wat die moeite werd was om te waardeer. Hier geld dit veral die pionierswerk van die

eerste skrywers op die gebied van die Afrikaanse letterkunde. Verdienstelik is sy pogings om hulle werke in 'n helder lig vir alle volksgenote te stel. Die gloed van sy oortuiging dat hulle taak 'n onbaatsugtige volksaak was, kenmerk sy styl ook hier.

Eerlikheid straal deur die styl van von Wielligh. Nooit het hy gekroom om die taal- en stylfoute, selfs tegniese tekortkominge van homself ---- dit vind u deur ons behandel in hoofstuk 546. ---- en van die ou Genootskappers te erken nie. Hy het nie met 'n geleerdheidsbetoon voor die dag gekom nie. Hy het nie na eer gehunker nie. Wat hom gepynig het was ondankbaarheid van jonger geleerdes: letterkundige critici.

Die taal op die volksakker het von Wielligh goed gekeken. Sy styl tref ons deur die eenvoud van die volkstaal. Nooit het hy daardie verband met die volk verloor nie. Hy het hulle belangstelling gaande gemaak vir sake deur die aan-hulle-bekende taal, te gebruik.

Vir die wetenskaplike het von Wielligh ook 'n erfenis nagelaat. Sy styl in "Ons Geselstaal" toon deftigheid, presiesheid en saaklikheid. Hier is von Wielligh nie so vry soos in sy ander werke nie. Hy is gebonde aan sekere feite.

Hoewel nie gesê kan word dat von Wielligh 'n volkskrywer is nie, in die sin soos wat dit van Langenhoven gesê word, het hy tog uitstekend daarin geslaag om vir sekere dele van die ~~te~~ <sup>volk</sup> te skrywe.

-----  
(b) Sy Doel.

G.R.von Wielligh noem een van sy werke: Eerste Skrywers of Laaste Stem en Naklank van die Genootskap van Regte Afrikaners". Die tweede gedeelte daarvan dui aan dat feitlik al sy werke op een lyn met die eerste skrywers s'n gestel moet word. Die doel van die eerste skrywers, soos Ds. S.J.du Toit, D.F.du Toit D.P.sn.(Oom Lokomotief),

D.F. du Toit, D.F. sn. (Dokter), Gideon J. Malherbe en andere, was ook sy doel.

Hulle doel vind ons duidelik gestel op p.52 van "Eerste Skrywers", nl.: "Om te staan vir ons Taal, Ons Nasie en ons Land." Die doel van die Genootskap van Regte Afrikaners was godsdienstig, kultureel en politiek. Von Wielligh het hom met al daardie doeleindes vereenselwig. Dit sê hy self in "Baanbrekerswerk", p. 45: "Vir my is daar geen apologetiek nodig nie. Maar al ~~my~~ <sup>von Wielligh</sup> as die laaste stem logie nodig nie. Maar al von Wielligh ~~as~~ <sup>was</sup> die laaste stem uit die Genootskap van Regte Afrikaners) se lesers sal eenparig verklaar, dat hy die beginsels deur die Genootskap neergelê, deurgaans in al sy geskifte getrou bly handhaaf het--- naamlik om die spreektaal te respekteer en om die idioom suiwer vir die nageslag te bewaar ..... Hierin moet die verdienste van al sy voortbrengsels beoordeel word."

Von Wielligh het die program van beginsels voortgesit, dit verder uitgewerk en probeer afrond. Toe dit vir hom duidelik geword het dat jonger letterkundiges en critici, o.a. P.C. Schoonee<sup>s</sup>, van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging die "Doel, Strewe en Mikpunt" van die Genootskap verkleineer, bespot en beskimp het, het hy hom voorgeneem om alle misverstand in verband daarmee uit die weg te ruim. As ons "Eerste Skrywers" en "Baanbrekerswerk" lees, word ons daarvan oortuig.

Wat die doel: om te staan vir ons Taal, betref, wys ons daarop dat die taal wat deur die ou Genootskappers en deur G.R. von Wielligh (deur laasgenoemde selfs ook gedurende die Tweede Afrikaanse Taalbeweging) gebruik is, die vorm aangeneem het van: "Ons <sup>Skryf</sup> ~~skryf~~ soos ons Praat".

Die taal van von Wielligh se werke sal gevolglik nie gekunsteld wees nie, maar aansluiting vind by wat deur die volk elke dag gebruik word in hul daelikse omgang. Dit is die taal van die plattelandse bewoner, die taal wat hy gebruik as 'n onmiddellike uitingsmiddel. Daarom dat al von

Wielligh se werke vir sy lesers verteerbare voedsel was. Dit is ook die rede waarom hulle belangstelling vir wat hy geskrywe het, nie verflou het nie. Von Wielligh het ook die kuns verstaan om belangstelling op te wek.

Von Wielligh bedien hom meestal van die alledaagse spreektaal. Dit gebeur selde dat hy van iets meer verhewe gebruik maak.

Dr. Schoonees sê daarvan: " Sy eie styl is deurgaans 'n weergawe van die geselstaal van die platteland en daarom juis bevatlik vir die ongeletterde leser." (Inl.Lett. p. 85.)

Van geen belang ontgloot nie is persoonlike mededellings van G.R.von Wielligh se broer, M. von Wielligh en sy vrou aan my, nl. dat von Wielligh 'n harde werker was. Hy het onophoudelik geskrywe van smorens baie vroeg tot saans laat. Hy het skaars van die geleentheid gebruik gemaak om sy maaltye behoorlik te geniet. Hy is aangedrywe deur die dra drang om 'n leserskring op te bou. En daarvoor moes geen tyd verlore gaan nie.

Onder sulke omstandighede is nie gewag vir inspirasie nie. Ons kan nie praat <sup>van</sup> geïnspireerde uitinge by von Wielligh nie. Sy doel was eenvoudig om soveel as moontlik met die verbinding met sy lesers te bewaar deur padlangs met hulle te gesels oor allerhande sake in verband met volkskunde, plantkunde en dierkunde. Op hierdie drie gebiede het hy 'n massa feite opgeteken en die meeste daarvan aan sy lesers bekendgemaak.

Vir wie het hy geskrywe? Die doel was " om die verwaarloosde deel van die bevolking te bereik". (Baanbr., p.60.) Die leeslus moes by hulle opgewek word, want hulle was mindebevoorreg: hulle het skaars standerd ses bereik. Gevolglik het hulle 'n beperkte hoeveelheid leesstof. Weinig skrywers het hulle oor hierdie soort lesers bekommer. Hierdie feit het von Wielligh bekommer laat voel, omdat hulle intellektueel

verwaarloos was.

Von Wielligh het nog vir 'n ander groep lesers geskrywe: kinders onder twaalf jaar. Daarvoor het hy 'n rede gehad: " Deurdat die stryd al die aandag van die Genootskap geëis het, en die middele om die stryd te voer baie baie skraal was, het die lede hul aandag aan jong kinders ( sê van twaalf jaar en daar onder) nie na behoefte kon bestee nie. Dog die jong geslag bo daardie ouderdom, wat reeds goed kon lees, het voldoende en bevredigende vermaak in "Ons Klyntji" gevind." (Baanbr., p.61.)

Von Wielligh moes sy leesstof by sy lesers aanpas. Dit is hom deur jonger critici ten kwade gedui weens redes wat goed verdedigbaar was. Von Wielligh was erg gegrief oor die feit dat hulle sy werke uit 'n estetiese oogpunt gaan beoordeel het. Die critici moes verwag om teleurgestel te voel. Von Wielligh se groot verdienste lê daarin dat hy werk van groot kultuur-historiese waarde gelewer het. Hy het uitstekend daarin geslaag om leesstof vir die onderste kultuurlae van die volk te verskaf. Dat hulle sy werke graag gelees het, daarvan getuig die herdrukke van sy werke, soos ons later in 'n studie van 'n groter omvang oor von Wielligh sal aantoon. Von Wielligh het sy volk geken en gewet hoe om tot hulle harte te spreek, nie uit die hoogte nie, maar te midde van hulle, in 'n maklik-verstaanbare taal, gekruie met volksuitdrukkings en -wysheid.

Von Wielligh se doel was om sy volk op te voed deur, net soos die Genootskappers, by die A.B.C. te begin en hulle geleidelik op te voer.

Verder het hy as doel gehad om taalondersoekend te werk te gaan. Op hierdie gebied het hy baanbrekerswerk gedoen. Hy het die geselstaal van die volk fyn beluister en wat hy as waardevol beskou het, vir die nageslag opgeteken. Niks sou hom meer verbly het as hy ywerige meer geskoolde jonger taalstudente kon vind om op die ingeslane weg voort te

bou nie. In von Wielligh se "Ons Geselstaal" word bewys gelewer dat hy 'n taamlike insig openbaar wat betref die oorsprong van baie woorde en uitdrukkings.

"Ons Geselstaal" het von Wielligh se styl aan presiesheid en deftigheid laat wen. Hier het hy die oog gehou op meerbevoorregtes.

(c) Sy Stylmetode.

(i) Beskrywing van uiterlikhede.

Von Wielligh is geen karakteruitbeelder nie; hy wend ook nooit die dramatiese vorm daarvoor aan nie.

Von Wielligh beweeg op die oppervlakte. Dit is slegs die uiterlike omstandighede van persone en hulle omgewing wat beskrywe word. Nêrens vind ons indringingsvermoë by die skrywer nie. Hy het net<sup>1</sup>og vir die werklikheid soos hy dit sien.

Die persone uit 'n vervloë tydperk leer ons slegs ken aan hulle lengte, hulle oë, hare en kleredrag. Hulle tree nie voor ons op as lewende persoonlikhede nie. Hulle getoelens, hul drifte, hul temperament bly onbekend.

Groot Fant word as vol<sup>g</sup> beskrywe:

"Gert Markeland was 'n reus van iets oor die sewe voet lengte, daarby was hy eweredig gebou, met 'n gemiddelde gewig van 325 pond, was so regop soos 'n kers en so sterk as 'n os. En ons moet daarbyvoeg: so sagsinnig as 'n lam".

(S.j.M., p.4.). "Sy ligte haarlokke, wat sy nek bereik het, en sy volle blonde baard was in volkome harmonie met sy rooiaagtige gelaatskleur en donkergrou oë. Nie die minste lompheid was aan sy stap te bemerk nie; want sy tred was ferm en sy vasvat so sterk as 'n slagyster." (S.j.M., p.7)

Wat die uiterlike betref, is hierdie beskrywing van Groot Fant goed. Ons sal hom nie maklik vergeet nie. Hy is 'n kolos met uitstaande kenmerke. Verdré<sup>e</sup> leer ons hom glad nie ken deur middel van sy handel en wandel nie.

Die ander persone in "Staan jou Man" word ook

net rakelings beskrywe. Hulle is met gewoon-menslike deugde oorlaai soos bv. moederlikheid, hulpvaardigheid, goedheid. Verder as dit bring die skrywer dit nie.

Geen handeling van enige persoon is sielkundig ontleed nie. Dit soek ons tevergeefs by von Wielligh, want hy het geskrywe vir persone wat so iets moontlik nie kin begryp nie. Dit onthef von Wielligh egter nog nie van sy plig dat hy ten alle tye sy lesers moes opgehef hê nie. Hy was van oordeel dat sy lesers nie so seer soek na die waarom van handeling nie, as na die wat daarvan.

"Staan jou Man" is daar nog 'n figuur wat ons van buite leer ken: Tante Annie.

"Tant Annie, sy vrou, was net so werksaam; en het daardie oggend lus gekry om in haar tuin te gaan werk. Sy was 'n vrou van taamlike lengte; maar aan die sy van haar man het sy soos 'n dogtertjie gelyk. Haar pikswart hare, ligte gelaatskleur en blou oë het haar 'n mooi teestelling met haar man laat vorm. Sy was sterk gebou met 'n enigszins gesette liggaamsbou, sonder egter 'n potjierol te wees."

(S.j.M., p.13.)

In "Jakob Platjie" kry ons dieselfde uiterlikhede. Iedries, Sina, Ou Spaas, Hendrik en Platjie word in hulle bedrywighede voorgestel sonder dat hulle sal bly voortlewe. Hulle is eenvoudig net spreekbuis om eienaardighede van taalgebruik, gewoontes van die Hottentotte weer te gee. Hulleself bly op die agtergrond. Sina huil en voel verdrietig as Platjie alleen sy weg huis-toe moet vind. Platjie huil ook. Maar hulle huil soos baie ander persone oor enigiets sou huil. Ou Spaas vertel van die aange name tronklewe. Dan vergelyk sy haar lewe met die van koningin "Viktorie":

" Ek kom liewers hier in die tronk sit as om my te laat kasty. Hier kry ek alles verniet. Ek is net so ryk as koningin Viktorie; want sy het genoeg en ek het genoeg.

"Sy kry haar kos verniet, ek ook; sy word deur wagte opgepas, ek ook, en wat die deksels wil ek meer he?" ( J.P., p.40.

Word die letterkundige vermoë van von Wielligh in aanmerking geneem, kan dit hom nie ten kwade gedui word nie dat hy aan die uiterlike vasklewe. Hy is 'n oorgangsfiguur: met die een voet staan hy in die Eerste Afrikaanse Taalbeweging en met die ander voet in die Tweede. Sy werke is meer kenmerkend van die eerste periode as van die tweede. Dit is hom nie gegewe om die mens in die Afrikaanse letterkunde te bring nie. Daarvoor was hy nie opgewasse nie, en buitendien was die Afrikaanse Letterkunde nog te jonk om daarin insig en diepte te soek. Dit is eers veel later dat skrywers soos J.Lub, D.F.Malherbe, J.van Bruggen, Leon Mare en andere daarin geslaag het om die mens op die toneel te bring. Voor hulle is persone net na die uiterlike geteken.

Dit was nie die mens self in wie von Wielligh belang gestel het nie, maar die mens as verteenwoordiger van 'n vervloë tydperk, as kultuurdraer.

(ii) Eenvoud.

Waarom word die verhale en stories van von Wielligh so maklik en so lank onthou? Die antwoord word in hulle eenvoud gesoek. Omdat eenvoud 'n natuurlike hoedanigheid daarvan is, is dit die eerste waarborg van deugdelikheid. Wat natuurlik is, is bestendig. En wat nie deug nie, sal nie bestendig word nie. Eenvoud is 'n voorwaarde vir helderheid.

Von Wielligh skrywe in die Voorwoord by die Eerste Druk van "Eerste Skrywers": "Want dit sou tog 'n bietjie te onverstandig gewees het om meteens die vaandel van praal-skrif en verhewenheid oor die swakke lesers hulle hoofde te ontplooi."

Von Wielligh het hom nie by sy lesers gestel nie, maar gelyklik met hulle beweeg. Aangesien hy die volkstaal soos gepraat is, geskrywe het, kon daar geen verhewenheid van



toon wees nie. Dit is die taal wat uiting gee aan die onmiddellike behoeftes van die siel. Daarom die frisheid en die opgewektheid daarvan.

Van von Wielligh se persone kan nie gesê word dat hulle taal onnatuurlik is nie; dat hulle taal besig wat nie by hulle pas nie.

Die bou en opset van sy verhale is los en eenvoudig. Selfs wanneer hy in "Ons Geselstaal" die invloede van ander tale op Afrikaans beskrywe, word hy nie ingewikkeld en onverstaanbaar nie. Al sy lesers kan hom maklik volg as bv. skrywe:

" Al het die Hugenote nie so 'n duidelike en direkte invloed op Afrikaans uitgeoefen nie, dan voorwaar het hulle op die volksakker 'n duidelike stempel afgedruk, wat dus die taal direk affekteer het."

" Laat ons vir 'n oomblik die Hugenote en die aandeel wat hulle in ons volkslewe geneem het, in oëskou neem. Hulle was streng Calviniste, wat hul oortuigings vir ander nie lig prysgeen nie; dus persone van vaste beginsels. Daarby het hulle behoort tot die edelste bloed van Frankryk en het daar in hulle geboorteland met oorleg en volharding hulle opgewerk tot persone van groot aansien en vermoë" ... Die stomtheid van Hollander en Duitser is skadeloos gemaak deur die fyngevoeligheid en ingebore hoflikheid van die Fransman. Sy liggaamsbou en uithouvermoë skiet by die van die Duitser kort. In opvoeding het die Hugenoot hoog gestaan, wat weldadig moes gewerk het op die burgers wat die Kompanjie as soldate en matrose gedien het." .... (O.G., p.45,46.)

Daar sal maar weinig verhale en stories gevind word wat eenvoudiger as von Wielligh se diere- en Boesmanstories is. In die eenvoud van beskrywing en vertelling lê die bekoorlikheid. Dit is deur die eenvoud van von Wielligh se styl dat sy verhale en stories hulle aantreklikheid behou en gevolglik nie maklik vergeet word nie.

In sy stories is daar absoluut geen duisterheid nie. Altes is glashelder en duidelik selfs vir die jong leser. "Ghwennie Barnveld" en "Nimrod Seeling" is verhale wat altyd hulle aant<sup>y</sup>erklikheid vir die jeug behou.

(iii) Direkte Mededeling.

Toe von Wielligh in "Eerste Skrywers" die skryfwyse van die ou Genootskappes<sup>s</sup> as volg beskrywe het, het hy daarmee ook sy eie skryfwyse gekenskets:

" Die leser verstaan en vat die inhoud van 'n verhaal veel beter as dit vertel word in die trant waarin hy self 'n gebeurtenis sou vertel. Die algemene manier hoe 'n Afrikaner sy verhaal meedeel, is om dit te vertel en nie juis voor te stel nie -- soos kuns dit nou meestal verlang. Van hierdie eienaardigheid het die eerste skrywers goed gebruik weet te maaken, om die volk aan die lees te kry, het hulle hierdie wyse van mededeling ( ek onderstreep) by voorkeur gevolg." (E.Skr.,p.59, 60.)

By von Wielligh kry ons haas geen plastiek nie. Tog is hy een van ons aangename verteller op die gebied van die Afrikaanse kulturele en ontspanninglektuur. Hy het die kuns goed geken on amaaklik te vertel. Hier verwys ons veral na sy bundels dierestories. Luister maar eens na die wyse waarop hy die kinderlike verbeelding gryp in die eerste storie van "Dierestories", Deel 1, p.10:

" Hoor, julle wat goed luister na wat ek julle gaan vertel, sodat julle eendag ( onderstreping deur my) aan jull-julle kinders weer kan vertel watter deurtrapte skelm Jak-kals was, watter onnosele domkop Wolf was en watter fyn planne Hasie kon gemaak het. En ou beenkop; ou Skilpad dan? Q, hy lyk of hy nie""twak"" kan sê nie, maar moenie glo nie: hy weet goed genoeg waar Dawid die wortels gegrawe het. Dit is lang, lang gelede, dat hierdie paskewelle , wat ek gaan vertel, deur Diere afgespeel is. Tafelberg, by die Kaap,

was daardie dae so groot<sup>t</sup> as 'n perdevulletjie en die seewater was so groot as 'n dam water ."

Bogenoemde stylmetode om deur allerhande middele aandag te trek en verbeelding te prikkel, kry ons terug in "Boesmanstories", waar baie voorvalle deur die skrywer meegedeel word oos<sup>y</sup>: die lewenswyse en gewoontes van die Boesmans. Daarword baie eef- dinge van hulle vertel, maar hulle lewe nie voor ons<sup>s</sup> nie. Von Wielligh het blykbaar die maklikste weg gevolg, onteensglik die stylmetode wat vir hom die gerieflikste is en wat by hom as skrywer pas. Dit stem ooreen met sy temperament. Die vertellingstyl leen hom die b<sup>s</sup>etse vir von Wielligh se doel, nl. om allerhande wetenswaardighede aan onkundiges mee te deel.

Ghwennie Barnveld het verdwaal. Ons wil stilstaan by haar eerste nag in die veld. Daarvan word die volgende meegedeel:

" Dit was stil en ek voel deur murg en been bang; ja, iedere klop van my hart op my grasbed kon ek hoor. Alles om my en in my was donker en dit laat my aan bid dink -- en die tyd vir bid is daar. Met so 'n diepe erns, as nooit tevore, het ek al die gebede wat my ma my geleer het een na die ander opgesê -- tot die tafelgebed het ek in my eenvoud nie nagelaat nie. " ( G.B., p.79,80.)

Die woorde van Ghwennie se gebed verneem ons nie. Haar gebed sou die bangheid en sielsbenoudheid wathaar hart omklem, weergegee hê. Die gebrek aan plastiese vermoë en tot 'n sekere hoogte uitbeelding is werklik 'n swakheid van von Wielligh se styl.

Daar w<sup>d</sup> nog verder meegedeel dat sy baie aan haar pa, ma en boetie gedink het. So'n mededeling beteken op sigself niks nie. As die gedagtes getrou meegedeel was, sou daar kleur aan die styl gegee gwees<sup>^</sup> het. Die werklikheid van haar toestand sou dan deur die leser aangevoel en ervaar kon word. Omdat von Wielligh onmagtig is om uiting aan haar

gedagtes te gee en nie intens die angstoestande met Ghwennie meelewe nie, gebruik hy die volgende sinsnede:

"Wat al die tyd deur my gedagte gevlie het, weet ek as mens alëen." (G.B.,p.80.)

Dies<sup>e</sup>lêfde ommag vind ons in die woorde:

"By hierdie tyd het die sonlig verdwyn eb dit word skemer. Wat totnogtoe my gedagtes in beslag gehou het, het me met die son saam van die toneel verskuiwe en nou dwing die uittredende duisternis my tot baie somber gedagtes -- ja, dit ja sããfs die skrik op my lyf." ( G.B.,p.100.)

Die leser sou graag van die skrikaanjaende gedagtes gehoor het. Soos dit daar geskrywe is, bly alles vaag. Dit is hier waar die mededelingsmetode kortskiet. Dit laat die leser nie ervaar wat die skrywer se gewaarwordinge was nie. Die gevolg is dat die leser nie so innig verweef raak met die lotgevalle van die figure nie. Die leser help nie om hulle smart te dra en verbly hom nie saam met hulle nie.

Weens von Wielligh se kalm en nugter mededeling deurlewe die leser nie die swaar beproewing van Ghwennie se ouers nadat sy verdwaal geraak het nie. Wat Ghwennie moes deurworstel toe die wolf by die deur van haar hut gesnuffel het, kan alleen met die verbeelding van die leser aangevul word. Die leser kan daarna oor die voorval gaan nadenk en die grilligheid van die omstandighede besef, maar kan geen deelgenoot word nie.

" Huis en Veld" is 'n goeie bewys van hoe baie gebreke die verhalende metode by von Wielligh het. Toestande van omstreeks 1870 word in "Huis en Veld" geskets. Dit bevat die ervarings van 'n paar rondtrekkende families. Die skrywer laat bv. Willie trou " nie om 'n liefdesverhaal in te voer nie, maar wel om die gebruik of gewoonte van daardie tyd aan te gee." (H.&V.,p.30.)

Met so'n doel voor oë<sup>ons</sup> voel/die leemte by von Wielligh aan. Hy gee die storie sonder die lewende mens. Dr.E.C. Pienaar se:" " Ek pleit vir 'n terugkeer nie van die mens af weer tot die<sup>blote</sup> storie nie, maar vir 'n terugkeer tot die storie met en terwille van die mens." (Huisg.,p. ,—, 19/11/37  
Dit is hoe dit behoort te wees.

" Huis en Veld"gee goeie beskrywings van die toestande van 1870: die volkslewe met al sy gebr<sup>y</sup>uike en gewoontes, sy boererate. Hierdie werk gee blyke van von Wielligh se enorme kennis van die volkslewe. Die volkslewe en omstandighede destyds sou in ons herinnering bly voortlewe as von Wielligh die verlede kon laat herlewe het.

(iv) Gesprek.

Die leser van von Wielligh se werke kry baie maal die gev<sup>e</sup>el dat die dialoog op 'n onnatuurlike wyse aangewend word. Ja, dat die skrywer nie juis weet hoe om daarvan gebruik te maak nie; dat dit hom soms te binne skiet dat die gesprek ook nog 'n stylmetode is. Die indruk waartoe die leser kom is dat die persone in hulle gesprekke die spreekbuisie van die skrywer is. Hulle praat sonder gevoel en soms so smaakloos. Hulle dien as tregters vir die lewenswysheid van die skrywer.

Von Wielligh maak min van hierdie metode gebruik. Hy besit nie die gawe om sy persone methulle eie gedagtes weer te gee nie. Die maklikste weg is om hulle gedagtes te dikteer. As hulle nog iets s<sup>e</sup>, doen hulle dit spaarsamelik

Ghwennie Barnveld word bv. deur 'n slang gebyt. Die volgende is die enigste woorde d<sup>e</sup>ur die mense in daardie omstandigheid geuit:

"Wat is dit?" kom daar vyf, ses stemme tegelykvan die tente af.

" 'n Slang, 'n slang het my gebyt", skree ek hullend uit!"

"Waar het die slang jou gebyt?" "Aan my regterbeen", en ek wys die plek" (G.B., p.16.)

Nieteenstaande daar met alle moontlike middels geworstel word om haar lewe te red, sluit alle gesprekke of gedagtewisseling daar en dan af. Die dokter hetook naderhand gekom om 'n teëgif te gee. Tussen dit alles deur praat niemand 'n woord nie. Die hele situasie kom my as onnatuurlik voor.

Skooltoestande word bv. so geskets:

"Die ouers roep uit: "Toe seuns, haal af jul hoed en sê dag vir die meester! En julle dogters, kom gee julle hand! Julle moet nou goed kyk hoe 'n skoolmeester lyk! Toe, kyk hom reg in sy oë aan!"

"Ons bleke lippies bewe: "Dag, meester!"

"Om ons kindhartjies nog meer te laat krimp roep hy uit: "Dag seun! Dag dogter!" en hou een vir een kind se hand vas en merk op: "Kyk my in die oë! Ek wil sien of jy 'n stout kind is! Ek kan somer sien of kinders stout is" .... hy sê: "Pas op! Die lat sal klap as julle julle lesse nie ken nêe! Maar as julle mooi leer en julle lesse ken dan sal meester vir julle niks doen nêe. Soet en gehoorsaam wees is die wagwoord. Hoor julle?"

"Ja, meester", piep ons sagte bangerige stemmetjies.

"Hoor julle nou!" eggo ons ouers in een korus.

"Lesse leer en in die spoor trap, is die tweede wagwoord!" is die seel wat uopa daarop druk. (G.B., p.32,33.)

Bogenoemde is slegs 'n droë relaas van feite en baie onnatuurlik. Dit skets die skooltoestande miskien goed: vreesmotief by die onderwys; maar dit kon von Wielligh liefste meegedeel het. Die vorm wat hy gebruik is myns insiens verkeerd of altans nie doeltreffend nie. Daarby word gevoel dat die saak bo oordrewe is.

Ghwennie Barnveldhet in die woeste streke van die Limpopo opgegroeï. Toe sy al 'n jaar of twaalf was, het sy saamgegaan na Rustenburg toe. Dit sou die eerste dorp wees wat sy sou sien. Ons neem as<sup>n</sup> dat sy as kind oneindig veel meer vrae sou gestel het oor alles wat vreemd was. Sy het slegs twee vrae gestel. Verder moet ons die onnatuurlike aanneem, n.l. dat haar verbystering en verwondering haar stom gemaak het.

Die volgende is haar vrae:

"Water dier is hierdie, pa?" vra ek.

"Donkies, my kind", was die antwoord.

"Pa, watterding is dit wat sonder perde loop?"

"Nee, dit weet ek nie, my kind", antwoord pa na hy die ding terdê bekyk het.

"Ek: staan die ding verstom agtēna te kyk tot dit in die dwarstraat verdwyn het, toe gaan ek na sy spoor kyk".

(G.B., p.65.)

Die vraag na die dier lyk so gesog. Moet ons glo dat sy wel perde en nie donkies geken het nie?

Von Wielligh hou nie van lang gesprekke nie. Hulle word so kort as moontlik gehou. Die gesprekmetode word veral veelvuldig in sy "Dierestories" gevind. In hierdie werkies is die gesprekmetode uitstekend toegepas. Daarmee is die grootste, moontlike belangstelling by die jong lesertjies opgewek. Die onnatuurlike daarvan maak dit juis so awontuurlik.

#### (v) Die Vraag en Antwoord.

Hierdie stylmetode word deur von Wielligh veelvuldig gebruik. Hy pas dit heelwaarskynlik toe as 'n soort van rusmiddel. Nadat hy die leser taamlik lank met 'n sekere saak besig gehou hte, wil hy nie toelaat dat die belangstelling verflou nie. Uit vrees dat dit mag gebeur, laat hy hom liewers asemskep deur 'n vraag te stel.

Die volgende is 'n paar voorbeelde:

" En watterloon het die Genootskap hiervoor van die geleerdes onrvang?

" Ondankbaarheid!" ( Baanbr.,p.30.)

" Wat doen Pannevis toe?

" Sonder om iemand te raadpleeg skryf hy op eie gesag aan die Britse en Buitenlandse Bybelgenootskap op 7 November 1874 'n brief "..... ( Baanbr.,p12.)

Von Wielligh skrywe oor die gebruik van die roede in die verlede en vra dan:

" Waarom word hy dan geslaan? Miskien omdat hy dit in onbedagtheid<sup>e</sup> gedoen het om sy moedertaal te praat of of dat hy die Engelse woord nie geweet het nie " ... ( E.Skr., p.6.)

" "En wat was die soort Hollands wat op skool geleer word?"

" Op skool het die kind geleer om die klanke uit te spreek sonder om in die meeste gevalle te leer wat die betekenis van die klanke is." ( E.Skr.,p.10.)

Onder hierdie vraagmetode sluit ons ook in die sogenaamde historiese vraag. Daarvoor is von Wielligh ook lief. Ons gee 'n paar daarvan:

" " Ons Klyntji " het oor <sup>de</sup> 2,000 intekenare gehad -- meestal op die platteland wonende -- en hoeveel lesers was daar nie om sy inhoud te verslind nie? ( ek onderstreep)

Dan die " Patriot " het sowat 3,000 intekenare gevind en hoeveel lesers was daar wat met hom kennis gemaak het?"

( Baanbr.,p.51.)

Op bladsy 58 van dieselfde werk word gehandel oor die duisende kinders wat die skool verlaat voor hulle standerdsewe behaal het. Daarom trent, duik dan die volgende vraagstukke op:



" Wat word van hulle na hulle die skool verlaat het? Word vir hulle vir deeglike en goedkope leesstof gesorg?"

Verder:

" Het hulle ( die ou Genootskappers) ook tot die Engelse bewering toegetree, wat het dan van ons taal geword?" (E.Skr.,p10.)

Daar was oomblikke toe die ou Genootskappers oorweeg het of hulle weens finansiële moeilikhede by die Hollandse Genootskap sou aansluit. Dit gee aanleiding tot 'n ander oordenking: " Maar wat sou dan van die Afrikaanse taal geword het?" ( E.Skr.,p77.)

Ghewennie het rondom haar hufjie alleen gespeel: "Maarwattersoort speel was dit?" ( G.B.,p111.)

Vir haar en haar hond vind sy geen kos nie: " Moet ons dan spoedig van honger omkom?" (G.B.p,113)

Deur die uitvra-metode word baie eieaafdighede omtrent die inboorlinglewe gegee. Dit vind ons veral in sy verhale vir die jeug geskrywe, want dit is die metode wat vraagstukke van die kind oplos.

#### (vi) Herhaling.

Dit is 'n stylfout by von Wielligh waarop alle kritici wys. Herhaling is nie verkeerd wanneer die skrywer goed weet hoe om daarvan gebruik te maak nie. Wanneer dit dien om effek te behaal, of as afwisseling, of om noodsaaklike dinge wat uit die oog mag verloor word, weer helder voor die gees te bring, dan kan dit 'n nuttige stylmiddel wees. Maar wanneer dit 'n skryfmetode is wat in elke werk veelvuldig voorkom, merk dit steurend.

Die swak leser, die kind en die onoplettende sal die herhaling mooi vind, maar die kritiese leser word daardeur bepaald gehinder. By von Wielligh word dit 'n stylfout.

Hy besit bv. soveel kennis omtrent die Boesman-

en Hottentotlewe dat hy telkens dieselfde dinge omtrent hulle in 'n ander verband meedeel. Dit werk eentonigheid in die hand. Dan kom dit nog daarby dat die goeie leser die vraag mag stel: Maar het die skrywer dan vergeet dat hy dieselfde dinge alreeds in 'n ander werk vertel het of net 'n paar bladsye terug?

In "Jakob Platjie", p. 106-107, word die volgende van die Boesman meegedeel:

" Sy liggaamsbou is tingerig .. Hy kàn/groter afstand met 'n leë maag en 'n dorstige tong afdraf , as miskien enige dier dit kan doen. Sy gelaatskleur is geëlagtig; sy swart hare is kort en skraal en in bondeltjies gekroes . Sy skedel of kopbeen , is dik en die nate daarvan is so inmekaar gegroei, dat 'n naat moeilik te bespeur is. Sy hande en voete is klein en net; sy neus is plat en sy ore klein." ( Ek onderstreep)

In "Boesmanstories", Deel 3, p.19 word ook omtrent die Boesman geskrywe:

" Die Boesman se hare is wollerig en in klossies op sy kop vasgedraai; sy gesig is plat .... Sy neus is plat en sy oë is halftoegeknypt .... Sy liggaamsbou is maar tingerig ,----- In daardie liggaampie sit baie uithoukrag.. Hy kan lang afstande afdraf of hardloop sonder om in te gee. Daar is glo geen ander soort mense wat so lank honger of dors kan uithou ..... Die nate van sy kopbeen is so vas aan mekaar gegroei dat baie mense onder die indruk verkeer dat 'n Boesman hie nare in sy kopbeen het nie --- wat egter nie die geval is nie: hy het deeglik sigbare nate.

*Ek het* in die bostaende stukke die delke onderstreep wat ooreenkoms toon.

Verder:

" Hy volg die by tot by die nes of kyk op klippe na die bye se uitwerpsels wat so groot is as speldeknoppe

en wat peervormig is -- die stomp punt van die uitworpse-  
l wys die rigting van die bynes aan." ( JJP., p.107.)

En:

" Sy oë is klein en bruin en besit 'n sienvermoë  
wat menige mens sal verstom. As hy sy hande bokant sy oë  
hou om dié teen die skerp sonlig te beskerm, dan kan hy  
heuningbye onder die son sien verbytrek. Hy is baie oplet-  
tend wat die spore van wild en uitworpsele van heuningbye  
betref. Op hierdie aanduidinge spoor hy hulle op."

( Boesm., 3, p.19,20.)

Nie alleen kom voor 'n herhaling van feite nie,  
maar ook van woorde.

(a) waarin.

"Daarop gaan mier in sy groot kunstige paleis,  
waarin baie kamers en gange is, en waarin 'n groot  
voorraad kos vir die winter versamel was." ( D.-sto., I, p.29.)

(b) Jakhals.

" Eer Jakhals hom kon help, het hy die padda inge-  
sluk, wat nou binne Jakhals se maag riele staan en dans ...  
Jakhals stap naar op die maag weg ... " ( D.-sto., III., p.16.)

(c) Hoe.

" My outa en sy maats het my baie vreeslike dinge v  
van die blankes vertel, hoe hul iemand vang en van hom 'n  
slaaf maak, hoe hul hom slaan as hul hom nie verstaan, hoe  
hy moet werk al voel hy die dag siek, hoe hul hom in die  
tronk stop ... " ( N.S., p19.)

(d) Dan.

" Als daar gevaar is, dan kan jy blaf, dan kom ek  
help. Maar as ek onraad gewaar of dat iemand my aanpak, dan  
sal ek fluit, en kom dan op die daad." ( D.-sto., II, p.51.)

(e) Maar.

" Jakhals gaan op daardie rysmierknop sit;  
maar het nie geweet dat hy op die bek van 'n bynes ewe onbe-

skof sit nie. Die Bye wou ~~uit~~, maar Jakhals blok die uitfang<sup>9</sup> ewe ongeskik toe ... Jakhals ~~begin~~<sup>7</sup> rond te skuif; maar kyk vir Fiskaal stip in die oë" aan om die uitspraak te hoor. Jakhals voel aan sy stert, dat hy nou in 'n tweede moeilikheid gedompel is; maar hou uit en wil niks laat merk nie."

( D.-sto., IV, p.25.)

(f) Daar.

" Daar was ons min of meer veilig; maar praat nie van die angs wat ons vroumense deurgemaak het nie. Daar die bui daar by ons uitgesak het was die waters ook spoedig afgeloop, maar die gesukkel om die wa daar uit die rivierbede te kry het toe begin en is begryplik .. Daar staan steenen kliphuise onder gras- en ysterdakke. Die groot kerkgebou en winkeld is daar en kyk hoe baie mense stap daar rond."

(G.B., p.63,64.)

Ander woorde wat honderde male herhaal word is: so, dus, want, waarop, daarop. Elke werk van von Wielligh verrai<sup>4</sup> hierdie swak aanwending van 'n andersins goeie stylmetode.

Dit gebeur af en toe dat die herhaling goed gebruik word. Dit het bv. in die volgende geval gebeur:

" Die Genootskap van Regte Afrikaners moes hul eie weg vind, sonder enige gegewens om op te vetrou, hul eie vrye tyd moes hul daaraan bestee, en sonder enige beloning moes hulle die saak van liefde uit eie sak bekostig. En moes dit aanpak van die staanspoor af onder die heftigste teenstand, onder die veragtelikste bespotting en sonder die minste aanmoediging<sup>d</sup> of invloed." ( Baanbr., p.9.)

In bogenoemde geval is die herhaling<sup>7</sup> van sonder nogal mooi. Dit help om die saak bevredigend te beklemtoon.

(VII) Verantwoordelikheid.

Elke skrywer behoort te besef dat hy die weg na die

hoogte moet aanwys. Hy moet die taal op so'n wyse aanwend dat dit in die oë van die noukeurige student 'n goeie middel word om aan gedagtes uiting te gee. Die styl van die skrywer moet navolgingswaardig wees, aanleiding gee tot 'n beter beoefening van 'n mens se eie.

Ongelukkig het von Wielligh hierdie verantwoordelikheidsbesef nie altyd gehad nie. Baie maal het sy styl aan die volkstyl gegrens of is gelyk gemaak met die van die volk.

Tog het von Wielligh plek-plek getoon dat hy die taal goed kan aanwend, sodat sy stylmetode geliefd geraak het, die leser se insig verdiep, sy waarnemingsvermoë geprikkel en hom tot nadenke gebring het.

Von Wielligh se styl het soms verheffend gewerk. Dit word deur die volgende bewys, veral as dit vergelyk word met sy gewone geselstrant, van los en vas praatjies en verstrooide gedagte-invlegtings.

" Die Weerklank, of Echo, is die dogter van die berge -- haar pa is die Wind, wat deur sy dogter spreek. Sy is 'n spotter, wat van korswil nooit moeg word nie. Die een wat sy uitkoggel, sal moeg en kwaad word, maar die Weerklank nooit nie! Hoe meer iemand lag of huil, sing of skel, hoe mooier dit vir haar is. Sonder een woord uit te laat, sê sy as sy alleen is, alles na wat ander uiter.

" Sy woon daar by haar ma in die berge: in die diep klowe waar klipkranse en afgronde is, daar is sy altyd te vinde. Ofskoon sy lank kan stilbly en nooit uit haar eie kan gesels nie, slaap sy nooit nie; want roep iemand, dan gee sy dadelik antwoord; sy is altyd wakker." ( Boesm., 1, p. 33. ).

Dit noem ek 'n pragtige voorbeeld van gebalanseerde styl. Die een saak is noukeurig teenoor die ander afgeweg. Boonop lees die stuk aangenaam: die gedagtes vloei so maklik. Hulle bekoor die leser.

'n Tweede voorbeeld is:

\* 'Ga en 'Gagen het twee dogtes gehad met die name: 'Kanu en 'Kou. <sup>e</sup>Ersgenoemde is verander in die Vlaktes en <sup>a</sup>laasgenoemde in die Berge. Al twee vertoon in hulle nuwe gedaantes dieselfde eienskap nl. dat hulle slaap. Die wyse waarop hierdie toestand voorgestel word, is juis weergegee en wek die regte gewaarwordinge by die leser:

" 'Kanu word by die dag lui en wil niks anders doen nie as net slaap nie. Sy kry 'n pyn in haar hals en toe sy wakkerskrik van die pyn, het die pitjies en <sup>daar</sup>adjes wat in die kalbassies is om die geraas te maak, begin te groei. en het hulle wortels deur die hals in die lyf van 'Kanu laat groei ..... so het 'Kanu aan slaap geraak en het toe in die Vlaktes verander en sy slaap, slaap, slaap vandag nog voort ..."

" Maar 'Kou het by die dag luier geword: sy raak toe in slaap, en sy slaap, slaap, slaap tot vandag toe nog. Sy het in haar slaap in 'n groot berg verander om nooit weer wakker te word nie." (Boesm., 1, p. 23, 45.)

In 'n derde voorbeeld word die invloed van die Kerk op Afrikaans mooi uiteengesit:

" Die Kerk was nie alleen die kompas van ons volk nie, maar ook die band wat die verskillende nasionaliteite uit die staanspoor aan mekaar gebind het. Eensgesind op die godsdienstige gebied, onder dieselfde kerklike tug en bewaak deur 'n regering wat die Kerk hoog in stand gehou het, was die weg na <sup>na</sup>ieensmelting skoon geskoffel. 'n <sup>Blanke</sup> wat nie aan 'n Kalwinistiese Kerk behoort het nie, was 'n <sup>versto-</sup>teling; en die volwassene wat nog nie as lidmaat aangeneem was nie, was 'n uitgegroeide kind onder mense van sy jare. Wie nie aangeneem was nie, het dit gevoel as hy of sy gaan trou, en nog meer as hulle by die doop van hul kind nie as ouer mag staan nie ... Deur kerklike invloed is huisgoddiens in die oggend, die aand en op Sondag in stand gehou;

hiervoor was die Bybel , Psalm- en Gesangboek nodig - almal faktore wat gedien het om Hollands te laat ken; en daar die Bybel en Psalmboeke in suiwer Nederlands geskrywe is, het dit weldadig op die spreektaal gewerk, sodat baie woorde en gesegdes daaruit v<sup>o</sup>r ander doeleindes as net vir godsdienst gebruik is en nog gebruik word." ( O.G.,p.67.)

Waarin lê von Wielligh se verantwoordelikheid in die stuk wat so kwistig gesit is? Hierin: eerstens het hy die regte woordekeus gedoen; ten tweede is sy sinsbou stewig, bondig en goed; hy het lang sinne gebruik in teëstelling met die kort sinne wat hy meestal gebruik; ten derde: hy het die eenheid of samehang van die gedagtes goed bewaar; ten vierde: sy feite is met die nodige oortuiging neergeskrywe; ten vyfde: elke leser word tot nadenke gebring. Dit ~~op~~ het op sy beurt groot intellektuele waarde.

Toe von Wielligh die Boesman se uiterlike beskrywe het in "Boesmanstoreis", Deel 3, p.19 en 20, het niks sy aandag ontglip nie. Daarin toon hy 'n goeie waarnemingsgewe en 'n oog vir die werklikheid. Daarby het hy dit so noukeurig gedoen. In hierdie geval sal dit die moeite vir die opmerksame leser loon om aandag aan sy woordekeus te gee.

#### (viii) Oortolligheid.

Von Wielligh sondig in baie opsigte. Sy werk gee blyke daarvan dat hy nie genoeg aandag aan sy woordgebruik gewy het nie.

Ons siteer 'n paar gevalle waar hy hom aan oortolliheid skuldig maak. Hulle dien slegs as voorbeelde om 'n taamlik algemene neiging by von Wielligh te illustreer.

(a) " En hy woon reeds in die lugkasteel, waaraan hy aan bou is." ( V.v.V.,p.131.)

(b) " Moeder is <sup>te</sup> verniet bang. Ek sit dan daar elke dag en het nog nie van daardie soort goed daar aangetref nie." ( V.v.V.,p.187.)

(c)" Ek gooi die stuk grond in die lug op en vang dit met my twee hande en toe krap ek weer met my mes daaraan .... Kalie pluk dit uit my hand, bekyk dit, en ook hy gooi dit in die lug, om dit met sy twee hande te vang ..."  
(L.d.L., p118.)

(d)" Ful stap en kom by 'n veewagterspondok verby waarin binnekant baie gelag en gesels word." ( J.P., p.114.)

(ix) Verbreking van Eenheid.

Die waarde van enige letterkundige werk of verhaal word verhoog as die eenheid bewaar word, en die verhouding van die onderdele tot die geheel reg is. Vroeër is hierdie kwessie in HOOFSTUK I, onder "Eienskappe van Styl", p.11, bespreek

Behalwe in "Ons Geselstaal" en tot 'n sekere hoogte in "Eerste Skrywers" het G.R.von Wielligh die eenheid van sy konsepsies deurgaans verbreek. Die gevolg was dat hy in tallose uitweidings verval het, wat nie die eenheid met die verhaal bewaar nie en in baie gevalle los daarvan staan. Von Wielligh het gesorg dat hy met genoeg draaie en swaai genoeg sypaadjië kon vind om sy kennis in verband met sekere sake neer te skrywe. Dit het hom 'n wonderlike tevredenheid besorg as hy maar net vir ander iets kon gee van sy rykdom van kennis. As die fontein opborrel, het hy die waters daarvan tydig en ontydig laat stroom.

In "Jakob Platjie" bv. word honderd-en-een voorvalle in verband met die smousery van Koos Fonk beskrywe. Hulle staan los van mekaar, behalwe dat hulle deur een en dieselfde persoon ervaar word. As dit nodig word, word ander persone bygehaal om die voorval gunstig te laat afloop. Daar is haas niks wat hulle skepper, von Wielligh, hulle nie laat doen nie. En altyd speel hulle hul rolle goed.

Die doel van "Jakob Platjie" is om sterk karakters weer te gee wat die drie inboorlingrasse weerspieël. nou



is dit eieaardig dat Koos Fonk die stekste van hulle is, terwyl die werk die naam "Jakob Platjie" het.

Die smousery van Koos Fonk raak gou op die agtergrond. Die skrywer en die leser vergeet dit baie maal. Dan verlustig die leser hom in die aanwending van die Hottentoot-taal en die mededeling van interessante staaltjies. Deur kort-kort Koos Fonk se vernuftige planne te bespreek en te beskrywe, word verhoed dat die leser die smousery vergeet.

Daar word herhaaldelik gevoel dat von Wielligh opsetlik voorvalletjies invoer en sydelings afdwaal om een of ander woordgebruik van die Hottentotte te laat uitkom. Ons beskuldig hom van doelbewuste afdwalings.

Tot by bladsy 112 het ons amper niks verneem van Jakob Platjie nie, behalwe dat Koos Fonk - tot hiertoe die uitstaande figuur - hom mislei het sodat hy Koos Fonk op sy swerftogte vegesel en uiteindelik sy ses aanteelbokke ontvang het.

Om die los verband van sake mooi te bewys, lees die volgende noukeurig. In een asem word die volgende van Koos Fonk en Jakob Platjie vertel:

"Waar die skatte vermenigvuldig, daar vermeerder die eters", was 'n spreuk wat nou op Koos toepaslik was. Nou dat hy nie meer vee het nie, het hy ook meer volk nodig, en meer volk gee meer kweling. Platjie word nie beter onder die invloed van sy omgewing nie. Ou Samuel en Danster leer hom om oneerlik te handel, om te lieg en om nie oor hulle wanbedrywe te klik nie." ( J.P., p.113.)

Eers teen die einde van die werk kom von Wielligh na Platjie terug, sodat die werk darem met hom kan afgesluit word. Die leser het Jakob Platjie nie goed leer ken nie. Hy het m.a.w. nie een van die sterk karakters geword nie. Die volgende is eintlik die enigste kennis wat die leser omtrent hom gekry het:

"Hy was"gek na 'n sopie ... sonder 'n volslae dronklap te wees; dat hy soms andermans goed annekseer sonder egter 'n deurtrapte dief te wees." ( J.P., p.219.); dat hy "soms die josie ingeraak het, sonder dat hy die horing van iemand in toorn lek of breek met sy knopkierie géslaan het." Daar het ons die sterk karakter, Jakob Platjie!

In "Nimrod Seeling" verander die skryfwyse nie aanmerklik nie. Die draad van die verhaal word ook hier losgelaat om wetenswaardighede tuis te bring. So het die skrywer op bladsy 25 iets van die groot fees van die Hotnots meege-deel. Daar het hy toe afgesluit. Op bladsy 28 neem hy die draad daarvan weer op, terwyl hy tussenin oor ander sake geskrywe het. Op bladsy 28 soek hy die verband só:

"Na die fees, wat ons gevier het van die vee van die Hotnots, was ons minder gelukkig met die skiet van wild; toe tree 'n tydperk van vaste in."

Op bladsy 29 en 30 van "Nimrod Seeling" word die eenvoudige huwelik van die Boesmans beskrywe. Kort daarop kry ons die volgende verbandlose stuk:

"Al die tyd dat ons by die eertse klomp Boesmans was, het aia Sabá na haar famielie verneem, dog sy kon geen taal of tyding van hulle verkry nie. Daarom het sy hulle almal vir dood opgegee, en ons het ~~van~~ besluit om maar by die eerste klomp Boesmans te bly - temeer daar sy met een van hulle getroud was." ( N.S., p.30.)

Verbandlose gedagtes, talle uitweidings en afwykings van die verhaal lê gesaai in die werke van von Wielligh. Dit is 'n groot swakheid van sy styl en miskien een van die grootste kenmerke daarvan. Wie sy werke noukeurig lees, sal honderde male die sypaadjies met hom bewandel.

Wat van bogenoemde twee boeke geld, het ook betrekking op "Ghwenne Barveld"; "Die Vro<sup>u</sup>ens van Vrindenburg" en veral "Huis en Veld". In laasgenoemd werk verval die

skrywer selfs in diep filisogiese bepeinsinge. Sien "Huis en Veld", bladsy 54.

(x) Didaktiek.

As Dr. Dekker in sy "Afrikaanse Literatuurgeskiedenis" die prosa behandel, groepeer hy G.R.von Wielligh en C.J. Langenhoven saam onder die hoof: Didaktiek. Hy skrywe dat didaktiek die wes<sup>e</sup> van hulle kuns is. Albei skrywers het volkskuns gelewer, Langenhoven in 'n meerdere mate as von Wielligh.

Von Wielligh, net soos Langenhoven, wou die volkleer, moeilikhede vir hulle verklaar; af en toe vind hy dit nodig om hulle te wys op hulle afwykings van die voorvaderlike paaie. Die skrywer tree kort - kort in lewende lywe voor die lesers op. Dan dis hy sy bepeinsinge en bespieëlinge omtrent die lewe en lewensverhoudinge op. Die deugdes en gewoontes van vroeër word gedurig voorgehou.

Ons sal von Wielligh maar self aan die woord stel. Wanneer hy die wrede Swasiegewoontes in verband met uitruikery van die dol<sup>o</sup>sgooier beskrywe, kan hy nie help om na vore te tree nie:

"As ek lus sou hê om hieroor 'n prekie te maak, kan ek 'n moo<sup>e</sup>ie een lewer, maar ek sal maar net sê, dat ek baie bly is dat ek nie 'n Swasie is nêê, en dankbaar dat ek nie as sukks in Swasieland opgegroeï het nie. Ja, hoe dankbaar moet ons nie voel nie, dat ons in die lig van 'n beskaafde mensdom gebore en opgegroeï is." ( L.d.L., p.151.)

Tant Annie in "Staan jou Man" is 'n vavolgingswaardige voorbeeld vir die moderne vrou of meisie. Sy speel nie komediespel nie. Sy weet hoe om haar te gedra.

"Nou as Tant Annie een van die meisies was wat so dikwels in boeke oor niks flou word nie, of wat deur aangematigde skrik in die arms van jongkêrels val, dan het sy vir so'n komediespel hier 'n skone geleentheid gehad. Maar

ons Afrikaners hou maar min van sulke skoutburgvertoninge en staan liewers ons man." (S.j.M., p.15.)

Bogenoemde uitweiding staan in verband met die bangheid van vroumense vir muisse. Daarby word nog die volgende gevoeg:

"Maar dis nou maar eenmaal so - die hele wêreld oor - dat 'n vrou sal instorm om haar kind voor 'n wegholperd te gaan weggryp, maar vervlaks nie vir 'n wegholmuis nie." (S.j.M., p.16.)

Vanaf hoofstuk 8 tot die einde van hoofstuk 13 in "Staan jou Man" het von Wielligh Groot Fant en Kliphuiskoppie links laat lê. Hy het voortgegaan om 'n ander groep mense te beskrywe. Nadat hy 'n geruime tyd afskeid van Kliphuiskoppie geneem het, verlang hy om die leser weer daarheen te verplaas. Daarom word geen minuut versuik om daarheen te gaan nie. Maar moenie glo dat hy dadelik met die gasvrye inwoners daaraan begin nie. 'n Ander gedagte het hom te binne geskiet: daar moet gewys word op die <sup>v</sup>eganklikheid en die voortgang van die lewe met sy smart en balsem.

"Tyd salaan geweldige slae met sy hamer:staal en koper krummel onder sy gebeuk; selfs die hardste rotse verloeier onder die gevryf van sy handpalms. Hy bou op, en hy breek af; want solank die tigerin<sup>e</sup> laggampies van kinders opskiet tot ferme gestaltes van sterk manne en vrouens, druk hy die skouers van hulle ouers vooroor en krom. maar, dan, hy dra balsem in sy hand om die geslae wonde te genees; hy sprei 'n dowwe waas oor die <sup>e</sup>strek glans van smart, om ons o<sup>d</sup> trane te spaar; die teenwoordige word die verlede; wonde<sup>e</sup> genees en word harde littekens.

"Onhandige sedeprekers, en onpraktiese wysgere - ja, ons algar - wann<sup>e</sup>r sal ons ophou om oor die gebiedende wys van Vergeet te droom? In ons dan so onkundig om nie te weet nie dat diepe wonde onuitdelgbare tekens nalaat? Wie onder

die druk van teenspoed buig; wie deur siekte gebrekkig is; wie deur armoede verrimpeld is, word deur ons vermy, wat 'n tou is om hulle mee op te hang. Help dedepreke hier?" ( S.j.M., p.153.)

Die skynheilige optrede van die mens word ook aangeval:

" O, vraatsugtige Mens! Wat jy aanraak treur; wat jy aankyk, verwelk; wat jy aanroer, verkrummel tot stof. 'n Eden van geluk word deur jou begeerige blik vervorm in 'n woes-teny van verdriet. As jy die hand van vriendskap uitsteek, verraaï jy die sug om die eie - ek in 'n muurwerk van Self-behae te doen ontvlam." ( S.j.M., p.98.)

Die liefdeloosheid van die mens kom na vore by die keuse van 'n eggenoot of eggenote. Die klem val op die ek: ek soek iemand wat vir my moet sorg. In die keuse word die armes, gebrekkiges en lelikes opsygeskuiwe. Dan herinner von Wielligh:

" ..... die Liefde van armes vir mekaar (is) in die hemel gebore; die wierook op hulle huisaltare is ongeveinsdheid; vlees en bloed is hulle dierbaar. Die liefde vir rykes weggelê, word op aarde gesmee; hulle huisgode is Geld en Goed. Hulle vriende kom as Aasvoëls aangevlie; en as hulle die aas tesame help verslind het, vlie hulle weg, om aan die verarmde ryke die afgekoude bene na te laat." ( S.j.M., p.99.)

Weereens is dit die mens wat in "Jakob Platjie" op p.49 aangeval word. Von Wielligh se oordeel is gegrond op sy kennis van sy medemens:

" " O, skynheilige mensdom, wat sy medemens oordeel! As die helder soeklig op almal gedraai word, hoeveel blikskottels en blikborde sal wan die rakke tussen die silwer-goed padgee!"

Braam , 'n jong seun, vol ideële en ambisie, gaan woon saam met sy ouers in Lydenburg. Sy lot is bepaal om jagter te word. Daar in Lydenburg moes hulle 'n woeste , verwaar-

loosde plaas opbou. Daar moet veel gearbei word. Die arbeidsprogram op die plaas moet skielik ly, aangesien Braam se pa na die oorlogsfront teen die Sekokoeni's opgeroep word. Hierdie voorval laat von Wielligh as volg oor die onvoltooidheid van planne uitwei:

" Maar hoe dikwels verskyn 'n veelbelowende wolkie aan die hemel en verdwyn later sonder 'n druppel water op die dorre aarde uit te stort; netso word ons beste uitgewerkte planne soms verydél en val in duie." (L.d.L.,p.30.)

Wanneer meegedeel word watter rol die moeder in die lewe van die kind speel, staan von Wielligh gereed om die jong geslag te vermaan. Eers wys hy op wat die moeders gedoen het:

" Hulle het ook ons kinders opgedra om die Heilige Skrif getrou te lees, daaruit te neem wat goed is en te laat wat dit verbied.

" Maar om die Bybel te kan lees het hulle ons geleer lees; en deur ons te leer lees, het hulle ons gered om tot barbaarshied te verval ..... Om ons verder teen verval te red het ons moeders goed vir ons klare gesorg ...."

Nou volg die vermaning:

" Ja, ons moeders kom baie eer toe!" (G.B.,p.14.)

Met die volgend e aanhaling sluit ons hierdie stylmetode af von Wielligh af.

In "Huis en Veld" het von Wielligh baie tyd vir didaktiek, vir lewensbespieëlinge. Hy is die volksleermeester en hulle opvoeder. Hy het baie ervaar en ken die lewe. Assulks dwing hy die eerbied van die leser af, want hy weet hoe nietig die mens is, hoe gering al sy werke is.

" Jare is die vasgeklinkte skakels van 'n eindelose ketting, en snoer aan mekaar tot in ewigheid; ons persoonlikheid is maar as druppeltjies daaraan, om spoedig te verdamp en sy plek ken hom nie meer nie. ( Dit herinner ons aan die Bybelstyl.) In ons lewe is ons onmisbaar; in ons

dood kom die nablywendes goed sonder ons klaar; want die een graanoes moet vir die ander ruimte maak - die een vloed moet padgee vir die waters van die ander wat kom." ( II.en V., p.48 en 49.)

Baie meer gevalle van didaktiek kan in von Wielligh se werke opgespoor word. Die grondtoon van al sy werke is tog maar opvoedend, onderwysend, onderrigtend. Dit is geen wonder dat Dr. Dekker didaktiek as die wese van Von Wielligh se werke beskou nie.

### (xi) Retoriek.

Dit is onteenseglik waar dat von Wielligh nie oorspronklik is in die aanwending van figuurlike taal nie. Hy gebruik afgesaagde uitdrukkings en woorde sonder dat die beëldspraak saam met die gedagte diep in sy siel, as 'n wesentlike deel van die gedagte, gebore is. Die gevolg is dat hy retories word, dat sy beelde nie die tekens van lewensnuutheid dra nie.

"Die Vrouens van Vrindenburg" verskaf baie voorbeelde van retoriek. Tant Helie sê van die vrouens van Vrindenburg dit:

"Kaapstad kan maar spog met sy skilderagtige Tafelberg; Bloemfontein kan trots wees op sy indrukwekkend monument en Pretoria oor sy reusagtige Uniegebou - maar hulle kom nie naby Vrindenburg met sy beeldskoon ( ek onderstreep) vrouens nie." ( V.v.V., p.22.)

Op bladsy 50 van dieselfde werk word gesê dat ou Diederik van die Kalaharie aan die woorde van Helie Oukerk dink, nl. dat Vrindenburg en sy onmiddellike omgewing wêreldberoemd is vir sy beeldskoon vrouens. Hierdie woorde word tot vervelens toe herhaal, sodat dit alle krag en betekenis verloor.

In verband met Tant Sienie verneem ons dat Tyd die blos (!) van haar hare gebuit het en 'n grys kroon in ruil daarvoor gegee het. Die rose op haar wange het saam met die somers van haar lewe verwelk. Ouderdom het tevergeefs gewor-

stel om die soet glimlag op haar gelaat stroef te maak."

( V.v.V., p.31.)

'n Ander vrou word as volg besing:

"Haar wegsmeltende skoonheid getuig dat haar teer boesem meer smart verberg as liefde - smart deur ander besorg, liegde deur die ewemens geweier.

"Sy het met hom geglimlag - en die glimlag skiet 'n glans uit oor haar sedige gelaat en werp 'n gloed van Skoonheid oor haar fynbesneë aangesig, voldoende om die hart van die onverskillige vrouehater te smelt." (V.v.V., p.127)

Al die woorde deur my onderstreep wek nie in die minste die gevoelswaardinge by die leser op wat hulle moes opwek nie. Hulle spreek met ander woorde nie. Hulle dra nie lewenskieme nie. Alleen die besielde en lewende woorde wek lewe. Nie een van die onderstreepte woorde is beeldend nie.

(xii) Niksseggenheid.

Plek-plek vind ons dat von Wielligh hom aan hierdie euwel skuldig maak. Die oorsaak moet gesoek word in sy swak eenheidskonsepsie gestu deur die oorfloed van kennis wat hy graag wou meedeel. Dit het baie maal gebeur dat von Wielligh die kaf en die koring nie kon onderskei nie. As bewyse dien bv.:

(a) " Die dokters vertel ons dat pyn ons beste vriend is; want dit waarsku ons altyd betyds waar 'n kwaad skuil. Ook weet ons dat 'n kwaai hond aan 'n lang ketting na al kante toe hap. So gee kinders aan hulle ouers pyn, en die ouers betaal met rente terug - in albei gevalle is dit aangenaam om te gee as te ontvang. Wel, Kliphuiskoppie sou 'n wonderlike plek gewees het as dit hierop 'n uitsondering toegelaat het." ( S.j.M., p.159,160)

(b) "Opienies verskil soos horlosie in 'n klein dorpie; wat die een mooi noem, vind die ander lelik; wat by sommige 'n deug is, word deur ander verag as iets laags. Daarom



lag die witman die swartman uit, omdat hy swart is, terwyl die gekleurde op sy beurt die blanke bespot; omdat dié so bleek is. Dan, diegene wat altyd neê 'n tarentaal "bankrot, bankrot" roep, verag die spaarsame man en bestempel hom as 'n vrek." ..... " So vind dorpskinders die seuns en dogters op boerplase so danig groen, terwyl die jongmense op op die vastelanddorpelinge so erg onnosel beskou wat die vrye natuur betref. Hoe dit ook al mag wees, ieder ding het sy lig-en skadukant; dog dit staan vas in die algemeen geneem, die kinders op 'n boerplaas eerder in die besigheid van hul ouers opgelei word as op 'n dorp, en is spoedig daarin bedrewe." ( S.j.M., p.165)

Genoemde twee gevalle is glad nie met die verhaal verbonde nie. As daar wel 'n band gelê word, berus dit op kunsmatigheid. Natuurlike uitvloeisels van die verhaal in "Staan jou Man" is hulle nie. En wat beteken hulle? Hulle is smaaklose gemeenplase.

Dieselfde niksbetekene dinge word gevind in "Staan jou Man", bladsye 169, 177, 249.

### (xiii) Beeldspraak.

Onder Retoriek het ons dit wat hol is, nie spreek nie, behandel.

Voordat ons egter voorbeelde gee wat op die eienenskap goed aanspraak maak, gee ons 'n paar voorbeelde van valse beeldspraak:

(a) Toe eers ontpop hy sy opgebottelde gedagtes en gee hulle sigbare vleuels ...." (S.j.M., p. 94.)

(b) Daardie gevleuelde gedagtes het dit in hulle koppe gekry om 'n klomp soet drome ....na Frankie se slaapkussing aan te ja." (S.j.M., p.94.)

(c) "... want die voorbereiding het reeds lang tevore vir die nodige gesorg." (V.v.V., p. 31 -32)

Von Wielligh het sy beeldspraak ontleen aan die bron wat hom goed bekend was, nl. die daaglikse lewe. Dit is veral die vergelyking wat hy goed aanwend. Dit soek hy in die huis en op die veld. Hier lê von Wielligh oorspronklikheid aan die dag.

(a) "Frans weer was soos sodawater: druk jy die prop in, dan bruis dit, maar die gas is gou uitgekook. Gou driftig, maar gou weer goed." ( H.en V., p.14.)

(b) " Fant het net soos iemand wat korhaan jag, om en om Sytjie gestap tot sy gaan sit , toe korrel hy." ( S.j.M., p.149.)

(c) " Die twee vrouens kan so rustig naas mekaar bestaan soos die twee punte van 'n skêr; soms knip hulle oormekaar .... maar bewaar jêu die een wat tussenin kom." ( V.v.V., p.162.)

(d) " .... want sy tred was ferm en sy vasvat so sterk as 'n tierslagyster." ( S.j.M., p.7.)

(e) " Sy was sterk geboud, met 'n enigsinige <sup>ett</sup>gesteë liggaamsbou, sonder egter 'n potjierol te wees." ( S.j.M., p.49)

(f) " Fant gaan hom was, en blaas soos 'n seekoei toe hy die water met sy regterhand oor sy gesig vrywe." ( S.j.M., p.18.)

(g) " Betyds verskyn Tant Siena met 'n he<sup>e</sup>rrlike koppie sterk koffie, wat die ou heer aanneem en geniet soos die <sup>K</sup>Malaharie 'n verkwikkend bui reent." ( V.v.V., p.106.)

'n Bietjie vergesog is die volgende:

" Twee jonkmans uit die buurte sit me<sup>t</sup> die twee Grahamstadse meisies op stoep, en gesels, net toe die sonnes 'n goue arend uit die blou hemel op sy wolkkasteel uit die wêste neerdaal"

Swak is ook die volgende vergelyking:

" .... so nutteloos as 'n horlosie sonder wysters, of so onhoudbaar as 'n mosterdpleister onder 'n hond se bors,

net so sal ons samelewing op aarde sonder vrouens wees."

( H.en V.,p.121.) En: " O, skynheilige mensdom, wat sy medemens oordeel. As die helder soeklig op almal gedraai word, h hoeveel blikskottels en blikborde sal van die rakke tussen die silwergoed moet padgee. En hoeveel sal bly staan/as egte sterling silwer verklaar word! ( J.P.,p.49.)

Nie geslaag nie is die volgende personifikasie:

" Wel, Juniemaand het gesterf, en Augustus het gekom om hom te begrave. (Ek onderstreek wat ek verkeerd beskou) Die winer get nog nie vertrek nie en stap met sy grou jas rond. Die wit wolkies omhels die hoogste bergtoppe, om hulle sotssplitse met pruike te versier." ( S.,j.M.,p.110)

Geslaag egter is die personifiëring van die Berge , die Vlaktes, die Son, die Lugspieëling en die Reënboog. Die werklikheidsindruk word verhoog en die natuurwonders kry menslike vorm. Dit verskaf wonderlik goeie voedsel vir die kinderfantasie.

" Die twee seuns van die Son, Dageraad en Aandskemerig, het van hulle jongdae af al nie met mekaar kon klaarkom nie. As kinders , het hulle altyd getwis en nie bymekaar wou slaap nie." ( Boesm.,I,p.163.)

"Die Weerklank, of Echo, kan praat en gesels, maar is onsigbaar; terwyl dit net andersom is met die Opgewing: sy kan gesien word, maar kan nie praat nie - sy is doofstom; maar tog so vol streke as dit kan kom. Sy weet het hoe om met mense in drome te gesels, want sy is die moeder van Drome." ( Boesm.,I,p.55.)

#### (xiv) Suiwerheid.

Hoewel die ideaal van Wielligh suiwerheid van taal was, merk ons tog op dat sy taal nie altyd suiwer was nie. Dit het angliseringsinvloede ondergaan. Baiemaal kom daar uitdrukkings en sinswendings voor wat nie goeie Afrikaans

is nie.

In die voorbeelde wat volg het ek onderstreep wat volgens my mening onsuiver Afrikaans is:

(a) " Op weg, agter die kersbosse buitekant die pad, het hul die grootste part van die dag loseer." ( J.P.,p.42.)

(b) " Daar hierdie landstreek ver van die wolmark was, het die mense net vir Afrikanerskape met die groot strate <sup>ex</sup> ingegaan." ( Idem,p.89.)

(c) " As jy jou nie haastig maak nie , dan sal jy eers oor drie jaar die eerste Krismis haal". ( Idem,p.99.)

(d) "... want hy wil aan die jong mense ook 'n plesiertjie gee". ( Idem, p.126.)

(e) " ... en my sal julle plesier, want ek het dit met 'n gulle hart gegee." ( Idem, p.129.)

(f) " By die einde van die maand ..." ( L.d.L.,p94.)

(g) "... ons bêlsuit toe om vir 'n tyd daar ons geluk te beproef." ( Idem, p.102.)

(h) " Maar ons kos is op." ( Idem,p.106.)

(i) "... verwilder kyk ek op en was net intyds ..." ( Idem, p.107) . "In die dagtyd gewaar 'n mens die diertjies nie." ( Idem,p.180.) . " Wel, dit was 'n harde vonnis teen Katiënie - juis in die tyd toe daar 'n vreeslike hongersnood in Oostelike Swasieland heers." ( Idem,p. 193.)

(j) "Dit alles het plaasgevind .." ( S.J.M.,p11) "Dit was die tyd toe die stroom.." ( Idem,p.11) . "By hierdie tyd" word tot verevelens toe deur von Wiëlligh in "Staan jou Man" gebesig.

(k) "Kraai kry meteens 'n plan .." ( Boesm.,2,p 9) "Kraai voel hom toe weer aan die verkeerd<sup>e</sup>ent van die pyl en boog." ( Idem,p10). " Wolf antwoord terug" ( Idem,p.11) "Hy vlie van die boom af, verander hom in 'n ou Boesman; en pak die jong broer van Skilpad en sit hom onder" ( Idem,p.48). "Dit het vir 'n lang tyd so goed gegaan .." ( Idem,p98.) . "... sit die dogter die hele klomp dans<sup>es</sup> in hulle gesigte uit te lag." ( Idem, p.102.)

(d) " In die skool begin hulle my Engeld te leer, daar die skole van daardie tyd mees Engels was." (N.S., p61)

'e)" So was ek baie met die begin met my eie huld-  
houding opgenome. ( G.B., p.89.)

(xv) Waarheid.

Dit is 'n ander kenmerk van von Wielligh se styl. Waarheid is 'n groot verdienste van sy styl.

As von Wielligh die kultuurtoestande van 'n halwe eeu gelede en meer beskrywe, gee hy sy lesers 'n helder insig daarvan. Hy was 'n goeie waarnemer. Dit bewys die beskrywings van die <sup>B</sup>oosmans en Hottentots, die weergawe van hulle gesprektaal en hul taal in die algemeen. As hy oor die ou dae gesels, doen hy dit met 'n eerlikheidsmotief om geen fantastiese dinge omtrent die ou dae te gee nie. Hy strewe na waarheid. Hoewel von Wielligh nie daarin slaag om die mense van die verlede te laat lewe nie, het hy tog baie feite in verband met hulle lewenswyse en gewoontes gegee.

Von Wielligh vertel van die dinge waarvan hy kennis dra. Hy deel in baie gevalle sy persoonlike ervarings mee, veral in "Langs die Lebombo". Daarom dat alles wat hy skrywe so waar klink.

'n Skrywer slaag in sy doel as hy self oortuig is van sy saak. In "Baanbrekerswerk" en in "Eerste Skrywers" lewer von Wielligh werke wat die vrug van sy oortuiging is en op feite beru<sup>S</sup>. Von Wielligh het met 'n gloed van oortuiging alle aanvalle van jongeres op die ou Genootskappers weerlê. Von Wielligh skrywe dat "die aanvalle in die koerante teen die oorsetting van die Bybel in Afrikaans ... maar geblaf van brakkies (was) in vergelyking met die oorverdowende gebrul teen die Genootskap." (Baanbr., p.21.)

Die baanbrekers was egter daarvoor bereid. "Vir hul taak was hulle volkome bereken en kon verduur: die vuilste laster, die smadelikste verguising, die magtigste teenstand

en die laagste bespotting. Vir taai werk het hulle nie gevrees nie, selfs die haat en nyd van hulle teenstanders het hulle by verrassing nie oorval nie." (Baanbr., p.21,22.)

Teen die Genootskap is gesê dat hulle teen Engels gekant was. Dit weerlê von Wielligh:

"Die Genootskap was nie juis teen Engels nie, want al die lede was tweetalig, en verskeie het Engels beter as Nederlands geken; maar waaraan hulle 'n renons gehad het, was dat Afrikaners so teen hulle ~~ieik~~ taal gekant kan wees. Waarom die lede soms so met Engels geppot het, was 'n wederkerige uitbetaling van die spot van die Engelse oor die Afrikaner en sy Afrikaanse gewoontes. Lees maar die geskifte en boeke van daardie tyd en word oortuig. .... Die genootskap, met terugspot, wou net bewys dat ons ook brille het waardeur ons die foute van anderê kan raak sien en dit aan die spotter reguit in sy gesig te vertel." (Baanbr., p.28, 29.)

"Eerste Skrywers" en "Baanbrekerswerk" is twee waardevolle werke. "Eerste Skrywers" het ontegensêglik daartoe bygedra dat die baanbrekerswerk van die pioniere op die Afrikaanse letterkunde-akker, sy politieke en kulturele lewe in die regte lig gestel is; dat daar met waardering gespreek kan word oor hulle doelstellings, hulle program van beginsels, hulle verenigingslewe. Dit is 'n werk wat die waarheid propageer.

Ghwennie se omswerwinge, hoewel nie so juis beskrywe soos "Eerste Skrywers" nie, is tog aanneemlik en waarskynlik. Hoewel van taamlik baie toevallighede gebruik gemaak word, grens die verhaal aan die werklikheid. Geen leser sal die verhaal met veragting opsyskuiwe en sê: "So iets is omwaar" nie. Dit geld in ~~de~~ <sup>die</sup> selfde mate van "Nimrod Seeling"

'n Letterkundige waarheid kry ons ook nie wanneer von Wielligh in "Boesmanstories" Deel 1, natuurverskynsels soos die Wind, die Reent, die Reënboog, die Weerklank, die

Lugspieëling , die Vlaktes, die Berge, Vuur, die Son, die Dag geraad en Aandskemering verklaar nie. Hulle word met egmenslike eienskappe bedeel en tog bly hulle optrede aanneemlik, al is die verklarings nêe eg wetenskaplik nie.

Die verskillend e dierestories is ook nie letterlik waar nie. En tog gryp hulle die kinderlike fantasie vas en hou hulle belangstelling gedurig gaande.

Dit<sup>is</sup> glad nie sô maklik om met voorbeelde die waarheid van 'n skrywer se styl te bepaal nie. Daarvoor is nodig 'n omvattende kennis van die skrywer se werke en sy persoonlike lewe. Tog is ek diep oortuig van die waarheid van von Wielligh se styl, al het ek toevallighede in sy werke gevind , wat daaraan afbreuk gedoen het. Sien bladsy 85, onder Toevallighede.

(xv1) Opgewektheid.

Von Wielligh is 'n volkskrywer. Daarmee is veel gesê. Hy het sy volk liefgehad en sy volk vir hom. Hy het liefde gegee en liefde gekry. Hy het boesemvriende van sy lesers gemaak en vertroulik met hulle gesels. Van hulle kant het hy geen kritiek wat hom sy lewensblyheid en opgewektheid kon ontnem, verwag nie. Al het hy soms die preektoon aangeslaan, dan nog was sy woorde vir sy lesers teer.

Von Wielligh se lewe word gekenmerk deur opgewektheid. Daardie opgewektheid vind ons in sy werke terug. Tragiese dinge is nie deur hom beskrywe nie. Sulke dinge maak die geskifte van die nag uit. Von Wielligh se geskifte is dagwerk, waaroor die volle lewensmoed en sonlig skyn. Sy werke getuig van 'n deurgaans opgeruimde stemming.

Wie voel nie die opgewekte stemming van von Wielligh wanneer sy dierestories en Boasmanstories gelees word nie? Al lag die skrywer<sup>nie uit</sup> nie, tog laat hy hulle glimlag oor die kaskenades van die diere, veral dié van Jakkals. Hierdie verhale is almal geestig. Die leser voel die teenwoordig-

heid van 'n vriendelike, sagsinnige en opgewekte verteller.

Ghwennie Barnveld en Nimrod Seeling getuig van die wil om te oorwin. Hulle albei bevind hulle in toestand waaroor nie ligsinnig kan gedink word nie. Nieteenstaande . . . moeilike omstandighede waarin hulle hul bevind, oorwin hulle alles met 'n innerlike geloof en oortuiging. Na hulle kortstondige mag skyn die son en word hulle lewe vrolik. Hierdie twee figure weerspieël meer as wat oppervlakkige lesers sal wil toegee die lewensmoed van die skrywer.

(viii) Die Lagwekkende- Humor.

G.R.von Wielligh behoort tot die ou garde in wie se geskifte baie komiese en geestige trekke gevind word. Daarop is afdoende gewys deur Dr.F.E.J.Malherbe in sy "Humor in die Algemeen en sy Uiting in die Afrikaanse Letterkunde.", p.169 - 185. Von Wielligh se werke, hoewel hy 'n oorgangsfiguur van die eertse na die tweede periode in die ontwikkeling van ons Letterkunde is, dra die stempel van die Genootskap van Regte Afrikaners. Die geestige, lagwekkende en komiese kom in sy werke ook tot uiting. Die aanwending daarvan is 'n belangrike stylmetode.

Von Wielligh slaag uitstekend om die lagspiere van sy lesers te prikkel en hul selfs te laat skaterlag, wanneer hy veral dierestories vertel. Dan dink ons aan die beskrywing van die geveg tussen die "Lopende" en die "Vlieënde Diere". Hierdie beskrywing is kostelik en aanskouelik voorgestel. Jakkals sou bo-op 'n klip op 'n koppie gaan staan . . . met sy stert in die lug. Solank sy stert regop gehou word, sou dit 'n teken wees dat die Lopende Diere oorwinnaars is. Die uitslag was dat die Lopende Diere die loop geneem het.

"Die Ape en Bobejane het 'n heilige aanval op die Vlieënde Diere gemaak, dog toen die Bye, Moskiete en Warmassies 'n woedende teenaanval maak toen kan 'n mens net hoor tjank en skreeuw. Daarop pak die Goggas die Groot Lopende



Diere en kruip by ore en lippe in en toen was dit 'n kopgeskut, genies en geproes - ook daardie Lopende Diere kies die veld. Perd en esel het so deur die klippers gevlug dat ieder net een klouw aan elke voet behou het."

"Jakhals staan nog perdgerus op die rots, bo op die koppie, asof die oorwinning nog altyd aan die kant van die Lopende Diere was ..... Eindelijk gewaar hul Jakhals daar bo-op met sy stert in die lug." (D.-sto.,1,p.16)

In laasgenoemde paragraaf nader von Wielligh humor. Die "Lopende Diere vlug; hy staan nog perdgerus, asof die oorwinning die "Lopende Diere" s'n was.

Die saak word nie daarby gelaat nie. Die leser moet nog onthaal word op Jakkals se vlugtery en die wyse waarop dit gebeur. Die leser kan nie help om te skaterlag nie. .... Daarby word die komiese gevoel. Jakkals het nog altyd geweet om sy lyf uit die gevaar te hou; hy het baie diere gekul en pyn laat verduur, veral vir Wolf. Uiteindelijk moet hy ook deurloop en sy terugbetaling kry. Dit vind só plaas:

"Hulle stuur toen drie bye daarheen. Die eerste by was klaar en tjits Jakhals aan die stert. "Oe!" roep Jakhals <sup>toen</sup> ~~toen~~ hy van die steek krimp. "Kyk, hoe geniepsig steek so 'n pakkasie my", steun hy. Daarop was die tweede By klaar en klink hom 'n bietjie laer met die angel. "Vuur en Vlam!" tjank Jakhals, toen hy van pyn steun. "Mintig! Hoe menyig ~~steek~~ steek so 'n kring my!" roep hy uit. Hy skut sy stert weer reg en glant hom nogmaals regop. Hierop het die derde By net gewag, en hy troef hom met die angel nog laer. "Soe! soe! soe!" brul Jakhals toen hy hom op die rots neerplak en daarvan afseil. ((Hier bereik die geskater van die leser sy hoogtepunt - die bittereinder moet ook vlug.) . Hy skeur <sup>teon</sup> ~~teon~~ met <sup>mening</sup> alle/die wêreld. Omkyk - omkyk nael hy die grond, swaai ~~hom~~ om, om te sien of daar nie nog meer Bye aankom en hom agtervolg nie. Van daardie dag af, sleep Jakkals liewers sy stert als om dit op te lig." ( D.-sto.,1,p.16.)

Ons noem nog 'n geval.

\* Jakhals het op 'n rismierknop gaan sit. Hy was onbewus van die feit dat hy ewe onbeskof op die bek van 'n bynes gaan sit het. " Die Bye wou uit, maar Jakhals blok die uitgang ewe onbeskof toe..... Jakhals begin rond te skuif, maar kyk vór Fiskaal stip in de oë aan om die uitspraak te hoor. Jakhals voel aan sy stert, dat hy nou in 'n tweede moeilikheid gedompel is; maar hou uit en wil niks laat merk nie."

(D. - sto.,4,p.25.)

Die hottentots, Boesmans en Korannas lewer baie stof wat laglus wek. Hulle is nigsinnig; hulle besit naiewe lewensblyheid en geestigheid. Om hulle goed te begryp, moet hulle beskou word as kinders.

(a) Platjie en Samuel moet wyn na oom Koert wegbring. Hulle mees ook 'n brief saamneem. Samuel stel voor om die helfte van die drank op pad daarheen te drink en die orige helfte op pad terug.

"Nee," se Platjie, " die brief wat ons hier het, sal ons daar by oubaas Koert gaan verkla."

" Wat, man, het jy dan nie 'n plan nie? Solank ons drink, moet die brief daar onder die plat klip lê, dan kan hy mos nie sien wat ons maak nie!"

Platjie vind die plan goed en toe hul die brief onder die klip toesêk, sê Platjie: " Sorg dat hy goed toe is, want 'n brief is net 'n oorlamse ding." (J.P.,p.79.)

Uit die bogesiteerde stuk blyk duidelik die naïwiteit van die Hotnot.

(b) Tys Bokkies se vryery word luimig vertel. Hy het die vraery as volg gedoen:

" Ag my liefste Fytjie, ek is 'n jonkman van plesier, te danig aanskouelik in jou oë. Nou met alle eerbied en voortreflikheid verklaar ek - net soos ek voor jou staan - dat my liefde vir jou eers tussen die klofies en rantjies van my hart vasgekeer was; maar nou dwaal dit manmoedig op dde

oop vlaktes van my hart, die liefde vra net: waar is Fytjie Alexanderse? Met allebeskeidenheid, slaan my tog nie af nie. Ag hartlam, praat gou want ek woon ver ... Jy weet Fytjie, my hartlam, my hart klop vir jou nes 'n nat lap." Sy antwoord:

"Tys, jy weet ek het jou lief, my hart roer vir jou soos 'n skaaplammetjie sy stertjie." (J.P., p.139,140)

Die voorbeelde wat die lagwekkende in von Wiellighse styl gee, is legio. Ons vālstaan egter met die voorbeelde wat ons gegee het.

Tussen die lagwekkende en die humor lê die komiese element van 'n skrywer se styl. Ons gee nou voorbeelde wat die komiese in von Wielligh se styl weerspieël:

Fielies Lou Kreebos het homself as pure man beskou. Ou Bles het hom egter nooit 'n spook hoor pry<sup>s</sup> nie. Ou Bles stel voor dat hy die spook as volg moet tr<sup>o</sup>ef:

"As jy hom lang<sup>s</sup> die pad ontmoet, en hy wil jou nie verlaat nie, trek dan 'n bossie uit en laat dit dan op die grond staan met die wortel<sup>d</sup> boontoe. Daar sal hy blystaan om hom te verwonder hoe 'n bossie met sy wortels boontoe kan groei. Maar bewaar jou as die wind die bossie o<sup>m</sup>waai! Woerts! hier is hy weer by jou." (J.P., p.95.)

Die volgende<sup>e</sup> geval handel oor 'n leeu en 'n Grikwa. Nadat Kolbooi, die perd, die vasklouende leeu afgesmyt het, het hy hom tot die mens wat soos 'n dooie op die grond lê, gewend.

"Daarop maak hy sitplek van my en doen niks anders as om rond op my te skuiwe sodat hy my liederlik vol klei getakel het. Maar al die tyd hou hy sy oë op die ander Grikw<sup>a</sup>s." (J.P., p.186.)

'n Derde geval vermeld die doktery van voëls na die groot geveg tussen die diere.

"Baing voëls was aan hulle bekke gekwes en moes nuwe snawels kry. Maar ook hier het die valk en sy handlangers

min getraak - hulle het net lappe gevat wat voorkom. So het Bosveld Kraai, Bromvoël en ander maar als spektakels daarvan afgekom. Mintig! Let maar op hulle snoetwerk! Baiing Voëlsgies, soos Mossie en Kanarie, het hulle kort bekkies behou - nadat 'n stuk daarvan afgebeek was.

"Kropgans ( pelikaan) en Bromvoël was laat. Vir hulle was daar nie geskikte bekke nie. So het Valk maar oshoring gevat, dié gesplits en met beesblaas om hulle nekke vasgewoel. Die blase het vasgegroeï, sodat Bromvoël en Kropgans, ieder, vandag met doedelsakke onder hulle kele rondstap." ( D.-sto., p. 19, deel 1.)

In 'n vierde geval word iets vertel van Tier, Aap en "Bobiaan"! Tier stap met Aap en "Bobiaan" na Leeu toe om die Koningskap te gaan beveg. Hulle was aan mekaar vas gebind. Toe hulle naby Leeu kom, verneem hulle hoe Leeu al die ander tiers, bobbejane en ape afgemaai het. Toe Tier dit hoor, besluit hy om te hardloop.

"Aap kyk vir Bobiaan aan, Bobiaan kyk vir Tier aan en Tier kyk sy twee vasgeknoopte paswysters aan. Hulle begin te ruk en te pluk. En daar vat Tier koers reguit naar die houtbossie in die berge. Hy hol met so 'n vaart dat Bobiaan en Aap nie kan by bly nie: die twee sleep hulle op hulle sitplekke soos velle agterna. Aap kry toe 'n dun lyf van die touw wat vastrek ..... Van daardie dag af het Bobiaan en Aap kaal sitplekke. En van toe af het Bobiaan 'n sekelstert." ( D.-sto., p. 11, deel 2.)

. Dr. F.E.J. Malherbe in sy werk alreeds genoem sê die volgende op bladsy 187 van von Wielligh:

" Sy gebied is veral dié van die inboorlinge, wat hy deur en deur ken, en sy verdienste is dat hy hul met liefde en soms met humor sien. Ek glo dat von Wielligh self humoris is; tog is dit moeilik om uit sy werk sprekende voorbeelde aan te haal .... Tog lê oor sy beskrywinge soms 'n

nie te miskenne waas."

Ons is dit met Malherbe eens: voorbeelde van humor is nie maklik te vind nie. 'n Milde gevoel huiwer egter oor sy werke. Dit voel elkeen aan wat sy werke met die nodige liefde, inspanning en simpatie bestudeer.

(a) In die eerste plek begin ons met Platjie vir wie von Wielligh met humor gesien het. Die leser sien kom ook, aan met 'n simpatieke glimlag.

Platjie en Samuel het die wyn wat hulle na oom Koert moes bring gedrink. Die uitwerking bly nie lank uit nie:

"Toe die soet sopies begin trek, word Platjie vrolik en begin Engels te praat. ..." ( J.P., p.80)

(b) Koos en die boer het die Hotnots en die Boesmans afgeluister. Nadat ou Samuel die derde gebod van ou Danster met Katjie Kekkelbek wou laat drink, het Koos met die strop ingevlie en ou Samuel aan 'n paal van die pondok vasgemaak. Koos het gekreeu:

"Gemeente, hier gaan die eerste gebod van Samuel met die strop."

Voor die hou val, steek ou Samuel sy hand op en roep uit:

"Ek stop hierdie gebooie. Ek is teë op die huwelik." ( J.P., p.116.)

(c) Gert Ogies het gekom om te vertel dat Damon van sy perd aggeval het. Daardeur het hy sy nek gebreek.

"Waarop Hans Voollander aanmerk:" Ai, dis jammer, dis jammer! Nou het ons een van ons meer beste manne verloor deur sy nekbreekry en om te val. Ai! ai! maar kom, laat ons sy gesondheid drink, anders kom hy dalkies snags by ons spook." ( J.P., p.192.)

(d) Taamlik humoristies is die besoek van die sterk man uit Europa by Groot Fant. Die man vra hom waar die sterk boer woon. Groot Fant nie liks nie, neem die punt van sy helper se leer met sy regterhand en wys die woonplek aan: "Daar

woon hy." Hy gooi die leer <sup>e</sup>wg asof dit 'n takkie was. Toe die man hom vra of daardie boer sterker as Ky ( Groot Fant) was, het Groot Fant geantwoord:

" Ek sal dit so nooit as nimmer waag om aan daardie Boer se lyf te gaah vat nie."

Dit was genoeg. Die man van Europa kies die hasepad. Sy basterjong kon die saak nie begryp nie. Daarom vra hy:

"Seur, is daardie baas die man wat jy kom nooi het? Hoe lyk die ding nou vir Seur?" ( S.j.M.,p.37.38.)

(e) Toe die geveg tussen die lopende en die vlieënde diere haas sou plaasvind, het Jakkals benoud geword. Die leser wat Jakkals leer kan het, <sup>weet</sup> hoe <sup>s</sup>gêrepe hy is nieteenstaande sy benoudheid. Jakkals sou ook hierdie keer nie op hom laat wag nie. Hy die benoude, die beangste en pappbroekige, sê: " Ons moet 'n <sup>v</sup>generaal kies om ons in die stryd aan te voer". Deur grootpraat maak hy hulle wys dat hy sodanige kennis van oorlogmaak het, en dat hy sy manskappe nooit in gevaar sal lei nie. Daarop kies hulle hom as generaal."

"Na Jakkals sy manskappe reg geplaas het, sê hy: "Julle moet maar gedurig naar my kyk en goed luister. (Nou word hy die held!) Sien julle daardie ronde koppie daar?

Ek sal daar - bo op die rots - met my stert regop in die lug gaan staan. Hou ek my stert regop, dan moet julle weet: ons kant wen; laat ek my stert hang, dan moet julle verstaan: ~~on~~ ons kant is aan die verloorkant, en julle moet sonder wagvlug." Daarop draaf hy die koppie uit, spring op die hoogste rots en plant sy pluim regop in die lug. Hy staan toen daar of hy die enigste staatmaker van die dag was, en alsof die hele oorlog van daardie regopstaan van daardie stert afhang." (D.-sto.,p14,15,deel 1.)

Hier het von Wielligh <sup>Jakkals</sup> met groot simpatie gadege-  
sien, sodat die leser met <sup>d.</sup> dieselfde gevoel teenoor Jakkals  
staan. Dat Jakkals nie geheelenal begryp het wat sy ster<sup>t</sup>op-

houery beteken nie, blyk daaruit dat hy nog steeds sy stert  
regop<sup>ge/</sup>hou het toe al die popende diere al lankal gevlug het.  
Dit is voorwaar 'n kostelike siening.

(f) 'n Tikkie humor vind ons ook in wat van Januarie  
meegedeel word.

'As sy voorraad soms inskiet, het hy nie geaarsel om  
te lieg nie." ( L.d.L., p.16.)

(g) Skitterend is die geval van Uil en Tinktinkie.  
Tinktinkie het hoër as Aasvoël gevlie. Hy word dus koning van  
die voëls. Hulle kon so 'n gedagte nie verdra nie. Jakkals-  
gee wyse raad. Tinktinkie sou moes sterwe, want na sy dood  
kon Aasvoël koning wees. Die voëls het toe 'n jag op Tink-  
tinkie gemaak. Hy vlie egter 'n klipskeur in. Niemand kon hom  
toe bykom nie. Hy sou moes uitgehonger word. Omdat uil se  
oë "die grootste en sy nael skerp ( is) en gevaarlik", moes  
hy waghou dat Tinktinkie nie ontglip nie. Uil was egter op  
'n spreëparty uit en het sy plig versaak: hy het aan die slaap  
geval! Die volgende het met hom gebeur:

" Toe oorwaks die voëls hom in nyd en woede. Hy gee  
pad , en skud sy vere los en toe hul op hom aanval, hom skop,  
pik en opstoppers gee, was dit te veel vir hom en daar  
terk hy - reguit bosse toe met 'n trein voëls agterna, wat  
hom bespot, beledig en uitlag."

Uil moes vir hom 'n ander tuiste kry, waar hy "snags  
oor Tinktinkie peins, oor al die swaar wat hy moes ly en hoe  
Tinktinkie ontspan het, dan vra hy hom gedurig ewatreurig  
af: hoe, hoe? Og, hoe, hoe het dit gekom?"

Op bladsy 159 in "Staan jou Man" kom die volgende  
treffende stukkie voor:

"Dit was toe nog nie die tyd vir boekgeleerdes met  
M.A. en B.A. agter hulle name, om op die voorpunte van de  
grense te krioel nie. Ja, daardie tities was vir hulle net  
soveel werd as 'n broeksak vir 'n hond."

(xviii) Natuurbeskrywing.

Die natuurbeskrywing van 'n skrywer is 'n belangrike element van sy stylmetode. Dit is moontlik dat 'n skrywer die natuurbeskrywing as 'n blote plêg ag. Dan gee hy die beskrywing sonder dat dit in enige verband met die verhaal of menslike handeling staan. Of die skrywer beskrywe die natuur as 'n stuk van die verhaal en wat innig daarmee verband hou. Die natuurbeskrywing word dan innig verweef met die gevoelens en stemminge van die persone. Die natuur sou dan die stemminge van die persone weerspieël.

Die eerste metode word gevolg deur skrywers wat nie weet hoe uitstekend van die natuurbeskrywing gebruik gemaak kan word ~~in~~ hulle styl nie. Von Wielligh behoort tot hierdie groep skrywers. Daarom vind ons baie min natuurbeskrywing by hom. Hy beskou dit nie as 'n wesenlike element van sy verhale nie. Hy gee blyke van 'n onvermoë om die natuur raak te beskrywe. Hy het 'n fyn waarnemingsvermoë besit ten opsigte van die taal, inboorlinggewoontes, maar nie in dieselfde mate van die natuur nie.

Von Wielligh se beskrywing van die natuur is verband- en leweloos.

(a) " September, 1918, het verskyn en meegebring die Afrikaanse lente met 'n weelderige blommeprag en 'n kort skoolvakansie." ( V.v.V., p.9.)

So raak von Wielligh die natuur net in die verbygaan aan. Dit hou geen verband met die verhaal nie. Die volgende voorbeelde is van 'n sekere mate van skoonheid nie ontbloot nie.

(b) " Die gekir van die alomteenwoordige tortelduif vervrolik die somber stilheid van die wildernis, en hoog teen die rotskrans hoor ons die bosduif koer, terwyl die rûigepote groenduiſſom in die houtklofies aanmeld. In <sup>die</sup> <sub>de</sub> morestond, as die groudag sy boenerkop agter die Lebombo uitsteek, dan begin die dagwekkertjie met sy metaalstemmetjie



op 'n vrye en ongebonde manier sy opgeruimde leidi<sup>e</sup>jie fluit ..  
 ... Hierop hoor ons die luidrugtige en rooigevlerkte blou  
 le<sup>e</sup>orie en ro<sup>e</sup>ikop houtkapper ,.... ; skril klink hulle  
 fors en onmusikale stemme, om die houtbossie uit sy slaap  
 te wek." ( L.d.L.,p.51.)

(c) Yalle swakhede word in die volgende gevind:

" Hierdie ruwe vesting het 'n ruim oors<sup>e</sup>nbare ge-  
 sigsveld - 'n uitgestrekte skoonheid - beheers tot daar ver,  
 waar lug en aarde op die geheimsinnige gesigseinder ineen-  
 smelt; tot daar , waar die berge in die dowwe waas hulle  
 ewige slaap insluimer; tot daardie kant, waar die waters in  
 hulle uitgeploegde beddings die oog ontduik, om steeds/<sup>verder</sup>oor,  
 sand en klippers hulle weg te baan tot in die wye oseaan,  
 om daardie lied van skeiding te help meebruis; tot daar ver,  
 en hier naby, waar die gras in groen de<sup>i</sup> golwende see na-  
 boots, waar die son oordags daardie golwe met goud vergul,  
 en waar die maan/<sup>en</sup>die sterre snags die sombere duisterheid  
 met towerlig versilwer."

Die swakhede word nou kortliks gegee:

1) Die skrywer se woordeskat skiet te kort: hy bly  
 hang aan die woorde: tot daar ver en hier naby, waar en  
tot daar gunter .

2) Die skrywer wou 'n weidse siening beskrywe ,  
 maar het die sake nie met die k<sup>u</sup>stenaarsoog en diepte gesien  
 nie.

3) daar is ook opsetlike rymelary wat in prosa  
 hinderlik is: "hulle weg te baan tot in die wye oseaan"

4) Die stuk is nie van retoriek vry te spreek nie.:  
ineensmelt, uitgeploegde beddings, met goud vergul, met tower-  
lig versilwer.

(xix) Plastiek.

Hiermee word bedoel die gawe van die skrywer om  
 "doeie materiaal te v<sup>v</sup>orm tot 'n stukkie innig-lewende

skoonheid." ( Inl.Lett.,p.51.) . Die woorde van 'n skrywer mag eenvoudig wees, en tog kan daar 'n suggestiewe krag van hulle uitstraal.

Hierdie besondere ontwikkelde uitbeeldingsvermoë besit von Wielligh in twee of drie gevalle wel. Dit het vir my veel moeite gekos om iets van die aard by von Wielligh te ontdek. Humoer en plastiek gemeng vind ons in:

(a) " Hulle was nog bin die water ( die Korannas wat beeste gesteel het ) en ek het hulle teen die wal nie sien uitklim nie; dus wat van hulle geword het, kan ek nie verklaar nie." ( N.S.,p.90.)

In verband met die troefspelery van 'n spook word die volgende gesê:

(bi) "As jy hom langs die pad ontmoet, en hy wil jou nie verlaat nie, trek dan 'n bossie uit en laat dit dan op die grond staan met die wortels boontoe. Daar sal hy blystaan om hom te verwonder hoe 'n bossie met sy wortels boontoe groei. Maar bewaar jou as die wind die bossie omwaai! Woerts! hier is hy weer by jou." ( J.P.,p.95.)

(c) 'n Derde geval wat ek gevind het staan in verband met die leeu wat Kolbooi nie kon kleinkry nie en toe maar op die Grikwa gaan sit het, sodat hy hom leiderlik vol klei getakel het." ( J.P.,p.136.) . Van klei gaan 'n sterk suggestiewe krag uit.

Ander gevalle het ek nie teëgekom nie. Maar ek het voorbeelde gevind wat die onvermoë van von Wielligh om met die woord uit te beeld, voor die dag bring. In daardie gevalle moet die gordyn oor die toneel val omdat die outeur dit nie kan beskrywe nie.

(a) " Ons verbarg ons gesig vir die warme trane van afskeid, ons sluit ons oë vir die hartverskeurende snik wat sielesmart vetolk." ( S.J.M.,p.250.)

(b) "My denkvermoë raak toe totaal ontstem, my gedagte vlie deur my brein so snel nes weerligstrale van een wolk

na die ander. Ek probeer om te dink, maar kry geen plan nie. Eindelik het die sensus spel hom deur trane en hartseer en huil laat uitspeel." (G.B., p.124.)

In die "Vrouens van Vrindenburg" word die toneel van die ontmoeting van Ghwennie en haar vader nie uitgebeeld nie. Die leser moet vir homself 'n voorstelling daarvan maak.

(c) 'n Treffende voorbeeld van Von Wielligh se vermoë om uit te beeld, vind ons in die volgende, waarin hy selfs die leser uitdaag of 'n versoek tot hom rig om te doen wat hy nie kan doen nie. Die indruk word deur von Wielligh verwek dat nie een leser dit kan doen nie, m.a.w. dit is 'n onmoontlikheid.

"Waarde leser, het dit ooit met u gebeur dat u so vasgekeer was dat <sup>u</sup> nog vooruit of agteruit, nog regs of links kon gaan? Hoe het u toe gevoel toe volkome verlossing opgedaag het? Wel, neem die pen uit my hand en beskryf self hoe tant Annie gevoel het toe sy die kommandotjie sien opdaag. Beeld haar in woorde <sup>die gevoel van</sup> / <sup>verligting</sup> toe 'n ligstraal van hoop in haar hart die ~~donker~~ wolke van bedruktheid en angs plotseling laat verdamp het. Moeders, was daar ooit van u kinders met u wete in gevaar toe u wakende oog hul nie kon bereik nie? Hoe het u hart gevoel toe u hul ongedeed in u arms omhels?" (S.j.M., p.196.)

Von Wielligh doen liewers 'n beroep op die leser om uit sy eie ervaringslewe sulke oomblikke op te diep, want hy sien nie kans om daarvan versag te gee nie. Die nodige psigologiese insig ontbreek.

Hierdie en ander gevalle het te doen met innerlike konflikte van die mens se siel. Von Wielligh is nie die kunstenaarsvisie gegee om sulke handeling plasties weer te gee nie.

(xx) Aanskouelikheid.

"Bobiaan soek 'n stop<sup>k</sup>. prop dit ewe onverskillig

Vir my is ~~die~~ toneel van die geveg tussen die vlieënde en die lopende diere geslaag:

" Jakhals was net in tyds op sy pos. Toen kom die Vlieënde Diere met 'n gedruis en gegons deur die lug. Hul val op die Lopende Diere aan, byt hul dat die hare, sterte, ore en pote so waai. Die Lopende Diere verste hul en woel met die Vlieënde Diere dat die ~~diere~~ en donse so grys deur die lug vlie. Wie gevang word, word dood getrap, of in die rivier gesmyt. Sommige soek veiligheid en spring vanself in die water, waarvan baie die stroom afgevlug het, tot hul eindelijk in die seetereg gekom het - alwaar hul vandag nog woon." ( D.-sto., 1, p. 15, 16.)

(xxi) Toevallighede.

By die behandeling van hierdie aspek van G.R. von Wielligh se stylmetode, dink ons onwillekeurig aan twee van sy werke, nl. "Ghwennie Barnveld" en "Nimrod Seeling" en in 'n mindere mate aan "Staan jou Man".

Ghwennie en Nimrod sou nooit hulle verblyf - Ghwennie in die wildernis en Nimrod op 'n eensame eiland - so menslik-aangenaam en voorspoedig gevind het nie, as dit nie was dat die skrywer alreeds die gereedskap en kossoorte vir hulle bestaan vooraf versin het nie, sodat hulle later heel toevallig die dinge ontdek wat vir hulle 'n menslike bestaan sou verseker.

Ons doel is om 'n paar gevalle in "Ghwennie Barnveld" te bepaal. Vir die leser is dit maklik om meer gevalle in hierdie werk asook in "Nimrod Seeling" te vind.

By 'n sekere pannetjie op hulle terugreis na hulle staanplek, word een van die perde voor die kar deur 'n hartbeesvlieg gesteek. Die gevolg was dat die perd alles flenters geskop het. Gedurende sy geskop het Ghwennie se oupa se ou mes, tonteldoos en vuurslag uit sy sak geval. Ghwennie

het hulle opgetel en in haar sak gegooi. Haar oupa sou tog buitendien nie syne mis nie, aangesien hy nuwes by die smous gekopp het. Hierdie val<sup>v"n</sup>de goed noem die skrywer " wyse bestiering". ( G.B.,p.72.)

Dit is egter eienaardig dat Ghwennie nie eers vir haar oupa iets van die mes, tonteldoos en vuurslag vertel het nie. Hoe het sy geweet of sy hulle sou nodig kry? Dit bly 'n onnatuurlike voorval, hoewel die oppervlakkige leser dit as 'n gelukkige vonds<sup>e</sup> mag beskou. Dit is amper onnodig om mee te deel dat sy hierdie drie instrumente baie nodig gekry het. As hulle toevallig nie uit haar oupa se sak geval het ~~ek~~ ewe ongeërg deur haar opgetel was nie, wonder ons hoe sy haar in die wildernis sou kon verwarm, kos gemaak en w wilde diere wgggehou het.

Ghwennie het haar op 'n dwaalweg bevind. 'n Storm het aangekom. Sy het wanhopig geword. Waar sou sy beskerming<sup>kuytee</sup> teen die storm en teen wildediere?

"Meteens val my oë op 'n grashut wat omte<sup>r</sup>nt veertig tree verwyder is." ( G.B.,p.78.). Wat kon sy beter verwag? Sy sou uitvind dat sy toevallig die enigste hutjie in daardie omgewing bewoon. Ghwennie is gered. Sy het skuil- en slaapplek, al het dit toevallig gebeur.

Naby haar nuwe tuispe het sy in die hol gat van 'n kameelboom 'n "ghriesblik met vuil vet daarin, ook 'n bottel" gekry ( G.B.,p.85.). 'n Derde artikel was 'n lap. Later sou sy al hierdie artikels nodig kry. Sy stap na 'n pan , 'n bietjie verder weg. Wagter knor vir 'n dooë eland. Die mes word gebruik om die vel af te slag en 'n stuk vleis af te sny. Hulle twee het toe kos. Die tonteldoos en vuurslag word gebruik om hout aan die brand te steek. Vleis word gaar gemaak.

Ghwennie het die "vet uit die teerblik in 'n ou optelblikkie gekrap, dit in die hut geplaas, waarvoor weet sy nie. " ( G.B.,p.87.). Die teerblik word skoongemaak deur

dit uit te brand in die vuur. Die teerblik word gebruik as kookpot en die ou lap, nou uitgewas, om die kos mee toe te maak. Ghwennie het geen moeilikhede nie. Altes kom na haar toe om haar eerste huishouding selfs in die veld "met vreugde" te begin. Die lap - 'n deel daarvan - word gebruik as 'n pit, waaraan die vet gevrywe word. Ghwennie kon toe lig hê.

Sy sou ook geld kry. Wie kon dit dink? 'n Renoster wat gedurende die nag op die vuurmaakplek naby die hut afgestorm het, het met sy horing in die grond geploeg .... " en ek sien toe 'n horinkie, met 'n lap daarin in die ploegvo<sup>or</sup>steek ..... Tot my groot vreugde vind ek daar geld in - £2 in goud en nog silwergeld daarby." (G.B.p, 95.)

Dit is onnodig om verder op die saak in te gaan. Elke leser wou die onnatuurlikheid van baie sulke voorvalletjies. Vir die lesergroep vir wie von Wielligh geskrywe het, is sulke toevallighede interessant. Maar hierdie toevallighede het von Wielligh se styl nie verhoog nie. Vir my lê daarin opgesluit die onv<sup>er</sup>mo<sup>en</sup>e van die skrywer om die saak op daardie oomblik waar voor te stel. Hierdie toevallighede is egter nie die kenmerk van al von Wielligh se werke nêe. Dit is ook nie deurgaans die kenmerk van een werk nie.

#### (xxii) Opsetlikheid.

Hiervan is von Wielligh nie vry te pleit nie. Dit is glad nie 'n goeie stylmetode nie. As 'n skrywer met opset deur 'n w<sup>er</sup>eding van sake of met vernufspel sy doel wil bereik, mo<sup>et</sup> hy die goeie leser se kritiek verwag.

In "Jakob Platjie" vind ons bv. die volgende op p. 114-115.:

✓ "Eer hul gaan sit, reik almal eers die hand van gelukwensing aan ou Danster, en wens hom "al wat menslik is, tot selfs 'n boggel, wat onmenslik is." ( Ek onderstreep)

Hierdie voorbeeld getuig van slegte smaak.

Tydens Koos Fonk se verjaarsdag kry von Wielligh die geleentheid om sy kennis van vreemde woorde op te dis. So'n geleentheid sou hy nooit laat verbygaan nie. Ons verneem van die bombarie wat die Hotnots opskop, van Koos Fonk wat aljimmers genoodsaak word om 'n paar Engelse woorde te praat; van nooientjies wat ronddraf met die borde vol kosiestertjies, kolwyntjies, soesies, handtjies, soetkoekies en bankrolle." ( J.P.,p.126-127.)

Soms word von Wielligh opsetlik teatraal. "Jakob Platjie" word só afgesluit:

" Die hart wat sy lieg en leed geken het, hou op om te klop; want die mens moet na sy ewige huis toe!

"Jakob Platjie! Ons sal jou nooit vergeet nie.

" Rus in Vrede!" ( J.P.,p.220)

Teatraal is ook die insident van die bekendmaking van Diederik, dat hy die kleinneef van Sienie is:

"Haar hoof val slap op sy skouer en meer trane stoet op sy mou . . . . Sy sug en daar <sup>a</sup>al meer trane. Hy kyk rond na water, dog sien die nuttige laafmiddel nie in sy nabyheid nie, so probeer hy weer wa<sup>t</sup> soene kan uitrig." ( V.v.V.,p.33;34.)

Opsetlike oordrywing bewys 'n mededeling omtrent telegraaf- en poswese vroeër in ons land, nl.:

"Weens gebrek aan telegraafverbinding het selfs die tydning vanveraf gestorwe vrinde die famielie en vrinde bereik as die afgestorwene reeds dood, begrawe en haas by sy opstanding is." ( H.&V.,p58.)

### (xxiii) Leestekens.

Op die belangrikheid van die/ <sup>regte</sup> gebruik van leestekens is gewys op bladsy 26 en 27. As 'n skrywer die leestekens nie reg gebruik nie, kan dit 'n nadelige invloed op sy styl hê.

Dat von Wielligh die leestekens nie besonderlik goed gebruik het nie, word baie maal in sy werke gevind:

Ons begin by die komma.

"Die ou dokter het my dadelik iets gegge om te drink en het daarop kerfies om die wond gesny en die teëgif daarin gesmeer. Hierna het hy die verpleging verder op hom geheem, en na 'n uur verklaar hy my buite gevaar. Van toe af kom daar 'n hoopvolle stemming op die gesigte van almal rondom my, mog daar 'n traan verder geval het dan was dit 'n traan van blydskap, omdat my lewe gered was." (G.B.,p17.)

Na "drink" moes 'n komma gevolg het. Dit sou die een en oorbodig gemaak het. Die twee enne lees hinderlik. Na geneem moes geen komma gestaan het nie, omdat die subjek in albei sinne dieselfde is en die pouse nie van so 'n aard is om deur 'n komma aangedui te word nie. Die komma moes óf weggelaat gewees het, óf 'n punt in sy plek geskrywe gewees het. Van af Van toe tot by my word 'n volledige gedagte uitgedruk. Von Wielligh het die komma daar verkeerd gebruik. 'n Punt is daar die aangewese leesteken. Vir my gevoel moes daar 'n komma na geval het staan, aangesien daar spanning is. 'n Ander rede is dat 'n komma geplaas moet word voor 'n byw. bysin deur 'n voegwoord ingelei, na 'n hoofsin. (Afr. T.,p.15)

Neem 'n ander geval:

"Onderwyl was my pa by met sy kruithoring, hy gooi buskruit op die wond steek dit aan die brand en herhaal dit tot driemaal toe." (G.B.,p.17.)

Na kruithoring verwag ons 'n punt, geen komma nie. Na Wond moet 'n komma staan. Von Wielligh het dit eenvoudig weggelaat.

Waar die sin met 'n werkwoord eindig en 'n <sup>n</sup>adereen met 'n werkwoord begin, moet 'n komma tussenin staan. Ten opsigte hiervan sondig von Wielligh baie.

"Voor oupa die kissie met poppe agter op die kar vasmaak wou ek nog 'n slag my pragtige waspop in my arms troetel,...."



"En soos 'n kind is vat ek somar 'n blindeekoers ..."

"Na ek die ander Tarentaaleiers rou opgeëet het het ek die deur van die hut so stewig oogemaak as ek maar kon..."

"Voor ek die deur van die hut oopmaak loer ek eers deur die skrefies ..."

"Noudat Wagter by my uitgekom het ontvlam 'n brandende verwagting ..."

Teenoor hierdie voorbeelde kan weer baie van dieselfde konstruksie gegee word waarin von Wielligh toon dat hy die komma wel korrek kan aanwend. Ek kry die indruk dat hy met die komma na willekeur gehandel het.

Ten tweede ondersoek ons die punt. Vir hierdie lees-teken en vir al die ander het ons die waardevolle studie oor: "Die Gebruik van die Leestekens" van Dr. T.H. le Roux in sy "Afrikaanse Taalstudies" (1937), geraadpleeg. Wat die punt betref is die saak nie moeilik nie.

"Sinne wat volledige gedagtes bevat, word deur 'n punt afgesluit," aldus Dr. le Roux. Die saak is dus heel eenvoudig.

Von Wielligh het hom nie aan die volledigheid van gedagtes gesteur nie. Waar hy hulle met 'n en of met 'n komma kon verbind, het hy nie geaarsel nie.

"Die gevaar is verby, ek trek my knietjies sittend tot onder my ken, vou my arms daaromheen, ek lê toe my hoof op my knieë en probeer so om te sit en slaap."

Na verby behoort 'n punt te staan, so ook na daaromheen.

'n ~~Andere~~ voorbeeld waar en moes vervang gewees het deur 'n punt, is die volgende:

"Verder het ek brandhuo<sup>u</sup><sub>o</sub>t gaan haal en daar die weer dreig om te reen het ek ook die drag hout ook binne in die hut geplaas om droog te bly."

Na haal word tog duidelik 'n volledige gedagte afgesluit. En verbind die volgende gedagte met die voorafgaende op 'n onnatuurlike wyse. Nie die eerste twee gedagtes

eis die verbindings met en nie, maar die volgende twee staan in 'n natuurlike verband met mekaar.

Ons haal nog 'n paar voorbeelde aan. Die strepie onder woorde dui aan waar 'n punt moes staan.

"Ek voel toe somar dat ek weer daar in die hut moes slaap, so het ek met my mes nog meer gras gesny .."

"Dit was egter te veel vir my, so het ek die opgeete deel in die potjie gelaat."

Graag wil ek onder die aandag van die leser bring dat die gegewe twee voorbeelde 'n tipiese interpunksiewyse van von Wielligh is. Daar is min so'swat nie deur 'n komma voorafgegaan word nie.

Die derde leesteken is die rusteken of strepie wat deur von Wielligh tot vervelens toe gebruik word. In die meeste gevalle dui dit nie 'n aanmerklike pouse aan nie en gees ook nie te kenne dat die aandag gespanne is nie.

Ek kan hier met die grootste beslistheid verklaar dat die aanwending van die strepie die mees in die ooglopende interpunksiewyse van von Wielligh is. Daar is amper geen bladsy in enige werk van hom waarop die strepie nie veelvuldig voorkom nie. Daar is geen skrywer in die Afrikaanse Letterkunde van wie dit <sup>op</sup> hierdie oomblik kan gesê word nie. Daar is ook geen skrywer vir wie se styl die gevolge so fataal was as vir G.R.von Wielligh s'n nie. Dit is amper onnodig om te konstateer dat die strepie in die meeste gevalle <sup>ve</sup>keerd gebruik word.

Ons noem 'n paar voorbeelde om aan te toon waar von Wielligh die strepie tog goed gebruik het.

(a)"Maar nou dat ek tot die jare van onderskeiding gekom het, nou eers kan ek dit alles verstaan dat dit net soos met Josef---tot my beswil was opdat ek later ander tot seën sou wees."

(b) "Ons ouers het die Bybel, wat teenwoordig in baie gevalle so geminag word, meegebring - meegebring en gelees - gelees en in hul swakheid <sup>a</sup>nagestreef."

In albei gevalle is die aandag bepaal ~~by~~ wat volg. In (b) egter is die lees van gelees en gelees hinderlik. In die volgende geval is dit treffend gebruik:

(c) "Toe het ons begin swerwe soos skulpaaie - die een aand agter hierdie bos, die ander aand agter daardie bos, tot ons eindelijk by daardie oubaas en onooi uitgekomm het."

Voor tot moes 'n tweede strepie gewees het.

Om die leser te laat besef hoe verkeerd die strepie gebruik word, ~~men~~<sup>f</sup> die volgende gevalle van naderby beskou word:

(a) "Doe prente was hulle boeke, wat hulle geskrywe het - party tekenings is rooi, ander swart en ander weer wit."

Die strepie moes hier deur 'n punt vervang gewees het.

(b) "... terwyl die pligte - die eentonige pligte - ons moeders by die tente hou."

Die strepies kon uitgeskakel gewees het. Baie meer indruk sou verwek word deur die sin as volg te skrywe:

"... terwyl die eentonige pligte ons moeders by die tent gehou het." 'n Ander metode is om die eentonige pligte tussen twee kommas in te sluit.

(c) "Weer laat hy ons sing, maar geen kind kon uit volle bors sing nie - daar was iets strams in <sup>o</sup>ns kinders se keeltjies."

Die strepie na sing nie is beklis verkeerd. 'n Dubbelpunt is die regte leesteken hier.

(d) "Na verdamping werd die dammetjie weer opgevul om dieselfde handelwyse voort te sit - tot daar genoeg sout is om op te ~~trap~~<sup>g</sup>ap."

Die streep is onnodig, Daarmee word niks behaal nie. Dit is glad nie nodig om die aandag by die laaste deel te bepaal nie.

Op dieselfde wyse kan die meeste strepies oorboord gegooi word. En tog was von Wielligh daarvoor besonder lief.

Sover ek kon vasstel is die orige leestekens taamlik goed deur von Wielligh gebruik.

(xxiv) Byvoegings of Sterte.

Dit is opmerklik dat in "Jakob Platjie" op byna elke bladsy van hierdie stylmetode gebruik gemaak word. Ons moet sê dat dit veral in hierdie werk baie vervelend word.

Onder byvoegings word verstaan die wyse waarop 'n gedagte uitgeput word. Hierdie uitputting van 'n onderwerp is iets waaraan selfs vader Cats hom skuldig gemaak het. Dit is iets waarteen veral didaktiese skrywers moet waak.

Von Wielligh kan maar nie maklik met 'n gedagte afsluit nie. Gedurig moet hy een of ander stert byvoeg, sonder voldoende rede daarvoor en sonder dat daarmee iets goeds bereik word. Die invloed wat dit op die leser het, is nadelig. Hierdie metode doen afbreuk aan die natuurlikheid van sy styl.

Die byvoegings weerspieël 'n ander eienskap van von Wielligh, die mens en skrywer: sy groot entoesiasme of begeerte om niks van die dinge waarvan hy kennis dra, verlore te laat gaan nie. Die feite wat hy gee, moet gedurig verklaar en uitgebrei word.

Vanaf bladsy 93 tot 108 in "Jakob Platjie" word baie dingetjies omtrent die inwoners van Boesmanland, blank en nie-blank, meegedeel. Dit bevredig tot 'n sekere hoogte die weetgierigheid van die lesers. Onses insiens moes die hele hoofstuk VIII net oor die Boesmanlanders gehandel het.

Heel onverwags word egter 'n halwe bladsy as 'n stert tot die hoofstuk bygevoeg. Die leser word gedwing om te luis<sup>t</sup>er na die menings van ou Samuel oor die volgende: (a) of 'n Boesman 'n siel het; (b) of d<sup>e</sup> Boesman 'n taal het; (c) of hy vuurmaak; en (d) of hy honde aanhou. Op al die vrae antwoord die skrywer: Ja

"Waarop die persoon die aanmerking maak: " Nou noem my een dier op , wat 'n bepaalde taal het, wat vuur kan maak en wat honde <sup>o</sup>anhou!" en daarop laat volg: " Die naaste diere aan 'n mens in die mens-ape en hulle het geen taal, kan nie vuur maak nie en hou geen honde aan nie." ( J.P., p.109)

Hierdie laaste mededeling hou geen verband met die voorafgaande mededelings nie.

Wat na die streep in die volgende staan, spreek vanself. Dit was onnodig om so'n vanselfsprekendheid by te voeg:

"In daard<sup>e</sup> dae was Boesmanland nog nie in afsonderlike boerplase opgemeet nie.- die verdeling in plase is eers later geskied." ( J.P., p.33.)

Uit die lug gevang en vasgeplak is die onderstreepte deel in die volgende:

"Met die grootste voldoening gaan ek op my grasbedjie lê en kon maar my oë van die vlam nie afhou nie.- al was die kers op 'n platklip vasgeplak." ( G.B., p.112.)

( Ek het onderstrep)

Wie noukeurig aandag aan hierdie sy <sup>e</sup>wan von Wilkigh se skryfwyse skenk, sal vir homself genoegsaam bevestiging vind van wat ek aangeraak het.

HOOFSTUK V.G.R.VON WIELLIGH SE TAAL.

Ons het reeds op bl. 14 - 16 aangetoon dat daar 'n baie nou verband tussen taal en styl bestaan. As 'n skrywer die medium van sy styl, nl. die taal, swak gebruik en selfs nie behoorlik ken nie, affekteer dit sy styl ten kwade.

Wat ons in hierdie hoofstuk bespreek, is dus 'n voortsetting van Hoofstuk IV, omdat " Taal" en " Styl" nie geskei nie, maar wel onderskei kan word. (Sien bl.16.). 'n Goeie styl word geken aan die mees doeltreffende taalgebruik. Baie taalfoute is hinderlik en maak nie deel uit van 'n hoogstaande styl nie.

Die Taal van von Wielligh word van uit twee gesigspunte benader: A. Die taalgebruik en

B Die Sinsbou.

Ons begin met

A. Die Taalgebruik

Onder hierdie hoof sal ons nie alleen let op die gebruik van die woorde nie, maar ook ten dele die plek van die woorde. Laasgenoemde word nader behandel onder B. nl., die sinsbou.

(I) Die Werkwoord.(i) Die Historiese Teenwoordige Tyd.

Von Wielligh het op so'n wyse vertel dat die gebeurtenisse in die teenwoordige tyd plaasvind. Daarvoor het hy gebruik gemaak van die historiese teenw. tyd, wat deur *hom* goed aangewend is. Dit pas goed by die vertelstyl soos syne. Dit het die lewendigheid en aanskouelikheid van sy styl verhoog.

Die volgende is 'n goeie voorbeeld om te verduidelik wat ons bedoel:

"Bo-oor die duine tussen die fyn bossies deur loer ons. Ons sien die veewagter lê 'n tree of wat van die vuur, hande en voete geblyde. Drie Boesmans sit om die vuur vleis te braai. Af en toe vat een 'n stomp vuur en brand daarmee die wagter onder sy voete en ander dele van sy liggaam - en dis vir sy pynlike geskree wat hul sodanig lag! Die wrede moordenaars sit met hulle pylkokers agter hul rug; dog hul boë lê op 'n bossie." ( Boesm.,pl25.)

(ii) Die onvoittooide verlede Tyd.

Hier word gebruik gemaak van toe wat 'n skynbaar teenwoordige handeling in die verlede verplaas.

Von Wielligh was lief vir hierdie metode. Soms word dit egter taamlik vervelend, weens die veelvuldige gebruik daarvan. Dit is glad nie onmoontlik om toe in baie gevalle eenvoudig weg te laat nie. Ons haal die volgende aan:

"Ons vind toe uit dat ons mense toe in 'n moeilike posiesie gewikkel is, want om met, of sonder, die bondels bossies te retireer val nie aan te dink nie. Ek sien toe dat ons mense werklik ten einde raad is. Ek sê toe somar uit 'n grap ..." ( Boesm.,4,p.46.)

En:

"Daar spring toe weer vier Boesmans by hulle verby ook bergaf. Die tien man haal toe twee Boesmans neer. ...

"Ons gaan toe verder die koppie deursnuffel en vind toe op sandplekke baie spore en handdrukke soos die Boesmans deur dōe wagte gekruip het." ( Boesm.,4,p.48)

(iii) Verwaring van Tye.

As 'n skrywer die tye van die handeling verwarrend gebruik, werk dit steurend op die leser in. Ten opsigte hiervan het von Wielligh baie gesongig. Lees maar die volgende:

" Dit was stil en ek voel deur murg en been bang; ja, iedere klop van my hart op my grasbed kon ek hoor. Al s om my en in my was donker en dit laat my aan bid dink -

en die tyd vir bid is daar. Met so 'n diepe erns as nooit tevore nie, het ek al die gebede wat my ma my geleer het een na die ander opgesê - tot die tafelgebed het ek in my eenvoud nie nagelaat nie. Dit maak my geruster." ( G.B.,p.79.)

Bogegewe stuk toon dat die skrywer die verlede en die teenwoordige tyd deurmekaar gebruik het asof hulle bymekaar hoort. Die leser kry die indruk dat die skrywer nie versigtig teenoor die werkwoordtipe staan nie. Dit word verder bewys deur:

" Ons het die ganse dag in die veld rondgery, maar het nog geen bobbejaan op die lyf geloop nie. Ek pla toe die kapteintjie dat dit s y swart pluishoed en verbleikte manel is wat die bobbejane oor die randjies verdrywe het ." ( N.S.,p.72.)

Die leser sal baie gevalle in von Wielligh se werke kry waar die verwarring van tye hinderlik is. Hy kon meer aandag aan die tye van die werkwoord bestee het.

(iv) Deelwoorde.

(a) Die onvoltooide deelwoord. word deur von Wielligh op 'n onafrikaanse wyse gebruik.

In Afrikaans gebruik ons die onvolt. deelw. as 'n attribut. byvoegl. naamw., as 'n selfst. nw. en as 'n byw. of as 'n voorsetseel. ( Afr.Spr.,p 123 - 125.). Die onvolt. deelw. het byna geheel en al sy werkwoordelike funksie verloor. Von Wielligh wil daardie werkw. funksie behou. Hy wend dit egter op so 'n wyse aan dat ons nie baie beswaar daarteen het nie. Hierdie metode van skrywe was in baie gevalle kenmerkend van die ouer geslag.

Die onvolt. deelw. word deur von Wielligh as 'n byv. bepaling by die subjek gebruik. Dit sien ons in gevalle soos:

1) "Voortgaande het ons Kaapse Hoop daardie aand bereik en alles by die tent onder die sorg van ons Kaffers in order gevind." ( L.d.L.,p115.)



2) " Daarna word die kop van die Kaffer kaal geskeer, latende net die ringhare waaraan die ring bevestig is." ( L.d.L.,p.149.)

3)" Steeds op die weg van Bob lopende kom hul by die tronk verby ..." ( J.P.,p.25.)

4) " ... altyd in gedagte houdende dat ek suinig met ons vleis moet omgaan ...." ( G.B.,p.107.)

**(b) Die Voltooidede Deelwoord.**

Dit kom voor in verbinding met hulpwerkwoorde om voltooidede tye te vorm en om die lydende vorm uit te druk. ( Afr. Spr.,p.125.)

Wanneer dit gebruik word om die verkede tyd uit te druk, kry die werkwoord meestal 'n voorvoegsel ge-, bv.: ek het geskrywe, gesit. By skeidbaar samegestelde werkwoorde staan ge- tussenin. Ge- word gewoonlik gebruik by afgeleide werkwoorde wat reeds een van die voorvoegsels: be-, er-, ver-, ge-, her-, ont- het nie.

Dit is iets buitengewoons om die verhoë vorm van die voltooidede deelw. in verbinding met die hulpww. te kry.

Ons gee 'n paar voorbeelde om aan te toon hoe von Wielligh dit gebruik het:

1)" Dit was toe al skemer geworde, hulle was klaar met eet en het ingespan." ( J.P.,p.49.)

2) " Gert gaan dan met die los perd, wat aan die kar gebinde is, terug om die geld te ontvang." ( J.P.,p.51)

**(c) Die Volt. Deelw. plus Infnitief.**

"Wanneer die infnitief gebruik word om 'n werking as afgeloop voor te stel, vertoon dit 'n ander vorm as die gewone. Hierdie voltooidede tyd van die infnitief word gevorm deur te plus voltooidede deelwoord plus het" ( Afr. Spr.,p.121.), bv.:

"Jy behoort dit te gedoen het"

" Hy skyn dit te geweeet het."

Wanneer egter te hê in Afrikaans aangetref word, is so'n gebruik die gevolg van Nederlandse invloed. (Afr. Spr., pl21.)

Voorbeelde in von Wielligh se werke waar die Nederlandse invloed nagewerk het, is die volgende:

1)" .... want by daardie tyd was ons dik vriende en begin al as eie broers te gevoel ." ( L.d.L., pl02.)

Hier wil ek toegee dat ~~by~~ genoemde geval deur sommige persone as korrek sal beskou word.

2)" Hiermee was die besigheid vir die dag afgeloop en daar ons niks anders met hom te praat had nie, staan ons op na Kafferbier gedrink te hê ." ( L.d.L., p.156.)

3) " En na nog die middag by die seehoof aan dêe oewer deur gebring te hê ...." ( L.d.L., p.338.)

4)" Na nóg 'n ruk gedink te hê en nog g'n plan gekry te hê nie, stap hy die veld in ..." ( D.-sto., p.2. deel 11.)

#### (v) Die Infinitief.

Die infinitief bly in Afrikaans onverboë, behalwe in bepaalde uitdrukkings, soos: sy gesondheid laat baie te wense oor; hy het dit te kenne gegee.

Von Wielligh het die infinitief na willekeur verbuig, soos blyk uit:

1)" By die eerste die beste geleentheid, toe ons Grootrivier naar die suide oorgetrek het, het hy dadelik naar die plek gestap waar verf en olie te vinde was." ( N.S., p.38.)

Hierdie gebruik van die infinitief staan onder Nederlandse invloed.

2)" Want die wat langs 'n publieke pad gaan neerlê om rus te vinde ..... sal in sy sluimer deur nagmerries verstoot worde ." ( J.P., p.25.)

3) " Bo, regoor die kans, het hy geen bos of boma kan vinde om sy riem aan vas te binde nie." ( J.P., p.87.)

(vi) Nuwe Werkwoorde.

Dit het eenmaal gebeur dat von Wielligh sy taal ver-ryk het met die skepping van nuwe werkwoorde. Dit het gebeur met kruis en dwars.

"Kruis en dwars dit, snyspoor en snuffel op die grond, maar wat nie daar is nie, is wolf." ( D.-sto., p.51, deel 1.)

(vii) Is - as .

Is gevolg deur as is 'n swak konstruksie. Ons het baie gevalle van hierdie taalfout in von Wielligh se werke op-teken. Ons gee daarvan net drie voorbeelde:

1)" Die eerste is, as hy agter'n afgewaaide hoed aan hardloop ...." ( S.j.M., p.104.)

2)" Die eerste is, as hy meel uit 'n diep kis uit-skep ..."

3) ".en die ywede is, as hy die jawoord uitspook."  
(S.j.M., p.104.)

(11) Die Byvoeglike Naamwoord.(a) Onverboë.

Die onverboë byv.nm. word deur von Wielligh tog verbuig. Hier weer voel ons die invloed van Nederlands.

1) "... dan het sy vir komediespel hier 'n skone geleentheid gehad ..." ( S.j.M., p.15.)

2) " Dog as hulle op lange afstande gaan ..."  
( H.&V., p.31.)

3)" Sulke mooie tekeninge het hy <sup>t</sup>revoë nie gesien nie ..." ( N.S., p. 93.)

4)" Met die handbyltjies en die grote Amerikaanse byl ..." ( N.S., p.94.)

5)" 'n Mooie pret om te sien ..." ( J.P., p.109.)

6)" Ons bleke lippies bewe ..." ( B.B., p.32.)

(b) Verboë.

Byvoeglike naamwoorde wat moet verbuig word, laat von Wielligh weer/onverboë. Dit blyk uit:

- 1) " Op 'n seker dag het pa se suster ..." (G.B.p 27.)
  - 2) " .. het daar in die omliggende gebergtes 'n seker geleerde Duitser ..." ( L.d.L.,p.93.)
  - 3) " Verder hulp van die bure was oorbodig ..." ( S.j.M.,p.9.)
  - 4) " ... ieder ding het sy lig- en skadukant ..." ( S.j.M.,p.165.)
  - 5) " Hy is 'n trots dier ..." ( Boesm.,4,p.4.)
  - 6) " ..om (n vriendelik ontvangs ..." (D.-sto.,p.46.)
  - 7) " 'n Aangenaam tyd ..." ( V.vV.,p.169.)
- Seker is die attributiewe byv. nw. wat die meeste in von Wielligh se geskifte onverbuig voorkom.

### III) Die Voornaamwoord.

Die vorme wat von Wielligh vir: (a) die besitlike vnw. en (b) die aanwysende vnw. gebruik is opvallend.

#### (a) Die Besitlike Vnw.

In plaas van se gebruik von Wielligh haar, hulle (hul) en sy.

- 1) " Noudat Ester haar ouers albei dood is .." (S.j.M.,p.180). " Dit was twee maande na Tant Annie haar dood ... ( S.j.M.,p.237.) ; " en die moeder haar mond ..." ( Boesm.,2,p.103.)
- 2) " Die leeus hulle huis was so veilig ..." ( Boesm.,2,p.103.)
- 3) " Maar die seun sy ma wil dit nie weet nie .." ( D.-sto.,p 55, deel 2)
- 4) " Die aand na ete, word by Willie hul huis aan die deur geklop." ( H.& V.,p.15.)

#### (b) Die Aanwysende Voornaamwoord.

Die word i.p.v. dit gebruik.

- 1) " .. want by die handelaar het hy mos nuwes vir hom gekoop en het die reeds in gebruik geneem." (G.B.p 72)
- 2) " Die asem van 'n soete luggie laat die takkies

van die rankplant effentjies aan die ruite tik, asof dié  
soebat om binnegelaat/<sup>te</sup>word." ( S.j.M.p,45.)

Die word ook as 'n selfstandige aanwysende Vnw. gebruik, i.p.v. die gewone pers. vnw. hy , bv.:

1) " Hy vat die leer uit die hand van sy helper, waarop dié gestaan het ..." ( S.j.M.p.37.) ; " ... terwyl die gekleurde weer op sy beurt die blanke bespot, omdat dié so bleek is." ( S.j.M.,p.165.)

#### IV) Die Voorsetsel.

Die wyse waarop von Wielligh die voorsetsels gebruik, is nie altyd in die haak nie. 'n Paar voorbeelde sal dit genoegsaam bewys.

##### AAN.

1) " Ek had vereers nog baie pyn aan die wonde .." ( L.d.L.,p.91.)

2) " Die skuld het nie juis aan Wolf gelê nie .." ( D.-sto.,p7,)deel 1)

3) " Hierdie plan moes ek baie duidelik maak aan my Boesmans." ( N.S.,p.99.)

1) en 3) is nie noodwendig fout nie, 2) wel Dit sou egter beter wees as aan in 1) vervang word deur van; in 2) moet dit vervang word deur by. Al gebeur dit ook, is die sin nog nie mooi nie. 'n Beter sin is: "Dit was nie Wolg se skuld nie."; in 3) moet aan vervang word deur vir, hoewel aan in hierdie geval nie noodwendig 'n fout is nie.

##### VIR.

1) " .. ek het toe tot my eie ongerief en vir spektakel vir ander by onskar gaan sit .." ( L.d.L.,p.107.)

2) " ... Maar in die namiddag het daar iets ernstiger met Kalie voorgeval, wat my nie in die geleentheid gestel het om vir hom wederkerig uit te lag nie." ( L.d.L.,p.108.)

3) " Kalie en ek het juis in daardie tyd weer na Hloetie vir proviesie terug gekom ...". ( L.d.L.,p.193.)

In 1) moet as geskrywe word i.p.v. vir; in 2) moet vir lievers uitgeskakel word, en in 3) moet ook dieselfde gebeur. Dit sal dan meebring dat die sin 'n ander bewoording moet kry.

Omdat vir se gebruik ons aandag werd is, gee ons nogmeervoorbeelde.

4) " Hy probeer om een van die Bosvarkies vir 'n vrou te neem .." ( Boesm.,2,p.28.)

5) " Vir kamaste het hy twee stukke omgekrulde boombas gebruik ... Vir 'n paar stewels moes 'n paar beeskloae diens doen." ( D.-sto.,3,p.24.)

6) " Jakhals sien vir Wolf aankom." ( D.-sto.1,p.3.) ; Wolf vertrou vir Jakhals .." ( D.-sto.,4,p.13.); "Jakhals hou 'n ander stuk vleis in sy hand en maak hartjieseer vir Wolf." ( D.-sto.,4,p.20.)

7) " Daarom het sy hulle vir dood opgegee .." ( N.S.,p.30.)

I.p.v. vir moet geskrywe word: as in 4); as in 5); in 6) moet vir in al die gevalle nie geskrywe word nie. In die laaste sin bo gegee, sal Wolf net na maak moet staan; as in 7).

#### IN.

1) " In uiterlik het die woonhuis nie van die alledaagse geboue verskil nie .." ( S.j.M.,p.9.)

2) " Fant staan op , vat 'n groot gelooidebokvelgraansak om die volstruiseiers in te gaan haal ..." ( S.j.M., p. 26.)

3) " Intussen kom die pot met die vet op die vuur om die poffertjies in te bak....." ( S.j.M.,p.26.)

#### (V) Voegwoordstoplappe.

Voegwoorde is gewoonlik nie stoplappe nie. Word hulle egter nie afgewissel nie, word hulle hinderlik.

Met vrymoedigheid kan gesê word dat von Wäelligh

die voegwoorde: en, maar, want, dog, dan, daar en andere so baie gebruik het, dat hulle stoplappe geword het, woordjies sonder lewende krag, onbesield. Byna elke bladsy van sy werke wemel van hierdie voegwoorde. Von Wielligh het hom blykbaar nie daarvoor bekommer nie. In die meeste gevaale waar hulle in sinne voorkom. kon beter sinne saamgestel word. So 'n skryfwyse het onvastheid meegebring.

Om die leser maar enigszins 'n idee te gee hoe sommige stukke van voegwoorde wemel, gee ons 'n paar voorbeelde.

1) " Kraai voel net honger, en het 'n siek springbok onder 'n bossie sien lê; maar hy sien geen kans om die siek dier daad te maak nie. Hy probeer toe om die bok se oë uit te pik; dog so siek was die springbok nog nie, en wou so 'n martelingsonder weerstand nie verdra nie - dus gaffel hy vir Kraai iedere keer met sy horings." ( Boesm., 2, p.3.)

2) " Toe tel hul haar <sup>e</sup>veertig op en lei haar saggies na haar moeder haar huis toe; waar sy lank siek gelê het, maar <sup>e</sup>beer geword het. Dog Erdvark het sy goed laat agterbly en het nie gewaag om sy vrou weer te kom haal nie...." ( Boesm., 2, p.28.)

3) " Hond staan toen vir Boer te blaf, waaroor Boer lag; want hy het so iets nog nie gehoor nie en vind dit erg prettig. Hy roep Hond nader, dog Hond was bang en wou ook net die spat neem. Dog Boer paai hom en vra waarom hy vir Jakhals gelos het, want daardie vergalgste skelm moes dood gebyt gewees het" ( D.-sto., 1, p.51.)

Hoe vervelend en hinderlik die gebruik van sekere voegwoorde word, sal duidelik blyk, wanneer ons daartoe oorgaan om voorbeelde van elke afsonderlike voegwoord te gee. Ons begin met

#### EN.

1) " Org het daardie aand van die opgewondeheid en vermoënis hoofpyn gehad en is vroeg na bed <sup>e</sup>gegaan. Sy

vrou, Nellie en Sytjie neem Frankie na die voorkamer, terwyl die twee meisies en hulle jongkêrels teen sy sin in die eetkamer bly sit. Weer word Frankie se seun se arm verpleeg, en te die tong van die Hollandse klok tienuur aank<sup>o</sup>ndig, is Frankie na sy slaapkamer gebring geword, en een van die jongkêrels help hom met uittrek - waaroor hy ook nie te lekker voel nie .... Toe eers ontpop hy sy opgebottelde gedagtes en gee hul sigbare vleuels om oor die gebeurtenisse van die dag, oor die twee jongmeisies en oor homself, te laat vlie. Daardie gevleuelde gedagtes het dit in hulle koppe gekry om 'n klomp soet drome en 'n spul nagmerries na Frankie se slaap~~u~~<sup>s</sup>ing aan te ja. En daardie soete drome en daardie nagmerries pak hom by beurte aan ..." ( S.v.M., p.94.)

2) " Daar het ons twee dae vir hom gewag. maar nog daag hy nie op nie, en die kos van die delwers, wat nie te veel kon meebring nie. raak toe al op en ons begin mededeel- saam te word tot almal se kos op was en daar/<sup>is</sup>ons hopeloos in die woeste gelaat en die terugreis is ver<sup>o</sup>om sonder kos te trek." ( L.d.L., p.105.)

### MAAR .

1) " Hy was 'n kiewelkop, maar as hul nie lol nie, dan was daar nie 'n beter man as hy nie ... Maar die jongste- dogter was darem regte mooi; sy was 'n terggees van die bestes, baie deur die wind~~ma~~<sup>o</sup>ak van die moeder bederwe. Maar tog met dit al, was die j<sup>o</sup>ngmense gek na haar .... Maar kom die ou moeder in die geselskap, dan is dit maar weer so." ( Boesm., 2, p.101-102.) .

2) " Maar toe hy 'n voel<sup>o</sup>geword het, het hy nie meer geloop nie, maar het net gevlie om sy kos te seek."

(Boesm., p.28.)

### WANT .

1) " Sy weet net hoe om met mense deur drome te gesels, want sy is die moeder van Drome ... op die vlaktes kan



sy haar goe<sup>d</sup>~~te~~ verstaanbaar maak, want sy gee lewendige bedrieglike beelde .." ( Boesm.,1,p.55.)

2) " Die feesmaal by oom Piet aan huis het niks te wense oorgelaat nie; want die voorbereiding het reeds lang tevore vir die nodige gesorg. Die fees het laat geduur: die oumense he<sup>f</sup> lekker hulle harte uitgesels, terwyl die jong geselskap hulle met speletjies vermaak; want daar mog by oom Pietnie gedans word nie." ( H.& V.,p.31-32.)

### Dog.

1) " Dog huislike pligte het pa terug na sy plaas geroep en hy het by hierdie tyd deur suur lesse geleer: as iets op sy prettigste is, om dan op te hou. Dog hy gee my verlot om agter te bly ..." ( L.d.L.,p.102.)

### VERDER.

Hierdie woord val nie eintlik onder dae groep " voegwoorde" nie; dit kry egter die kleur van 'n stoplap. Daarom voeg ons dit in. In die meeste gevalle word dit vekeer deur von Wieligh gebruik.

1) " Ons twee gaan toe verder ~~die~~ dag as vakansie deurbring ... dog hy wou hom aan onsekerheid of dobbelary, soos hy dit noem, nie verder waag nie. Daar ek reeds mondig was, het pa ingestem dat ek verder op my eie kan voortgaan. en moedig ons/verder <sup>aan om</sup> ons geluk te beproef." ( L.d.L.,p.118-120-

2) " ... die verskrikte dier spring met 'n geweldige geknor uit die voetpad, dwars oor die slapers en neem verder die wyk veld in ..." ( L.d.L.,p.111)

### DAN.

1) " Ons kan dan goed met mekaar gesels en ons vind dan baie dinge by hulle uit." ( Boesm.,4,p.27.)

2) " Als daar gevaar is, dan kan jy blaf, dan kom ek help. Maar als ek onraad gewaar of dat iemand my aanpak, dan sal ek fluit en kom dan op die daad." ( D.-sto.,1,p.51.)

DAAR.

1) " Steeds kom meer en meer ossewaens op die kerkplein uitspan, want die opkoms met April-Magmaal is gewoonlik die grootste, daar die veeboere daarna met hul vee na die bosveld trek om gelykertyd die nodige behoeftes in te koop, daar die winterverblyf lank duur. Met dit alks was ek hoog in my skik, daar ek nou nes die dorpskinders sou lyk." (G.B., p.65.)

As von Wielligh sy sinne beter omgesit het, kon hy baie van die voegwoorde uitgeskakel het. Die voegwoorde wat mekaar so snel opvolg is hinderlike elemente vir die student wat na 'n goeie styl soek. Die onbeholpe gebruik van die voegwoorde bring mee dat von Wielligh se styl as los, lomp, stoterig en stamperig aangevoel word.

(VI) VERNAAM.

Dit is 'n woordjie waarvoor von Wielligh ook baie lief is. Hy gebruik dit in die betekenis van , of in plaas van, vernaamlik en veral

1) " Hy versoek my dat ek my kennis van die Hotnot en Boesmantale nêe moet verwaarloos nie - vernaam nou dat Vondel weer naar Namakwaland vertrek het." ( N.S., p.61,62.) ( vernaamlik, beter: veral.)

2) " Hy was onuitputlik in sy vertelling oor ongediertes en hulle velle en oot die mooi karosse wat die inboorlinge - vernaam sy nasie - kan maak en het om te verkoop." (N.S., p.69.)

(VII) ALTEMITTERS EN ALJIMMERS.

Dit woordjies wat ons vandag nie meer in die skryftaal teëkom nie. Hulle is egter deur von Wielligh as volg gebruik:

1) " Dit sal nie altemitters wees nie ....", sê Iedries. ( J.P., .24.)

2) " Dit is nou nie altemitters dat oom se tata man honderd was nie." ( J.P., p.93.)

3) " Gedurig dwaal sy oog van <sup>i</sup>die een veldtoneel na die ander en keer aljommers terug vanwaar dit begin het." (V.v.V.,p.18.)

#### VIII) AF.

Hierdie woord word soms gebruik met die betekenis laer af:

1) " Al die negosiegoed word nou op Koos se wa gepak om daarmee verder af te gaan." ( J.P.,p.120)

2) " Langs Hartebeesrivier af sit Koos Fonk sy reis voort." ( J.P.p.121.)

In voorbeeld 2) kon af weggelaat gewees het, sonder betekenisverandering.

#### (IX) VAN.

Hierdie woord word op 'n eienaardige manier gebruik. Lees die volgende:

1) " Nouliks het ek 'n 200 tree voetpad langs van die terrasvormige krans gevorder of 'n tweede donderstorm bars los." ( L.d.L.,p.129.)

2) " Van sowat het ek nêrens op 'n plek belewe nie." ( L.d.L.,p.183.)

3) " Eindelik word slang van die water <sup>u</sup>koud." ( D.-sto.,3,p.26.)

4) " Na die fees wat ons gevier het van die vee van die Hotnots, was ons minder gelukkig met die skiet van wild." ( N.S.,p.28.)

Van moet in 1) en 2) uitgeskakel word; in 3) moet van se posisie verander word. Dit moet staan <sup>na</sup>koud en gev<sup>o</sup>log word (met die water ; in 4) moet van vervang word deur met

#### (X) NA OU GEWOONTE.

Dit is 'n sinsdeel wat baie <sup>u</sup>duer<sup>u</sup> von Wielligh gebruik word.

1) " Aangenaam en huislik, na ou gewoonte , bly van meneer die gesin/Oukerk die aand in die eetkamer om die groot ta-

fel en gesels." ( V.v.V.,p.179.)

2) " Vir afwisseling - na ou gewoonte - stap hy na d<sup>i</sup>e m<sup>o</sup>re mark waar gesigte en <sup>h</sup>ame kom en gaan nes bye, wat daar stilhou en vertrek." ( V.v.V.,p.224.)

#### (XI) ALTYD.

I.p.v. gedurig gebruik von Wielligh altyd.

1) " Die trapsoetjies moet dit altyd onder hulle vergelde." ( L.d.L.,p.138.)

2) " As kinders het hulle altyd getwis en nie bymekaar kon slaap nie ." ( Boesm.,p.163.,deel 1.)

3) " Hasie was altyd 'n mannetjie wat op opskep geloer het." ( Boesm.,2,p.31.)

Die posisie van altyd in 3) is verkeerd. Dit moet na wat staan.

4) " Hy het altyd met hulle in die Boesmantaal gepraat." ( Boesm.,4,p.11)

5) " Na ek dit alles skoon gewas het, soos my moeder my geleer het om altyd te doen, skep ek die potjie vol water." ( G.B.,p.89.)

#### (XII) DIE MET + VERBINDING.

In hierdie geval het ons te doen met 'n gebruikswyse wat tipies van von Wielligh is. Uit die voorbeelde sal blyk dat die skrywer heelwaarskynlik probeer het om 'n kort uitdrukking te kry om sy gedagtes weer te gee.

1) " Met trek gaan die vee nie te ver van die waens nie." ( G.B.,p.38.)

2) " Met voortgaan kom ons nog op 'n ander treurspel af." ( L.d.L.,p.115.)

I.p.v. met trek in 1) moet geskrywe word " As daar getrek word " of " Terwyl getrek word." Dieselfde gebeur met geval 2). Die sin behoort ook ingelei te word deur terwyl met die verandering van die woordorde.

3) " Met die afslag en oopsny van die liggaam, kry ons die harpoen in die hart van die dapper dierkoning." ( Boesm.,4,p.6.)

4) " Met skilpad se rondstap kom hy by Boer se vyebome uit." ( D.-sto.,2,p. 41.)

5) " Met rondjag in die veld ontmoet Jakhals vir Wolf." ( D.-sto.,1,p.45.)

Sinne 2),3),4), en 5) moet liewers met Terwyl begin, bv. 2) Terwyl ons voortgaan, kom ons op nog 'n ander treurspel af. Die metverbinding moet dus liewers deur 'n sin vervang word. Ons gee nog 'n paar voorbeelde:

6) " Met omdraai kon dit nie verhoed word nie." ( S.j.M.,p.85.)

7) " Met terugkoms het ek eers die huisie uitgegee.." ( G.B.,p.105)

In 6) moet in plaas van die onderstepte deel geskrywe word: deur om te draai; in 7) moet met terugkeer vervang word deur na my terugkoms of deur : Nadat ek teruggekome het.

#### (XIII) VERKEERDE WOORDGEBRUIK.

Onder die hoof Sinsbou , bl./3/ word gehandel oor woordposisie . Daar word gewys op die noodsaaklikheid dat elke woord die regte plek in die sin moet beklee om die juiste weergawe van die gedagtes van die skrywer te gee.

Nie alleen is dit nodig dat 'n skrywer die juiste woordposisie moet ken nie, hy behoort tog in die eerste plek die korrekte woord te gebruik, sodat die regte betekenis duidelik blyk.

Von Wielligh is 'n groot sondebok in hierdie geval, soos uit die voorbeelde sal blyk:

1) " Algar kom uit en staan die naderende perd met die grootste angsvalligheid ( i.p.v. angs) te aanskou." ( S.j.M.,p.194.)

2) " Hulle rus 'n rukkie, vat die Hartbees weer op ... " ( D.-sto.,1,p.45.)

Daar word nie bedoel vat .. op nie , maar tel .. op of dra.

3) " Toe dit so reën vlug Reier tussen die digte takke van 'n groot boom; maar Jakhals draf in die nat op die oop vlakte rond waar dit <sup>u</sup>reën en die son skyn ... By rukke bly hy staan om na die reënboog te kyk." ( D.-sto.,3,p17)

4) " En ~~het hy~~ iemand gewond deur iets in drijf te sê, is hy die eerste om ekskuus te vra." ( H.& V.,p.14.)

5) " Ek had dit dadelik op ou Toi'koe, want sy uitkyk was slimmer en vriendeliker , terwyl hy altyd glimlag as hy praat." ( N.S.,p.31.)

Die bedoeling van bogegewe uitdrukking is nie duidelik nie. Miskien word daarmee bedoel: verdink . I.p.v. uitkyk moet gebruik word voorkoms.

6) " Die uitloop van ons gesprek was, dat hulle terug sou gaan om vir my op 'n seker plek te gaan wag." ( N.S.,p.87.)

'n Beter wyse van uitdrukking vir die eerste deel van bogenoemde sin is: " Ons gesprek het daarop neergekom , dat ..... " Uitloop is verkeerd gebruik. Uitkoms is die juiste woord.

7)" Hulle vermoeding ( vermoede?) was dat die Korannas ...." ( N.S.p.99.)

Von Wielligh skrywe verder die volgende:

" Dat hy vrugteloos na Drakensteinvolk rond in die strate van Paarl gesoek het".( J.P.,p45.); "Platjie voel hom huiwerig .." ( J.P.,p.50); " .. en Gert gaan oor Calvinia en set sy smoustog voort ..." ( J.P.,p.77.) ; " Hy het oom Willem en sy vrou, die huisvader en moeder, versoek om bo-aan die tafel die voorsitterstoele ( en dit by 'n feesmaal!) in te neem..." ( J.P.,p.128.); " Na die eet ( ete ) wil die weduwee weet, dat sy geen beslommering ( beslommernis?) het nie." ( V.v.V..p163.)

(XIV) Spelling.

Nie alle skrywers is dit eens oor die kwessie of die bywoord plus toe los of vas geskrywe moet word nie. Sommige skrywe huis toe, ander by wie die verbinding 'n eenheid gevoel word, skrywe: huis - toe, d.w.s. aan mekaar verbind met 'n koppelteken. 'n Derde groep voel huistoe, durptoe as eenheidsbegrippe net soos hiernatoe, soontoe. Gevolglik maak hulle daarvan 'n samestelling.

Von Wielligh as een van die ou skrywers, skrywe toe los of vas aan die voorafgaande woord. Dit werp duidelik lig op die feit dat in sy tyd die skryfwyse daarvan nog nie in een of ander rigting vasgelê is nie.

1) " Daar die perde reeds onder die saals staan, het ieder sy koers huistoe gevat." ( S.j.M.,p.30)

2)" ... behalwe een skuit, wat 'n hele ent verder kant toe gedra werd ." ( N.S.,p.11.)

3) " ... vir Vondel gehuur om met hom saam Kaapstad toe te gaan." ( N.S.,p 55.)

4)" Gert is te perd stil weggedraai, hy het gesê dat hy maar 'n endjie met die skape terug gaan anders sal Platjie hul dwing om weer huis toe te gaan."(J.P.,p.52.)

In 1) word toe vasgekoppel aan die Selfst. nw.; in 4) vind dit egter nie plaas nie.; 2) en 3) volg die skryfwyse van 4).

Von Wielligh skrywe toe liefers los van die voorafgaande woord, d.w.s. wanneer die Selfst. nw. nie deur na die voorafgegaan word nie.

(XV) VON WIELLIGH SE WOORDESKAT.

Vroeër, op bladsy 28, is alreeds een en ander omtrent die woordeskat van 'n skrywer gesê. Wanneer van 'n skrywer se woordeskat gepraat word, word nie so seer bedoel die aantal woorde wat hy ken nie, maar of hy ander woorde as die gewone gebruik en of hy uit die skat van sy woorde

die regte keuse kan doen. Die woordeskat beteken niks as die skatte nie kan gebruik word nie.

In die lig hiervan beoordeel, kan nie gesê word dat von Wielligh oor 'n groot woordeskat beskik het nie. Anders gestel, kan gesê word : as von Wielligh wel oor 'n groot woordeskat beskik het, het hy nie die regte gebruik daarvan gemaak nie; dan kan dit nie uit sy werke afgelei word nie.

As gevolg van al sy reise en omswerwinge is hy in die geleentheid gestel om baie woorde uit die volksmond op te teken. Daarby het hy die taal van die inboorlinge goed leer ken en woorde van belang neergeskrywe. Op so 'n wyse is baie woorde opgeteken wat sou verlore geraak het.

Hoewel von Wielligh alle geleenthede gehad het om 'n ryk woordeskat op te bou, waaruit hy vryelik 'n goeie keuse kon doen, ky ons nêrens 'n bewys dat hy dit wel gedoen het nie. Wanneer gelet word op sy woordgebruik, soos vanaf bladsy 95 gedoen en op al die voegwoordstoplappe, het ons nie die minste reg om 'n groot woordeskat op rekening van von Wielligh te plaas nie. Ons het genoegsaam aangetoon dat von Wielligh hom weinig oor die regte keuse van woorde bekommer het. Op bl. 131, onder Sinsbou, word verder gewys op die verkeerde posisies wat baie van sy woorde bekleed. Die belangrikheid van die juiste woordposisie het hy in baie gevalle nie in ag geneem nie. Hierdie sy van sy styl het hy dus verwaarloos.

-----



HOOFSTUK VI.

vervolg).

B. SY SINSBOU.

Stylleer is die nouste verwant aan Sinsleer. By die ondersoek na stylkenmerke moet ook gelet word op die sinsbou van 'n skrywer. 'n Goeie styl word gedeeltelik gebaseer op die sinsbou.

Wat von Wielligh se sinsbou betref, het ons slegs in "Eerste Skrywers" en in "Ons Geselstaal" werklik goedversorgde sinne teëgekóm, sinne waarop van die beste skrywers trots kan vóel. Dit kan egter nie altyd van die res van von Wielligh se werke gesê word nie.

Toe ek von Wielligh se werke noukeurig nagegaan het, het ek honderde gevalle van sinne met 'n hortende, losbou opgeteken, sinne wat lomp in mekaar gesit is. My doel is om 'n paar sulke gevalle te gee.

(a) Swak sinsbou.

1) " Dog die aanleidende oorsaak dat die dier sover stroom op gekom het, was omdat die ou Kaffer 'n paar dae tevore die ingewande van 'n Koedoe onderkant die swemplek gaan afspoel het." ( G.B., p.28.)

Die gegewe sin het baie tekortkominge. Ten eerste moet dog uitgeskakel word; omdat dit hinderlik is en swak klink om 'n sin daarmee te begin. Ten tweede is die dat-sin foutief. Dit moet ingelei word met waarom. Ten derde is was omdat baie swak Afrikaans. Dit moet vervang word deur "moet toegeskrywe word aan die feit dat die ou Kaffer ..."

Ons sien dus dat hierdie sin glad nie goed versorg is nie.. Dit is neergeskrywe sonder dat die skrywer gedink het aan stewigheid. Was omdat en dat het baie wat lelik is en onaangenaam aandoen, vir die sin besorg.

2)"Fris het die luggie geblaas en daardie perde nog nie afgemat was nie, ook die pad was nie meer so sanderig nie, so was ons vroeg op die plek waar verskeie trekke tussen die groen bome by 'n pan staan". ( G.B.,p.70.)

Soortgelyke sinne het von Wielligh se styl baie benadeel. Die klee vir sy gedagtes het hy soms skromelik verwaarloos en nie hoog genoeg geskat nie.

In sin 2) is daar 'n paar aparte gedagtes:

a) Die fris luggie wat geblaas het

b) Die frisheid van die perde.

c) Die nie- sanderigheid van die pad; en a), b) en c) gee aanleiding tot

d) die feit dat ons vroeg op die plek was waas<sup>y</sup> verskeie trekke by 'n pan staan.

Die volgende is ons kritiek daarop:

i) Gedagtes a) en b) is verbind met en. Ooreenkomstig my gevoel sou 'n punt na blaas beter wees. As dde sin sy vorm moet behou, moet 'n komma na blaas staan, omdat ons hier met twee verskillende sake te doen het. Die een het met die ander niks te doen nie.

ii) Na gedagte b) word 'n sekere verwagting opgewek. Dit word nie beantwoord nie. Die hele gedagtegang word versteur met die ook-sin, omdat daarmee glad 'n nuwe gesigspunt geopen word.

iii) Gedagte c) ingelei deur ook het 'n swak bou op homself. Die werkwoord was se posisie kan verbeter word deur dit na ook te skrywe. En buitendien kan ook geen verbinding tussen b) en c) vorm nie. Dit maak die sin beslis nie mooi nie.

iv) Gedagte d) moet nie ingelei word met so nie. So is daar oorbodig.

Sin 2) het dus baie foute. Dit lees hortend en stotend. Die gedagtes staan los vanmekaar en tog verbind.

In die plek van 2) kan die volgende sin geskrywe word:

" Fris het die luggie geblaas. Daar die perde nog nie afgemat en die pad nie meer so sanderig was nie, het ons vroeg op die plek gekom, waar verskeie trekke tussen die bome by 'n groot pan staan."

v) U sal opmerk dat ons was vervang het, omdat dit 'n verkeerde gedagte gee, of 'n verkeerde uitdrukking van die gedagte.

vi) Na plek het ons 'n komma geskrywe, omdat volgens ons gevoel daar 'n natuurlike pouse is.

3)" Toe Kalie en ek in Lourenco Marques kom, dis voor die spoorweg nog geopen was, was ons eerste verrigting, na ons aan die rand van die stad afgesaal het, om plek vir ons, ons perde en donkies te vind." ( L.d.L., p.29.)

#### Kritiek.

i) Die dis-sin is 'n bygedagte; dit kom tussenin. Die afsluiting daarvan tussen kommas is verkeerd. Dit moet tussen twee strepies staan.

ii) Volgens my beskouing en gevoel is alles nie plus met: " was ons eerste verrigting " nie. Die gout lê by was. Om dit die moeilikheid te kom, sal die hele bou van die sin moet verander word, anders sal stewigheid nog maar ontbreek.

iii) As die sinne hardop gelees word, is daar 'n styging van toonhoogte na die toe-sin . Die tusseninsin wat daarop volg, breek nie op 'n natuurlike wyse daardie toonhoogte nie. Dit is nou geheel en al in die haak. Daar word nou 'n dalende toonhoogte verwag tot by die punt. Dit gebeur egter nie. Die toonhoogte bly onnatuurlik styg na verrigting as gevolg van die sin wat daarop volg. Insteede van verslapping en verlagings, kry ons spanning en verhoging.

4)" Ons het dadelik 'n seker hoeveelheid bestel om te droog en met ons, met vertrek, mee te neem." (L.d.L.p237)

Met vertrek is nie paslik nie. Mee is oorbodig.

5)\*Sonder om daarop kritiek uit te oefen, gee ons 'n vyfde voorbeeld wwarin ons net die foute onderstreep.

" Maar in hierdie gevalle was die leeus in die minderheid; en ons ken gevalle waar die leeus by twee geleenthede ons Kaffers in die bome geja het, alwaar hul die hele nag moes sit tot die son hoog uit was ; want dan gaan die leeu na sy lêplek toe - nie in <sup>e</sup>spelonke en kuile soos ons gewoonlik in boeke lees nie, maar in riet, hoë of digte bosse. Kom iemand daoordags op hom af dan val die leeu die persoon nie somar uit die staanspoor aan nie ; maar hy staan op, en met vurige oë en stertgewaai staan hy die indringer aan te kyk en berei hom voor vir die aanval deur nader te kom, en dan storm hy." ( Boesm.,4,p.5.)

6) " Jakhals kom kyk of Wolf goed lê en daarop gaan hy 'n endjie van Wolf af lê, maar pasop dat hy sy stert nie in die water steek nie, dog hou dit naas hom, sodat Wolf niks bespeur nie, want Wolf sal nou mie kom kyk nie." ( D.-sto.,p.9,deel 4.)

Bostaande sin is eenvoudig hopeloos, ten eerste weend die siellose verbindingswoorde, aaneenskakelend, teestellend; ten tweede as gevolg van die verkeerde posisies van die woorde wat na en volg, asook na maar. Die verband tussen die sinne is los. Daar is geen innerlike eenheid nie.

Tevergeefs het ons na/<sup>n</sup>stewig-opgeboude sin gesoek.

Omdat ons die sinsbou baie belan grik beskou, wil ons nog 'n ander voorbeeld gee waarmee ons die swak sinsbou sfsluit.

7) " Dit geluk ons om 'n mooi en <sup>i</sup>velige krans te vind met spelonke in en by 'n bosryke kloof, so gelege dat, <sup>a</sup>wanneer ons aangeval word, ons in die boskloof kan ontvlug - 'n ideale plek vir 'n Boesman om in besit te neem, vernaam

as daar baie wild in die omgewing te vinde is en water binne bereik lê."

In hierdie sin is daar 'n paar sake wat aandag vra.

i) Met spelonke in se posisie is verkeerd.

ii) "En by 'n bosryke kloof" - en verbind hierdie deeltjie nie op 'n organiese wyse met die voorafgaande "Dit ge~~l~~uk ons om 'n mooi en veilige krans te vind met spelonke in" nie. Nader aan die waarheid is dat von Wielligh voortgaan met byvoegings.

iii) So gelege seek verband. Dit is 'n bepaling by kloof.

iv) Daar is dan ontvlugtingskans in die goed geleë boskloof. Daarop moet egter nog meer aandag val. Daarvoor dien die streepmetode - " 'n ideale plek vir 'n Boesman om in besit te neem." Dit is natuurlik nie ideaal vir enige ander ras nie. 'n Plek is egter nie langer ideaal as dit net onder sekere omstandighede ideaal is nie. Dit is presies wat ons teen die daaropvolgende bepalings het, nl. "vernaam as daar baie wild in die omgewing te vinde is" en as "water binne bereik is." Eindelik is die gedagte voltooi met enne, strepe en die nodige bepalings en met vernaam.

(b) Die Samegestelde sin met onderskikkende Sinsverband.

1) Die Wat-sin.

Hierdie byvoeglike bysin word deur von Wielligh op 'n eienaardige wyse gebruik. Dit sal duidelik blyk uit die bespreking van die voorbeelde wat ons gee.

i) " In kort, ons het gek geword na <sup>e</sup>m<sup>e</sup>ster en sy vrou<sup>e</sup>tjie, wat tog maar die beste was ..." ( G.B., p.36.)

Gewoonlik bepaal die byvoeglik wat - sin 'n S.nw. wat in 'n voorafgaande sin staan. Von Wielligh gebruik die wat-sin ook op 'n ander wyse.

In i) het die wat-sin betrekking op die hele inhoud

van die voorafgaande sin. Vir ons gevoel moes na vroulike liewers 'n punt gestaan het, en die nuwe sin moes met Dit begin het. Andersinne waar die wat-sin nie 'n selfst. nw. bepaal nie maar die hele inhoud, soos by i), is die volgende:

ii) " Dag na dag het ons goud gevind, wat ons in ons ons noppies laat voel het." ( L.d.L.,p.102.)

ii) " Naar Boesmanland se gewoonte gooi ek nou 'n dan stof in die lug, om te laat sien waar ek is , wat ver-selfdertyd 'n teken is om hulp van ander te soek." (

( N.S.,p.48.)

In laasgenoemde sin wys die wat-sin terug na die handeling wat gepaard gaan met stof in die lug.

Heel eienaardig is die volgende:

iv) " .. die leeu gewaar my en in 'n oogknip was hy op my, wat nou so plat lê soos ek kan ." ( L.d.L.,p.90.)

In die geval sou 'n nuwe sin na my beter gewees het.

'n Bepaling wat nogal moeilikhede oplewer, kom voor in die volgende geval:

v) " Hy raak verlief op 'n Boermeisie, wat in die dorp opgegroeï en skoolgegaan het -- wat hom onder mense heel tuis laat voel het" ( S.j.M.,p.46.)

Hierdie wabsin het ek van alle kante bekyk. Eensyds moet dit betrekking hê op Boermeisie en andersyds moet dit betrekking hê op die daad van sy verliefwording op 'n Boermeisie. Tot my spyt moet ek meedeel dat die doel van die wat-sin hier vir my onduidelik gebly het ,

Soms is von Wielligh se wat-sinne nie van dubbelsinnigheid vry te pleit nie. 'n Voorbeeld sien ons in die volgende:

vi) " Toe ons omtrent 150 treë van die plek was, bemerk ons dat dit nie die kameel is wat daar lê nie, maar wel 'n kwagga wat twee leeus gevang het." ( Boesm.,4,p.4.)

Ons wys daarop dat nie gelet word op die fisiese moontlike of onmoontlike nie, maar op die bou van die sin en die sinsverband.

'n Lelike sin is:

vii) " Jakhals wat die raad gegee het, wat daar gebly het om die uitslag van die vliegstryd te sien, word weer om raad gevra." ( D.-sto.,1,p.26.)

Maas die wat-sin vestig ons die aandag ook op die dan- en dat-sinne

2) Die Dan - sin.

i) " Sy praat met hom daaroor; dan maak sy ekskusies en sê dat hy self so besig is .." ( Boesm.,2,p.26.)

Na daaroor verkies ons liewers 'n punt. Dit bring mee dat die posisie van dan ook verander.

Von Wielligh gebruik die dan-sin taamlik baie en wel as 'n bywoordelike byzin van gevolg.

ii) " ... is hy sterk, dan voel hy om sy mag te behou ..." ( Boesm.,3,p.46.)

iii) " Kry julle nie die lawaaiwater nie, dan pak jul die daggapyp ..." ( J.P.,p.170)

3) Die Dat - sin.

i) " Met vetrek sê pa aan ma, dat sy nie ongerus oor ons moet voel nie .." ( L.d.L.,p.99.)

Volgens Dr. T.H. le Roux , Afrikaanse Taalstudies", (1937), bl. 17, is dit juis een van die soort wat hie deur 'n komma moet voorafgegaan word nie.

In die boggewe sin is daar wel 'n komma. Die komma is nie nodig nie, aangesien dit 'n naamwoordelike sin na die oorganklike wewoord sê is

ii) " As ek sou lus hê om hier<sup>99</sup> 'n prekie te maak kan ek 'n mooie een lewer, maar ek sal maar net sê, dat ek baie bly is dat ek nie 'n Swasie is nie." ( L.d.L.,p.151.)

a) Die komma na die eerste dat is misplaas om dieselfde rede by i); b) die weglating van die komma voor die tweede dat strook met interpunksiereëls. (Afr. T., p.17.)  
 Wat onder b) gesê is geld ook van die dat-sinne in die volgende gevalle:

iii) " Waarde leser, het dit ooit met U gebeur dat U so vasgekeer was dat U nog vooruit of agteruit, nog regs of links kon gaan?"

iv) Daar is iets radikaals verkeerd met voorbeeld iv):

" Dat Hasie nou so 'n afgetrokke lewe ly, is hy self die skuld van." ( Boesm., 2, p.31.)

As die dat-sin , soos in Engels die geval is, gevolg word deur: is 'n feit; is seker; staan vas; is ongetwyfeld waar; weet almal ; is alom bekend , dan sou die sin in die haak gewees het. Soos die sin deur von Wielligh geskrywe is, is dit eenvoudig hopeloos.

Dit sal nodig wees om net een woord in te voeg om die sin te verbeter, naamlik daar na die eerste komma. Die sin sal dan so lees: " Dat Hasie nou so 'n afgetrokke lewe ly, daar is hy self die skuld van."

'n Smaaklose en onversorgde sin is voorbeeld v)

v) " Wat my so opgewonde laat voel het was , dat alles gelyktydig onder my oge geskuiwe word, net soos 'n droom" ( N.S., p.60.)

Ons kritiek daarop is die volgende: Eerstens moet die komma voor dat wggelaat word; tweedens is die sinskonstruksie verkeerd. Die fout soek ons by die opeenvolging was, dat ; derdens moet word vervang word deur is. 'n Beter sin sou wees: " Die feit, dat alles gelyktydig onder my oge geskuiwe word, het my so opgewonde laat voel." 'n Omskepping van die sin sou wees: " Ek het <sup>so</sup> opgewonde gevoel, omdat alles gelyktydig onder my oge geskuiwe word."



(c) Die Samegestelde sin met Neweskikkende Sinsverband.

Onder hierdie hoof behandel ons sinne wat o.a. ingelei word deur: en, maar, want, dus, dog, daar.

1) Aaneenskakelende sinsverband.

Hierdie sinsverband geskied met of sonder 'n verbinding. Ek het net gevalle aangetref waar von Wielligh van die verbindingswoord en gebruik gemaak het.

Hier volg sulke sinne:

i) " Daarby kom nou dat 'n Boesman nooit sy teëstander op die oop vlakte uit die vry vuis ontmoet nie, en dat hy so kan wegkruip en hom so kan versteek dat hy totaal onsigbaar is vanwaar die gifpyle sy boog verlaat, en miskiet is amper onmoontlik vir hom." ( Boesm.,3,p.83.)

ii) " Jakhals draf weg en kry Wolf by sy huis en hy vertel hom van die werk en van die groot rantsone wat hul daarvoor sal ontvang."

iii) " Voor dag het hul die perde weer voer gegee en toe alles opgeëet was, het hul lig dag ingespan en/nog vroeg op Vleisch Bank , waar hul die veekopers ontmoet het en die vee almal verkoop geword het." ( J.P.,p.52.)

In voorbeelde i), ii), en iii) word gevind dat die aaneenskakeling van die sinne op 'n onoordeelkundige wyse plaasgevind het. Die aaneenskakeling is nêrens heg nie.

2) Teëstellende Sinsverband.

Dit word verkry deur woorde soos: maar, tog, dog. Dit is veral hierdie tipe van samegestelde sin wat deur von Wielligh verknoei is. Hy hou baie van die teëstelling. Daar is geen ander tipe samegestelde sin wat deur hom so baie gebruik word as die teëstellende nie.

MAAR .

i) " Die wind was stil; maar 'n aangedrewe lugasem verdun die newel; maartoe was dit al te donker om te besef wat wêrelik plaasgevind het." ( S.j.M.,p.41.)

Maar na stil dui 'n teëstelling aan. Dit is egter geen wesenlik teëstelling nie. Wat is 'n lugasem wat 'n newel verdun? Dit moet taamlik krag hê en 'n yaamlike sterk wind wees. Die tweede maar vorm geen teëstelling nie. As dit weggelaat was, sou dit beter gewees het.

ii) " In haar kleding was sy smaakvol, en dit het die oog met haar skraal postuur en welgevormde vroulike liggaam laat versoen. Maar tog, dit alles het haar nie uitermatig tot vrolikheid gestem nie. Sy was gesellig, maar daarby heel beskeie." ( S.j.M., p.90.)

Die eerste maar dui 'n teës<sup>t</sup>elling aan. Die teëstelling is egter nie wesenlik nie. Aan die een kant is daar amaakvolle kleding, welgevormde liggaam; aan die ander kant vrolikheid. Hoe hulle 'n teëstelling kan vorm, is nie duidelik nie.

Smaakvolle kleding mag geluk verskaf, 'n welgevormde liggaam te<sup>v</sup>redenheid. Dat hulle egter tot vrolikheid m<sup>e</sup>t aanleiding gee, is nie juis nie.

Die tweede maar dui meer skyn as werklikheid aan ten opsigte van die teëstelling.

iii) " Org se plaas was nie ver nie, want hulle was nabure, en op weg daarheen het elkeen nog 'n paar skote gekry; maar toe was d<sup>o</sup>t nie meer skietdag nie." ( S.j.M., p.123)

Die "paar skote" kan nie 'n teëstelling met " Skietdag" vorm nie. Ek sou lievers sê : " Hoewel hulle elkeen op weg daarheen 'n paar patrone ( i.p.v. skote) gekry het, kon hulle nie daarvan gebruik maak nie, want dit was nie 'n " " skietdag" nie.

iv) " Die Weerklank, of Echo, kan praat en gesels, maar is onsigbaar ..... sy ( die Opgewing) kan gesien word, maar kan nie praat nie." ( Boesm., 1, p.55.)

In genoemde geval is die teëstelling wesenlik en dus in orde.

v) " In hierdie koppie was ook grotte wat vroeger bewoond was. Maar hoe die onboorlinge in die grot gekom het was vir ons 'n raaisel." ( N.s., p.146.)

I.p.v. Maar kon die tweede sin netsowel met hoe begin het. Dit sou dan meer stewig wees. Maar wil 'n teëstelling opwek. On s verwag egter geen teëstelling nie. Daar is slegs verbasing, want die inboorlinge het daar gewoon. Dit kan nie betwis word nie.

### DOG.

Miervan gee ons 'n paar voorbeelde.

i) "Dit het 'n bietjie stryery veroorsaak, dog alles was weer gou oor." ( Boesm., 2, p.26.)

ii) " Toe hul by die mans kom, stap dié weg; dog hulle roep agterna en beloof om beter in die vervolg te handel." ( Boesm., 2, p.97.)

iii) " By paalde afgode ken die Boesman nie - daarvoor is sy begrip van 'n godheid te deindig. Dog hy voel die ingeskape hulpeloosheid van die mens." ( Boesm., 3, p.46.)

Maar en Dog gebruik von Wielligh deurgaans eners:

a) na 'n kommapunt en b) aan die begin van 'n sin. Af en toe word hulle net na 'n komma gebruik. EEn geval met dog is:

iv) " Hy het altyd met hulle in Boesmantaal gepraat, dog die twee het later in gebroke Afrikaans ook 'n gesprek kon voer." ( Boesm., 4, p.11.)

### 3) Redegewende en Verklarende Sinsverband.

Dit kom ook met of sonder 'n verbinding voor.

As daar geen verbindingswoord is nie, volg die verklarende deel net ~~na~~ na 'n dubbelpunt of na 'n streep. In die ander gevalle word dit ingelê deur want en daar of sonder hulle. In die laaste geval word die verklarende of redegewende sin voorafgegaan deur 'n kommapunt. Die verklarende sin spreek dan vir homself. En selfs dan kan ons nog h want of 'daar

na die kommapunt skrywe. ( Afr. Spr., p.205.)

Von Wielligh het want en daar verkies. Die ander manier waarop hy ook sulke sinne kon geskrywe het, het ek nie in sy werke gevind nie. In frekwensie staan die redegewende of verklarende sin met want en daar tweede in von Wielligh se werke. Nou volg 'n paar voorbeelde , eers met want , daarna met daar.

WANT.

i) " Verder hulp van die bure was oorbodig - want die ander werkies kon Fant op sy tyd verrig." ( S.j.M., p.9.)

ii) " Dis koud; want die somerwarmte het ons verlaat." ( S.j.M., p.96.)

iii) " Die dokters vertel ons dat pyn ons beste vriend is; want dit waarsku ons betyds waar 'n kwaad skuil." ( S.j.M., p.159.)

iv) " Die tweede Dogter van 'Ga en 'Gagen het met haar man in hutte van matjiesgoed gemaak, gaan woon; want sy was baie knap om matte te maak." ( Boesm., l,p.43.)

In i) was 'n streep voor want nie nodig nie. Dit kon op dieselfde wyse as ii) en iii) behandel gewees het. In iv) gee die want- sin glad nie die rede of verklaring waarom hulle in matjiesgoedhutte gaan woon het nie. As daarvoor 'n verklaring moet gegee word, lê dit seer seker nie opgesluit in haar knapheid om matte te maak nie. Niemand woon in 'n steenhuis omdat hy goed stene kan maak nie.

v) " Sy weet net hoe om met haar mense deur drome te gesels, want sy is die moeder van Drome." ( Boesm., l,p.55)

vi) " .. hy wou dit nog uit my hand gryp, dog ek was te gou en pluk daaruit die ander stuk vel waarvan die stuk afgesny was waarin die towergoed was en wys toe dat die twee stukke aan mekaar pas. Want ek het tevore die velletjie oore en oor by die ou gesien,, dus het ek dit baie goed geken." ( N.S., p.140.)

Von Wielligh se redegewende of verklarende want-sin volg na 'n kommapunt, ook na 'n komma. Laasgenoemde gevalle is egter in die minderheid. Dit kan ook na 'n punt volg, soos in vi). Netsoos in die geval van maar en dog is dit beter om 'n nuwe sin na 'n punt nie met want en daar te begin nie.

DAAR.

i) "Ofskoon ons so ver en afgeleë in die woestynverwyder was, was ons tog nêe so afgeslote as 'n mens hom sou voorstel nie, daar ons af en toe vreemde gesigte ontmoet."

Die verklaring is duidelik.

ii) " Steeds kom meer en meer ossewaens op die kerkplein uitspan, want die opkoms met April-Nagmaal is gewoonlik die grootste, daar die veeboere daarna met hul vee na die bosveld trek om tegelykertyd die nodige behoeftes intê koop daar die winterverblyf lank duur."

iii) " Met alles was ek hoog in my skik, daar ek nou nes die dorpskinders sou lyk." ( G.B.,p.65.)

iv) "... en sy stem in dat ek met oupa kon saamgaan, daar dit m<sup>e</sup>r male tevore gebeur het." ( G.B.,p.63.)

Von Wielligh hou daarvan om die verklarende daar-sin na 'n komma te laat volg; die want-sin liewers na 'n kommapunt.

H<sup>e</sup>die wyse van skrywe is maar 'n eiena<sup>r</sup>digheid wat ons in von Wielligh se interpunksiewyse aangetref het,

4) Die SOOS: sin.

Die soos-sin het 'n besondere int<sup>e</sup>punksie. Tussen twee sinne waarvan die een op 'n werkwoord eindig, die ander met 'n werkwoord begin, moet 'n komma geskrywe word." ( Afr. T.,p.15.)

Die soos-sin het von Wielligh as volg gebruik:

i) " Soos meeste barbare ( nakend loop) , loop hulle nakend." ( Boesm.,2,p.31.)

ii) " Soos die son uitkruip, kruip hy in sy huis .." ( Boesm.,2,p.31.)

In voorbeeld i) is die interpunksie korrek, en die sin in orde. In voorbeeld ii) is die interpunksie korrek, maar die v<sup>y</sup>gelyking verkeerd. Hy kruip nie soos die son kruip nie, maar hy kruip in as of wanneer die son uitkruip. Dieselfde kritiekas vir ii) geld vir iii).

iii) " Soos die son haas ondergaan , staan ons op." ( Boesm.,2,p.31.)

#### 5) Die Sinne beginnende met Waarop en Daarop.

##### Die WAAROP - sin.

Die wyse waarop von Wielligh van die waarop-, daarop-, en dis - sinne gebruik maak, is eie aan of tipies van sy skryfwyse.

i)" Netnou sal jy jou hoed vir my afhaal as jy my gestewel en gespoor na my meisie sien stap."

"Waarop Jakhals weer vol planne aanmerk.."

( D.-sto.,1,p.25.)

Die waarop-sin hou me~~x~~ die voorafgaande verband, Dit is egter 'n splinternuwe gedagte wat onmiddellik op die eerste sin volg. Dit dui 'n tydsorde aan. Dit sou beter ge- wees het as die nuwe sin met Jakhals begin het.

II) "Die kaptein het ~~ky~~ 'n mooi present gegee, waarop ek net trots was....." ( N.S.,p.56.)

In dié geval staan die waarop-sin in 'n relatiewe ~~ver-~~ band as bepaling by "reisdeken."

iii) " Vir aia Saba het ek twee groot kopdoeke saam- gebring waarop blomme geskilder was." ( N.S.,p.93.)

Afgesien van die eis dat die byv. bysin liewers so naby as moontlik moet staan aan die Sw. wat dit bepaal

is hierdie waarop - sin in orde.

Die kritiek op i) gegee geld ook vir iv):

iv) " Koos, om die rumoer te onderdruk, word aljimmers genoodsaak om 'n paar Engelse woorde in die rigting oor te gooëi , waarop net vir 'n rukkie die kop ingetrek word." ( J.P.,p.126.)

Meer ongewoon klink waarop na 'n punt, soos in v):

v) " Waarop Koos aan ieder weer 'n/<sup>klein</sup>pluimpie gee ~~en~~ en weer 'n skrikmakertjie." ( J.P.,p.128.) en "Waarop oom Willem antwoord ...." ( J.P.,p.133.); ...." Waarop oom Willem tussenin kom...." ( J.P.,p.140.)

Die DAAROP - sin .

Die daarop - sin dui ook tyds<sup>ver</sup>band aan.

i) " Daarop val ou Tys weg ..... Daarop sê oom Willem...." ( J.P.,p.140.)

ii) " Vir laas omring van 'n glorieryke straalkrans, duik hy neer om sy laaste soekligstrale deur die getande openinge <sup>in</sup> van die gesigte van die laggende meisies en opgeruimde jongetjies te werp. Daarop sink die son weg in sy hof van rose en gousblom. " ( S.j.M.,p.93.)

In aldrie gevalle gee daarop die tydsbepaling aan. In voorbeels <sup>iii</sup>) sou 'n beter indruk nagelaat word as von Wielligh die nuwe sin met die subjek eers<sup>te</sup> begin het, nl.: Die son het daarop .... ( of daarna ..) ...."

iii) " Hierdie slag begin sy te veel na haar man se sin vir kwagga se maanhare en langnek kameel se kuif te prys; daarop begin sy weer haar<sup>man</sup> se maanhaar te spot." ( Boesm.,p. 14,deel 2.)

iv) " Die slang was styf van die koue. Bobbejaan draai hom in der haas om sy nek. Daarop stap hy na die gomboom en smeer sy hande dik van die gom." ( D.-sto.,3,p.26.)

Von Wielligh gebruik die daarop -sin na 'n punt

of na 'n kommapunt. Dit is veel beter om nie 'n nuwe sin met daarop te begin nie. Daar is beter metodes om die tydsbepaling tussen handeling aan te toon.

6) Die SO- en DUS- sinne.

Die SO - sin.

Dit is 'n sin waarnaar von Wielligh lief was.

i) " Daar ons lyf moeg voel, daar ons die dag <sup>e</sup>d<sub>u</sub>er bergstreke gereis het, so het Kalie en ek na ons hut terug gegaan." ( L.d.L.,p.159.)

Deur weglating van so - wat 'n anglisisme op homself is - word die sinskonstuksie verbeter.

ii) " Die koning self het opgeruimd gevoel, so gaan hy alleen op 'n oop plek staan...." ( L.d.L.,p.171.)

Dit was beslis nie nodig om so te gebruik nie. Die gebruik van so met die betekenis van dus en daarom is beslis af te keur. Die sin lees nou hortend. Die gedagtes hou verband met mekaar: die een is 'n uitvloeiing van die ander, maar von Wielligh het daardie eenheid met sy sinskonstuksie verbreek. As die sin begin het met " Omdat die koning self.." dan sou dit 'n goeie sin gewees het.

iii) " Maar meesal speel wantroue die grootste rol: die een vertrou nie die ander nie. So sal een Kaffer nie in 'n strooihuis .... gaan woon nie." ( L.d.L.,p.188.)

So dui 'n vae verband met die voorafgaande gedagte aan. Die so- sin dien as bewys of voorbeeld van die gevoel van wantroue. Gevolglik moes die sin anders begin het, met bv.: " 'n Kaffer sal byvoorbeeld nie ...."

iv) " Ook weet ons dat 'n kwaai hond aan 'n lang ketting na al kante toe hap. So gee kinders aan hulle ouers pyn ..." ( S.j.M.,p.159.)

So se betekenis is hier " op dieselfde wyse" . As sulks verbeter sou die sin meer waarde gehad het.



Dit kom ons voor dat von Wielligh die betekenis van so nie reg begryp het nie. Baiemaal gebruik hy dit verkeerd en in ander gevalle moes hy nooit daarvan gebruik gemaak het nie.

Die DJS - sin.

Dus dui gevolgtrekking aan. Die wyse waarop von Wielligh daarvan gebruik maak, is onderhewig aan baie kritiek.

i) " Ook hy sien nie kans om hom dood te maak nie, dus hy staan ook op sy." ( D.-sto.,3,p.56.)

Die allēn is die woordorde na dus verkeerd nie, maar ook die posisie van dus self is verkeerd. Na dus volg 'n natuurlike pouse; daarom moes daar 'n komma staan. 'n Punt na nie sou doeltreffender as 'n komma wees. Die sin sal dan só lees : " Hy staan dus ook op sy ". Dus het nou 'n beter posisie. Dit gee duidelik die rede vir die tweede handeling ~~aan~~ as 'n direkte gevolg van die eerste.

ii) " Volgens ons opvatting het die hele natuur aan al die mense behoort en elkeen kan dit vry gebruik sonder dat 'n ander sy mond daarvoor vol het en sonder om hom die uitsluitende reg daarop aan te matig. Dus as die blanke die wild voor ons oë kom doodskiet en die ander verjaag, dan het ons die bepaalde reg om hulle skape .... ook te neem." ( N.s.,p.48.)

Dus is nie oorbodig nie, maar daarna moet 'n komma staan. Verder dien dit as 'n stopwoord wat 'n pouse aandui. Sonder om afbreuk aan die waarde van die sin te doen, kon die sin eenvoudig met as begin het.

iii) " Die onderste blare van ons tabakplante begint al geel te word, dus kon ons die afpluk, droogmaak en sweet." ( N.S.,p.157.)

Die eerste gedagte eindig op 'n natuurlike wyse na word. Dit moet daarom deur 'n punt afgesluit word. Dit bring mee dat die nuwe sin met ons sal begin en <sup>dat</sup> ~~das~~ se posisie in die sin verbeter word. Ten laaste sal dit die verband met die

eerste gedagte ook verbeter.

7) Die WOORDORDE in von Wielligh se Sinne.

Dat von Wielligh/<sup>hom</sup>in honderde gevaale nie oor die woordorde in sy sinne bekom<sup>m</sup>er het nie, is 'n feit. Hy was baie sorgeloos deurd<sup>n</sup>at hy die plekwaarde van woorde en die siging in betekenis as die woordorde verkeer d is, nie belangrik genoeg geag het/nie. Dit dien dus ook as 'n bewys dat die dankwyse van von Wielligh plek-plek slordig was. Noukeurige aanwending van d<sup>e</sup> taal by die weergawe van sy gedagtes, het in baie opsigte ontgreek.

Elke skrywer behoort sorg te dra dat die woordorde in sy sinne korrek is, anders sal sy styl geweldig benadeel word. Dit is pr<sup>s</sup>ies wat <sup>in</sup>die geval van von Wielligh gebeur het.

Weens die belangrikheid van my bewering, gee ek genoeg voorbeelde/sodat daaromtrent geen twyfel kan bestaan nie.

i) " Die dier egter het my reeds gelos .." (G.B.p.2)

Egter moet voor reeds staan. Soos die sin geskrywe is, het dit dieselfde woordorde as in Engels, waar " however" gebruik word.

ii) " Maar 'n gewoonte word 'n gewente, en so het meester<sup>h</sup>later hom ook aan die veldlewe onwillekeurig aangepas." ( G.B.,p.35.)

Die sin moet as volg lees: .... en so het meester <sup>h</sup>om ook onwillekeurig later by die veldlewe aangepas."

iii) " ...verwilderd kyk ek op en was net intyds, om die perdeby op my 'n tweede aanval te sien maak ."

( L.d.L.,p.107.)

Op my dui aan " iewers op my liggaam! Dit is nie wat bedoel word nie. Die sin behoort te lees: .... om die perdeby 'n tweede aanval op my te sien maak<sup>h</sup>."

iv) " Ek vat die plan op met lantern in die hand na my staanplek my perd te lei .." ( L.D.L.,p.132."

Die sin behoort te lees:

" Ek vat die plan op (om) met ( die) <sup>in</sup>intern in die hand, my perd na my staanplek te lei."

v) " Ons het nie altyd op dieselfde plek bly staan nie, maar van staanplek gedurig verander." ( L.d.L.,p.212.)

Gedurig moet net na maar geskrywe word.

vi) " Die opletende oog van Meneer Barnveld het onder die gesels dit raak gesien en hy dink ..." ( V.v.V.,p.181.)

Dit moet na het staan.

vii)" Met die eerste vakansie het ek fluks tuis geleer. " ( L.d.L.,p.22.)

Tuis moet na ek of na vakansie staan.

viii) " Om onderskeid tussen die ware kameel en die giraf te maak, noem ons die giraf ook die langnekkameel, maar meestal kortweg word die benaming kameel gebruik."

( L.d.L.,p.78.)

Kortweg moet staan na benaming.

ix) " Die son oordags was baie warm." ( Boesm.,4,p.20)

Oordags moet staan na was.

x) " Die witmense het nog maar dun die land bewoon." ( Boesm.,4,p.53.)

Die sin moet lees: " Die witmense het die land nog maar dun bewoon."

### 3. Ontkenning.

Wat die ontkenning betref, was von Wielligh nie versigtig genoeg nie. Dit gebeur soms dat hy die tweede nie weglaat/of dat hy 'n nie verkeerd gebruik. Dit sal duidelik word wanneer die volgende sinne geles word:

i) " Dog hulle het nie sinnigheid gehad nie om met wyn en vrugte te boer nie. ( G.B. p.11)

In genoemde voorbeeld is één nie te veel. Nie na gehad is oorbodig.

ii) " Met vertrek sê pa aan ma, dat sy nie ongerus oor ons moet voel nie, as ons oor die tyd wegbly nie."

( L.d.L.,p.99.)

Die tweede nie moet reg.

iii) " In hoe verre hul reg of verkeerde is, kan ek met sekerheid nie verklaar nie, en gis wil ek nie."

(L.d.L.,p.223.)

In i) en ii) mag nie meer as twee nie's nie, terwyl in iii) drie vereis word.

iii) " In uiterlik het die woonhuis nie van die alledaagse geboue verskil nie - net die deur was hoog asof die gewone ingang en bolig aaneen getrek was." ( S.j.M.,p.9.)

Die ontkenning is onvoltooid. Na verskil moet 'n tweede nie staan.

v) " Daarop vertel Sybrand dat daar 'n hapering met sy erfenis is, maar hy koester g'n twyfel dat alles aal regkom nie." ( S.j.M.,p.136.)

Die tweede nie is na regkom weggelaat.

vi) " Dog/<sup>toe</sup>die twee begin rond spartel, vind hul uit dat hul kon nie." ( D.-sto.,p54,deel 3)

Hier het ons 'n geval waar die eerste nie na hulle weggelaat is.

## 9. Pleonasme.

Hieronderverstaan ons die oorbodigheid van sãkere rededele in 'n sin. Hieraan het von Wielligh hom baie maal skuldig gemaak.

Ons het in die <sup>d</sup>volgende sinne oãderstrepp wat pleonasties is.

i) " Maarnou dat ek tot die jare van onderskeiding gekom het, nou eãrs kan ek dit alles verstaan dat dit .;. . tot my begwil was . . ." ( G.B.,p.11.)

ii) " Verder het ek brandhout gaan haal en daãr die weer dreig om te reën het ek ook die drag hout ook binne

in die hut een kant geplaas om droog te bly." ( G.B.,p.79.)

Óf die eerste ook , óf die tweede is oorbodi g,

iii) " Toe dit tyd word vir hom om weg te gaan,  
gee Kalie kom 'n vergrootglas ... " ( L.d.L.,p.156.)

iv) " Die gifvlieë het toe al gaan slaap toe ons in  
die omgewing kom waar hulle was." ( L.d.L.,p.222.)

v) " Iemand kan hom wie weet waar nes 'n seekoei  
hoor blaas as hy bakkevol water met sy hande opskap om  
sy gesig daarin te bad." ( S.j.M.,p.39.)

-----

-----

-----

-----

HOOFSTUK VII .BESLUIT.

Die doel van hierdie ondersoek was om die Taal en Styl van G.R.von Wielligh te bepaal. Voordat daartoe oorgegaan is, is Styl in die algemeen behandel.

Ons het die betekenis wat sekere skrywers, soos Raleigh, Wm. Brewster, Foerster en Steadman, Classen, Dr. F.E.J.Malherbe. Dr. Schoones en Dr. van Bruggen, Burger en Botha, S.C.Hattingh en W. Kramer, daaraan gegee het, noukeurig nagegaan. Ons bevinding was dat Brewster, Foerster en Steadman, en Classen taamlik diep op die kwessie van styl ingegaan het Die opvatting van Kramer oor styl, nl. die organiese standpunt, is die standpunt wat op die duur die veld sal behou.

Geen definisie van Styl het ons bedredig nie. Daarom dat ons 'n eie betekenis aan styl gegee het. Die slotsom waartoe ons geraak het, was dat styl die uitdrukking van die gedagtes van 'n skrywer is Daarvoor is die taal as medium nodig. Die medium moet sover as moontlik 'n korrekte vertolking van die Self se gedagtes wees. Dit moet 'n projektering van die skrywer se diepste wese wees. Dit spreek vanself dat daar net soveel soorte styl sal wees as wat daar skrywers sal wees.

Die volgende eienskappe van styl is behandel:..... helderheid, interessantheid, samehang, afbakening en onderverdeling, plastiek, aanskouelikheid, eenvoud, suiwerheid, kernagtigheid, lewendigheid en realisme.

Wat vorm en inhoud betref, is belangrike dinge beklemtoon, nl. dat die vorm en inhoud onafskeidelik aan mekaar verbonde is. Hulle is egter onderskeibaar. Die vorm en die inhoud is fyn deurengeweef.

Vervolgens is gelet op die nou verband tussen styl, stemming en gevoel. Dit is stemminge wat eenheid aan die skrywer se styl gee. Gevoelens weer lê dieper as stemminge.

Elke gevoelsverandering bring mee 'n stylverandering.

Wanneer stylfoute in 'n skrywer se werke ontdek word, moet hulle toegeskrywe word aan 'n foutiewe denkwys.

Elke skrywer het 'n doel voor oë wanneer hy skrywe. Elke skrywer het 'n sekere leserskring voor oë waan neer geskrywe word. In elke geval sal die styl van 'n skrywer alleen dan beoordeel kan word as vasgestel word wat sy doel was, aangesien die doel die styl bepaal.

'n Skrywer word deur sosiale, etiese en godsdienstige norme en opvattinge aan bande gelê. Ander beperkings wat op hom gelê word wortel in sy eie gees. Hy is mens en assulks nie volmaak nie.

In Hoofstuk III is behandel die nou verband wat daar tussen Taal en Denke bestaan. Taal is die medium waardeur die een mens in geestelike verbinding met sy medemens tree. Dit is dus 'n sosiale omgangsmedium. By die verklanking van die gedagtes van 'n skrywer moet die taal daarby aangepas wees. Die taal weerspieël die sielelewe van die skrywer. Oopenkomstig die goeie of swak gebruik van woorde word die styl van 'n skrywer beoordeel. Die woordgebruik van 'n persoon sal altyd die beste toets vir sy styl wees. Ken 'n skrywer die lewensverband van woorde, dan is die geheim van styl opgelos. Die verband tussen taal en denke is dus nie los nie. Taal gee die Persoonlikheid van die skrywer.

In verband met die skryfkuns is dit nodig dat 'n skrywer oor die nodige tegniese vaardigheid moet beskik. Hy moet genoegsaam kennis dra van die bou van enige verhaal. Dit sal nodig wees om spesiale aandag aan paragraafstudie te wy. Paragrafe moet eenhede op hulleself wees, maar tog 'n eenheid vertoon met die hele bou en opset van die geheel.

'n Belangrike stylmiddel is leestekens. Dit word van die skrywer verwag om oordeelkundig met hulle te werk te gaan.

Spesiale aandag verdien ook die sinsbou en die woordorde daarvan. Aan die bou van 'n sin word kenbaar die

duidelikheid van 'n gedagte, watter dele beklemtoon word en of daar ewewig in die sinne van 'n skrywer is. 'n Skrywer moet ook sorg vir die verskeidenheid van sinne en afwisseling bring. Alles moet grammatikaal in die haak wees.

'n Ander saak waarop die skrywer moet let, is figuurlike taalgebruik. Dit is 'n plastiese middel van die skrywer. Die beelde wat hy gebruik om gestalte aan sy innerlike te gee, moet oorspronklik, lewend en self-gesien wees.

Onder die woordeskat van 'n skrywer verstaan ons sy woordekeus. Van hom word verwag om uit die skat van sy woorde die regte keuse te doen vir die juiste vertolking van sy innerlike.

Hier eindig die eerste deel van die verhandeling. In die tweede deel is behandel die styl van G.R. von Wielligh. Hoofstuk IV.

Daar is vasgestel in hoever von Wielligh se styl 'n openbaring van hamself is. Sy styl openbaar die volgende:

Eenvoud; opgewektheid van gees, humor en geestigheid; vaderlandsliefde ten opsigte van sy volk se taal in die eerste plek en sy volk se tradisies; christelikheid - die godsdienst van die vadere is hom dierbaar en hy pleit vir die behoud daarvan; didaktiek as die wese van sy kuns; goeie weerleggings vermoë; die verteller van allerhande verhale vir die minderbevoorregtes en die jongspan; die awonturier; die student wat as onderwerp van sy studie taalaangeleenthede gehad het; geen hewigheid of felheid van passies nie; geen psigologiese diepte en insig nie; liefde vir die natuur en alles wat daar lewe en beweeg; die kultuurhistorikus by uitnemendheid; erkentlikheid en eerlikheid ten opsigte van eie swakheid; kenner van die taal van die volksakker en die wetenskaplike wat as efenis nagelaat het sy " Ons Geslæstaal".

Von Wielligh se doel was dieselfde as die van die eerste skrywers. Sy werke was 'n voortsetting van hulle doelstellings, nl.: "Om te staan vir ons Taal, ons Naaie en ons Land".



'Von Wielligh se eie taal was ongekunsteld, die alle-  
daagse gesl<sup>e</sup>staal van die plattelander.

Uit die volk het hy vir hom deur onophoudelike  
arbeid 'n groot leserskring opgebou. Vir inspirasie om te  
skrywe het hy nieggwag nie.

Sy leserskring het veral b<sup>e</sup>staan uit die kinders en  
die minderbevoorregtes van die volk. Omdat von Wielligh sy  
leesstof by sy lesers aangepas het, is hy heftig gekritiseer  
geword. Hy het in die meeste gevalle sy lesers nie opgehef  
nie, maar gelyklik met hulle beweeg. Daarom het sy werke  
hoofsaaklik kultuur-historiese waarde en kan hulle nie es-  
teties beoordeel word nie.

In Hoofstuk IV het ons verder gelet op die stylmetode  
van von Wielligh. Dit word deur die volgende gekenmerk:

Beskrywing van die uiterlikhede, sonder psigolo-  
giese ontleding; eenvoud as 'n uitstaande eienskap, waardeur  
hy liefde afdwing; direkte mededeling as gevolg van die feit  
dat hy die aangename verteller is; van die gesprek het von  
Wielligh nie voordelig gebruik gemaak nie, gevolglik bly  
die gesprekke van sy figure onnatuurlik; deur die vraag en  
antwoord het hy baie wetenswaardighede tuis gebring; herhaling  
as 'n stylfout by von Wielligh - herhaling van feite en van  
woorde; die nodige verantwoordelikebesef het von Wielligh  
nie altyd gehad nie; oortolligheid; verbreking van die  
eenheidskonsepsies van sy verhale; didaktiek as die wese  
van sy styl, soos Dr. G. Dekker ook bewys het; retoriek;  
niksseggenheid; v<sup>a</sup>lse en goeie beeldspraak, g<sup>a</sup>asgenoemde  
geput uit die huis en die veld; onsuierhede, veral angli-  
sismes en onafrikaanse uitdrukkings en woorde; waarheid as  
'n baie a<sup>a</sup>ngename styleienskap; opgewektheid nieteenstaande  
hy as mens en as skrywer nie sonder me<sup>e</sup>ite en verdriet was nie.  
Sy geskrifte is kenmerkend van die volle daglig; net soos in  
al die gesk<sup>r</sup>ifte van die ou Garde, vind ons ook in syne  
die lagwekkende en soms bereik hy die hoogtes van humor.

Die leser sal vind dat ons baie aandag aan die lagwekkende en humor geskenk het. Daaraan is ag bladsye gewy, meeras aan enige ander eienskap

Die volgende is nog 'n paar eienskappe van sy styl:

Die beskrywing van die natuur het hy nie beskou as 'n inherente deel van sy verhalenie; plastiek is nie 'n algemene eienskap van sy styl nie, want hy het slegs in drie gevalle daardie eienskap en gawe aan die dag gelê; aanskouelik is baie handeling e<sup>e</sup>derhom voorgestel, hoewel hy ook nie op hierdie gebied wonderlik presteer het nie; van toevallighede het hy genoeg gebruik gemaak, soos baie van sy vroeëre tydgenote gedoen het; opsetlikheid; leestekens: met die komma het von Wielligh willekeurig gehandel; wat die punt betref, het hy hom nie aan die volledigheid van gedagtes gesteur nie; die rusteken is die mees in die ooglopende interpunksiewyse van von Wielligh; byvoegings of sterte: die algehele uitputting van 'n gedagte.

In Hoofstuk V vanaf bl. 95 het ons aandag geskenk aan von Wielligh se taal. Agtereenvolgens het ons behandel en goed ondersoek: die werkwoord, die Byv.nw., die Voornw., die Vorsetsel en die Voegwoordstoplappe, verder op woorde en uitdrukkings soos: altemitters, aljimmers, af, na ou gewoonte, van, altyd, die met-vebinding, verkeerde woordgebruik, von Wielligh se spelling van veral bywoorde met die toe uitgang; en ten laaste op von Wielligh se woordeskat.

Hierdie hoofstuk, sowel as hoofstuk 6, is baie belangrik. Ons het in hulle die soeklig op alle moontlike sake in verband met sy taal laat val. Ons het gevind dat von Wielligh as verteller veral van die historiese teenwoordige tyd gebruik maak om lewendigheid en kleur aan sy vertellings te gee. Wanneer hy die onvult. verl. tyd aanwend, maak hy te veel van toe gebruik. Die tye van die werkw. is baie maal verwar. Dit is die teenw. tyd en die verkeerde tyd wat soms

deurmekaar gebruik is. Die onvolt. deelw., soos ons aange-  
toon het, is deur von Wielligh op 'n onafrikaanse wyse ge-  
bruik, weens die feit dat hy sy werkwoordelike funksie wou  
behou het. Ons besware daarteen was ~~ek~~ egter nie van 'n  
diepgaande aard nie.

Aangaande die volt. deelw. het ons die eienaar-  
digheid by von Wielligh gekry, dat hy dit in verbinding met  
die hulpww. verbuig het.

Die aanwending van die volt. deelw. plus die infi-  
nitief staan in von Wielligh se geval onder Nederlandse in-  
vloed, nl. die vorm gedrink te hē.

Die Infinitief, hoewel dit in Afrikaans onverboë  
gly, is deur von Wielligh na willekeur verbuig.

Von Wielligh het sy taal nie juis verryk met die  
vorming van nuwe werkwoorde nie. 'n Swak konstruksie by hom  
aangetref is : is, as.

By die Byv. nw. het ons 'n eienaardigheid aangetref.  
Waar die Byv. nw. nie moet verbuig word nie, het von Wielligh  
dit soms wel gedoen. Waar dit moet verbuig word, het  
hy dit soms onverboë gelaat. Seker is die byv. nw. wat hy die  
meeste onverboë gebruik.

Om die besitlike vnw. aan te dui, word die vorm  
se gebruik. I.p.v. daarvan word deur hom haar, hulle (hul)-  
en sy gebruik. Dit is 'n ander eienaardigheid van sy skryf-  
wyse. I.p.v. die aanwysende vnw. die het hy baie maal dit  
gebruik.

Die aanwending van die Voorsetsels aan, vir en in  
is nie altyd korrek in von Wielligh se <sup>e</sup>gskrifte nie.

En, maar, want, dog, dan, daar is almal voegwoorde-  
wat op so'n wyse aangewend is, dat hulle stoplappe geword het.

Woordjies soos aljimmers en altemitters <sup>a</sup>wat ons  
vandag nie meer in die skryftaal aantref nie, het von Wielligh

tog destyds gebruik. Ons het sy gebruikswyse daarvan gegee.

Ons het ook getoon dat afien van soms verkeerd gebruik is. Altyd word soms met die betekenis van gedurig gebruik. Na ou gewoontes 'n uitdrukking waarvoor von Wielligh lief was.

Onder die skrywers van Afrikaans word die met-verbinding seker net by von Wielligh aangetref. So 'n gebruikswyse soos syne word nie in Afrikaanse boeke en tydskrifte aangetref nie.

Ons het etlike voorbeelde opgeteken waar verkeerde woorde gebruik is vir die skrywer se gedagte-uiting. (Bl. 110 - 111.) Hy was nie noukeurig om die juiste woord te kies by die weergawe van sy gedagtes nie.

Ten opsigte van die spelling van die bywoord plus toe, het ons gevind dat von Wielligh die toe liewers los as vas of met 'n koppelteken skrywe, wanneer die Snw. nie deur na die voorafgegaan word nie.

Wat von Wielligh se woordeskat betref, het ons bewys dat nêrens uit sy geskifte kan bewyse kon gevind word wat 'n groot woordeskat op sy rekening plaas nie.

In hoofstuk 6 is aandag gewy aan die Sinsbou van von Wielligh.

Deur voorbeelde aan te haal en goed te bespreek, het ons gewys op sinne wat swak gekonstrueer is. Stap vir stap het ons die redes gegee vir tekortkominge wat ons in hulle gevind het., soos verkeerde interpunksie, versteuring van die gedagtegang, verbreking van eenheid, siellose verbindingswoorde, en waar moontlik het ons verbeterde sinne gegee.

Ten tweede is gelet op die bou van die samegestelde sin met onderskikkende sinsverband. Dit is opvallend dat die wat-sin soms die hele inhoud van die voorafgaande sin bepaal, i.p.v. die voorafgaande snw. Ander sinne wat ondersoek is, is die dan- en dat-sinne

Ten derde het ons die samegestelde sin met newe-  
skikkende sinsverband ondersoek. In volgorde is bespreek die  
aaneenskakelende, die teëstellend en die redegewende (verkla-  
rende) sinsverband.

En is die verbindingswoord by die aaneengeskakelde  
sinne. Sinne sonder verbindingswoord het ons nie teëgekome  
nie. Sinne met teëstellende sinsverband is fyn geanaliseer.  
Von Wielligh vorm teëstellings waar dit nie bestaan nie.  
Dit was vir hom egter aangenaam om <sup>fitlik</sup> alle dinge teenoormekaar  
te stel. Sinne van die derde soort is ook deeglik ondersoek.  
In baie gevalle is gevind dat die sogenaamde redegewende  
sin glad nie 'n verklaring van die voorafgaande handeling  
gegee het nie.

Onder dieselfde hoof het ons ook ander soorte  
sinne behandel wat nie eintlik onder hierdie hoof tuishoort  
nie. Dit het ons gedoen omdat ons dit gerieflik gevind het.  
Hulle is die soos -sin, sinne wat begin met waarop en daarop,  
sinne ingelei deur so en dus. Verder is ondersoek die woord-  
orde in von Wielligh se sinne. Wat laasgenoemde betref, is  
gevind dat von Wielligh soms baie slordig gehandel het.  
Oor die korrekte woordposisies het hy hom in talle gevalle  
nie bekommer nie. Aan die ontkenning is ook aandag gewy. In  
sommige sinne het hy te min nie's gebesig en in ander weer te  
veel. Von Wielligh het hom ook aan pleonamse skuldig gemaak.

-----  
-----  
-----  
-----  
-----

LITERATUURLYS.A.Geraadpleegde Werke.

1. Arnold, Matthew: Essays Literary and Critical.  
(London: J.M.Denr & Co., 1909.)
2. Bennett, Arnold: Literary Taste.  
(London: Jonathan Cape, Thirty Bedford Square)
3. Boshoff, S.P.E.: Beskouinge en Feite.  
(Kaapstad: Nasionale Pers Bpk., 1936.)
4. Botha, M.C.; J.F. Burger, Afrikaanse Stylleer met Oefeninge.  
(Kaapstad: Maskew Miller, Bpk., Derde Druk)
5. Booysen, C.M.; Marais, J.; Steyn, H.A.; Bonthuyys, J.B.:  
Die Nuwe Praktiese Grammatika, Stylkursus en  
Klankleer.  
(Bloemfontein: Nasionale Pers Bpk., 1940.)
6. Bouman, Dr. A.C. en Pienaar, Dr. E.C.: Afrikaanse Spraakkuns.  
(Stellenbosch: Pro Ecclesia-Drukkery, 1935,  
tweede druk.)
7. Brewster, Wm. T., Am.: The Writing of English.  
(London: Thornton Butterworth Ltd., 15  
Bedfordstreet, W.C.2.)
8. Celliers, Jan F.E.: Kuns in Lewe en Kultuur. 'n Eenvoudige be-  
spreking van enige Grondbegrippe.  
(Kaapstad: Die Nasionale Pers, Bpk.)
9. Classen, E.: Lectures on Style and Composition.  
(London: MacMillan & Co., Ltd., 1917)
10. Dekker, Dr. G.: Afrikaanse Literatuurgeskiedenis.  
(Kaapstad: Nasionale Pers, Beperk, 1935.)
11. de Vooy, Dr. G.N.: Verzamelde Taalkundige Opstellen, Tweede  
Bundel.  
(Den Haag: J.B. Wolters' N.M. Groningen.)  
(a) De Behandeling van Figuurlike Taal.  
(b) Vergelykingen in de Taal.  
(c) Iets over de Metafoer.  
(d) Iets over spontane en bewuste Nieuwvorming in de  
Taal.  
(e) Iets over Woordvorming en Woordbetekenis in  
Kindertaal.
12. Foerster, N. & Steadman, J.M.: Sentences and Thinking.
13. Jespersen, Prof. Dr. O.: De Ontwikkeling en de Oorsprong van de  
Taal.  
(Amsterdam: Maatschappij voor Goede en  
Goedkoope lectuur, 1928)
14. Kloos, Willem: Het Proza.  
(Veertien Jaar Literatuurgeschiedenis, 1880-  
1893.)
15. Kramer, W.: Literatuur en Stylstudie.  
(Den Haag: J.B. Wolters' Uitgeversmaatschappij,  
Groningen, 1930.)
16. Kramer, W.: Inleiding tot de Stilistiek.  
(Batavia: J.B. Wolters' Uitgeversmaatschappij, n.v.  
Groningen, 1935.)

17. Krätzing, M.S.B.: *Studies en Kritieke.*  
(Pretoria: J.L.van Schaik, 1934.)
18. le Roux, Dr.J.J.: *Oor die Afrikaanse Sintaksis.*  
(Amsterdam: Keizersgracht 71, 1923.)
19. le Roux, Dr.T.H.: *Afrikaanse Taalstudies. Eerste Druk .937*  
*Tweede vermeerderde druk 1940.*  
(Pretoria: J.L.van Schaik, Bpk.)
20. Lee, Vernon: *The Handling of Words.*  
(London: 1927.)
21. Malherbe, D.F.: *Afrikaanse Letterkunde, 'n Bloemlesing,*  
*sewende druk.*  
(Bloemfontein: Nasionale Pers, Beperk, 1934.)
22. Malherbe, Dr, F.E.J.: *Humor in die Algemeen en sy uiting*  
*in die Afrikaanse Letterkunde, tweede*  
*druk.*  
(Amsterdam: Swets en Zeitlinger, 1932.)
23. Malherbe, Dr.F.E.J.: *Aspekte van die Afrikaanse Literatuur.*  
(Kaapstad: Nasionale Pers, Beperk, 1940)
24. Nienaber, G.S.: *Die Afrikaanse Beweging, Deel 1 Geskied-*  
*kundige Oorsig.*  
(Pretoria: J.L.van Schaik, Bpk., 1931.)
25. Nienaber, Dr.P.J.: *Die Afrikaanse Roman-Tematologie.*  
(Amsterdam: N.V.Swets en Zeitlinger  
Boekhandel en Uitgevers-maatschappij, 1938)
26. Nienaber, Dr.P.J.: *D'Arbez as Skrywer.*  
(Pretoria: Firma J.H.de Bussy- H.A.U.M.  
v/h Jacques Dusseau & Co., Kaapstad, 1936)
27. Perç, Jacques: *Gedichten.*
28. Pienaar, Dr.E.C.: *Taal en Poësie van die Tweede Afrikaanse*  
*Taalbeweging.*  
(Kaapstad: Nasionale Pers, Bpk., 1931,  
vierde druk.)
29. Padberg, H.: *De Mooie Taal.*  
(Antwerpen: L.C.G.Malmberg 'S-Hertogenbosch,  
1924.)
30. Raleigh, Walter: *Style.*  
(London: Edward Arnold & Co., 1923, 14th  
impression.)
31. Overdiep, Dr.G.S.: *Over Woordschikking in Moderne Proza.*  
(Leiden: N.V. Boekhandel en Drukkery,  
voorheen E.J.Brill, 1927.)
32. Overdiep, Dr.G.S.: *Stilistiese Grammatika van het Modern*  
*Nederlandsch.*  
(Zwolle: N.V. Uitgevers Maatschappij  
W.E.H.Tjeenk Willink, 1927.)
33. Sevensma, W.S.: *Ethisch-Aesthetisch.*  
(Amsterdam: Uitgevers Maatschappij Holland,  
1930)

34. Schoonees, Dr.P.C.: Die Prosa van die Rwele Afrikaanse Beweging.  
(J.H.de Bussy,Protoria, Holl.-Afr. Uitg.-My v/h Dusseau & Co., Kaapstad, 1927, Tweede Druk.)
35. Schoonees, Dr.P.C.: Idem, Eerste Druk, 1922.
36. Schoonees, Dr.P.C., en v.Bruggen, Dr.J.R.L.: Inleiding tot Studie van Letterkunde.  
( Pretoria: J.H.de Bussy,Hool.)Afr. U+tg. Mpy.v/h Jacques Dusseau., Kaapstad, tweede Dryk)
37. Sapis, Edward: Language, An Introduction to the Study of Speech.  
( New York: Harcourt, Brace & Company, April 18, 1921.)
38. Smit, Jakob: Bydrae tot de Kennis van Potgieter's Styl.  
(Batavia: Ey J.B.Wolter's UitgeversMaatschappij n.v. Groningen, 1937.)
39. Potgieter, D.J., M.A.: Juta se Nuwe Afrikaanse Grammatika vir Middelbare Skole.  
(Kaapstad: Juta & Kie,Bpk., derde hersiene uitgawe, tweede druk.)
40. Von Wielligh, G.R.: Diere Stories soos deur Hotnots vertel. Deel I.  
( Pretoria: J.L.van Schaik, 1917.)
41. Von Wielligh, G.R.: Dierestories soos deur Hotnots vertel. Deel II.  
( J.L. van Schaik, 1918.)
42. Von Wielligh, G.R.: Boesmanstories, Deel I: Mitologie en Legendes.  
(Kaapstad: De Nationale Pers, Bpk., 30 keeromstraat, 1919)
43. Von Wielligh,,G.R.: Boesmanstories, Deel II:Dierestories en ander Verhale.  
(Kaapstad: De Nationale Pers, Bpk., 1920.)
44. Von Wielligh, G.R.: Robinson Crusoe deur Daniel Defoe.- Afrikaanse Bewerking.  
( Pretoria: J.L.van Schaik, 1920.)
45. Von Wielligh, G.R.:Wat nodig is ver Beginners om te weet aangaande By'e Teelt.  
( Paarl: Paarlse Drukkers Maatschappij, Bpk.)
- 46.Von Wielligh, G.R.: Boesmanstories, Deel III - Die Boesman self, sy sedes, sy gewoontes, en Bekwaamheid.  
( Kaapstad: De Nationale Pers, Bpk., 1931.)
- 47.Von Wielligh,G.R.: Boesmanstories, Deel IV.- Gemengde Vertellings mees van 'n Awontuurlike aard.  
( Kaapstad: De Nationale Pers, Bpk., 1921)
48. Von Wielligh,G.R.: Dierestories, Deel III.  
(Pretoria: J.L.v.Schaik, 1921)



- 49.Von Wielligh,G.R.: Huis en Veld.  
( Pretoria: J.H.de Bussy, Holl.-Afr.  
Uitg. My.v/h J.Dusseau & Co.,  
Kaapstad, 1921.)
- 50.Von Wielligh,G.R.: Nimrod Seeling.  
(Pretoria: J.L.van Schaik,1921.)
- 51.Von Wielligh,G.R.: Dierestories, Deel IV. - soos deur Hot-  
nots vertel.  
(Pretoria: J.L.van Schaik, Bpk.,1922.)
- 52.Von Wielligh,G.R.: Eerste Skrywers of Laaste Stem en Na-  
klank uit die Genootskap van Regte Afri-  
kaners.  
(Pretoria: J.L.van Schaik,Bpk., 1922,  
tweede eh verbeterde druk.)
- 53.Von Wielligh,G;R.: Jakob Platjie.- egte karaktersketse uit  
die Volkslewe van Hotnots, Korannas en  
Boesmans.  
(Pretoria: J.H.de Bussy,Bpk.,1922.)
- 54.Von Wielligh, G.R.: Ghwennie Barnveld.  
(Pretoria: J.L.van Schaik,Bpk.,1922.)
- 55.Von Wielligh,G.R.: Langs die Lebombo - 'n Awontuurlike  
verhaal oor Moedhou, Jag, Gouddelwe en  
Swasies.  
(Pretoria: J.L.van Sschaik, Bpk.,1923.)
- 56.Von Wielligh,G.R.: Die Vrouens van Vrindenburg.  
(Pretoria: J.L.van Schaik,Bpk.,1924.)
- 57.Von Wielligh,G.R.: Ons Geselstaal., 'n oorsig van Gewestelike  
Spraaak soos Afrikaans gepraat word.  
( Pretoria: J.L.van Schaik,1925.)
- 58.Von Wielligh,G.R.:Baanbrekerswerk of Die Letterkundige,  
Kulturele en Politieke Betekenis van die  
Genootskap van Regte Afrikaners.  
(Pretoria: J.L.van Schaik,1925)
- 59.Von Wielligh,G.R.: Staan jou Man.  
(Kaapstad: Nasionale Pers,Bpk.,1930,  
tweede druk.)
- 60.Van Niekerk, Dr.Lydia: Die Eerste Afrikaanse Taalbeweging en  
Letterkundige Voortbrengselen.  
(Kaapstad: De Nationale Pers, Bpk.,  
1920, tweede Druk.)
- 61:Van Oostrum, O,O.I., en M.S.B. Kritsinger, M.A.: De Bussy  
se Afrikaanse Spraakkuns.  
(Pretoria: J.H.de Bussy, 1923.)
- 62.Walzel, O.: Gehalt und Gesalt im Kunstwerk des Dichters.  
(Berlin, 1923.)
- 63.Walzel,O.: Das Wortkunstwerk.  
(Leipzig,1927.)

TYDSKRIFTE.

64. B.H. Uit de Betekenisleer.  
(Taal en Letteren - Derde j.- W.E.J.Tjeenk Willink,  
Zwolle, 1893.)
65. Brouwer, Jan: De Diensten van het Bywoord.  
(Taal en Letteren derde j. - Zwolle, 1893.)
66. Bouman, Dr.A.C.: Kuns en Kunswaardering.  
(Die Huisgenoot: a) 23 Julie, 1937, deel 22, no 800  
b) 30 Julie 1937, " 801  
c) 6 Aug., 1937, " , No. 802  
d) 13 Aug., 1937, " , 803  
e) 27 aug., " , " , " 805  
(Kaapstad: 30 keeromstraat, Nasion. Pers, Bpk.)
67. Coetzee, Dr. Abel J.: 'n Eersteling-roman van besondere  
Lewensrypheid.  
(Die Brandwag, J.3, No.139 - 22Maart, 1940,  
Johannesburg, Posbus 845.)
68. Coetzee, Dr. Abel J.: Nuwe Styging in Mikro se Kuns.  
(Die Brandwag, J.4, 162, 6 Sept.1940.)
69. Coetzee, Dr. Abel J.: Taalkringe.  
(Die Brandwag, J.4, 169, 1Nov, 1940.)
70. Coetzee, Dr. Abel J.: Die Wese van Van Melle se Kuns.  
(Die Brandwag, J.3, 140, 5 April 1940.)
71. Du Toit Malherbe, Dr.D.: Afrikanisering en Anglisering.  
(Die huisgenoot, 29 Nov., 1935, D. 20, No. 714.)
72. Dekker, G.: Die Kunstenaar en die Gemeenskap.  
(Die Huisgenoot, 6 Aug., 1937, D.22, No. 802.)
73. De Vooy, C.G.N.: De Gevoelswaarde van het Woord.  
(De Nieuwe Taalgids, J.I.)
73. Eloff, A.Z.: Dê Afrikaanse Taalbeweging.  
(Die Huisgenoot, 10 Des., 1937 D.22, No.820.)  
17 Des. 1937, D.22, 821.)  
24 Des. 1937, D.22, No. 822)  
14 Jan. 1938, D.22, No.823.)  
21 Jan. 1938, D.22, No. 826.)
74. Hattingh, S.C.: Die Kortverhaal van J. van Melle.  
(Die Brandwag, J.III, No.129, 19 Jan. 1940.)
75. Hesselinh, D.C.: a) Taal en Maatschappy.  
b) Welluidenheid van Taal.  
(De Nieuwe Taalgids J.I, J. Koopmans en Dr. C.G.N.  
N de Vooy - Groningen, J.B. Wolter's 1907.)
76. Jonker, Abr. J.: Moeilikhede van Ons Skrywers.  
(Die Huisgenoot, 29 Nov. 1935, D.20, No. 71n.)
77. Jonker, Abr. J.: Nuwe Bane.  
( Die Brandwag, J.I., No.36, 8 April 1938.)
78. Jonker, Abr. J.: Oor Kritiek.  
(Die Brandwag, J.II, No.67, 11Nov. 1938.)
79. Jonker, Abr. J.: Letterkundige Kritiek as Wetenskap.  
(Die Brandwag, J.II, No.68, 18 Nov. 1938.)

80. Kern, J.H.: Over de Taal van de Brieven van Huygens' Zusters en Dorethea van Dorp.  
(Tydschrift voor Nederl. Taal- en Letterkunde, acht en Veertigste Deel, Iste en 2de aflevering Leiden: Boekhandel en Drukkery, voorheen E.J. Brill, 1929.)
81. Kollwyn, Dr.R.A.: a) Vorm en Inhoud  
b) Over het Komiese.  
(Taal en Letteren, J.3, welle, 1 93.)
82. Kok, B.: Die Byvoeglike Naamwoord.  
(Die Huisgenoot, 7 Febr., 1936 D.20, No.724.)
83. Kritzinger, M.S.B.: Oor Boeke.  
(Die Brandwag, J.III, No.135, 1 Maart, 1940.)
84. Kempen, Dr.W.: Afrikaanse Taalaktiwiteit.  
(Die Huisgenoot, 1 Okt. 1937, D.22, No. 810.)
85. Labuschagne, F.J.: Taal en Kultuur.  
(Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, J.8, Iste aflevering Okt.1929, Bloemfontein, Nasionale Pers, Bpk.)
86. le Roux, J.J.: Nogmaals Vorm en Inhoud.  
(Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, J.10, Okt.1931)
87. Leipoldt, C.L.: Die Taak van die Kritikus.  
(Die Huisgenoot, 2 Aug.1935, D.20, No.697.)
88. Linden Marie: Skrywers en Skryfsters.  
(Die Huisgenoot, 2 Okt.1936, D.20, No.753.)
89. Malherbe, F.E.J.: Selfopenbaring van die Kunstenaar.  
(Die Huisg., 30 Okt.1936, D.20, No.762.  
13 Nov.1936, D.20, No.763.)
90. Moeke, S.Ign.: Boek wat Besiel.  
(Die Brandwag, J.I, No.30, 6 Mei 1938.)
91. Mulder, H.A.: Oor Boeke.  
(Die Brandwag, J.III, No.135, 1 Maart 1940.)
92. Mulder, H.A.: 'n Nuwe Afrikaanse Roman.  
(Die Huisg., 15 Maart 1940.)
93. Mulder, H.A.: Die Kritikus en die Skeppende Kunstenaar.  
(Die Brandwag, J.I, No.43, 5 Aug.1938.)
94. Mulder, H.A.: Fantasie en Verbeelding.  
(Die Huisg., 7 April 1939, D.23, No.889.)
95. Nel, B.F.: Taal, Denke en Kultuur.  
(Die Huisg., 19 Julie 1935, D.20, No.695.)
96. Nienaber, P.J.: C.P. Hoogenhout as Frosaskrywer.  
(Die Huisg., 23 Aug.1940.)
97. Nienaber, P.J.: Dr. O'kulis - 'n Lewenskets.  
(Die Huisg., 25 Junie 1937, D.22, No.796.)
98. Nienaber, P.J.: Dr. O'kulis se stryd vir Afrikaans.  
(Die Huisgenoot, 3 Julie 1937, D.22, No.797.)
99. Nienaber, P.J.: Die Skeppingsproses by 'n Kunswerk.  
(Die Huisg., 29 Julie 1938, D.23, No.853.)

100. Nienaber, P.J.: Baanbreker van die Realisme in die Afrikaanse Letterkunde.  
(Die Brandwag, J.I., No.13, 29 Okt.1937.)
101. Nienaber, P.J.: Gelukkige Vonds vir die Literatuurhistorikus.  
(Die Brandwag, J.II, No.66, 4 Nov. 1938.)
102. Overdiep, Dr.G.S.: Over Woordschikking in Modern Proza.  
(Stilistiese Studiën, II, N.V. Boekhandel en Drukkery, Leiden, 1927.)
103. Pienaar, E.C.: Ons Vertelkuns.  
(Die Huisg., 19 Nov.1937, D.22, No.817.)
104. Preller, Dr.G.: G.R.Von Wielligh.  
(Die Huisg., 4 Sept. 1932.)
105. Prins, Piet: Afrikaanse Literatuurbeskrywing.  
(Die Huisg.: a) 6 Jan.1936, D.23, No.876.  
b) 13 Jan.1936, D.23, No.877.)
106. Prins, Piet: Propagande vir Afrikaans in 1877.  
(Die Huisg., 21 April 1939.)
107. Redakteur: Slordige Taalgebruik.  
(Die Huisg., 18 Des.1936, D.21, No. 769.)
108. Redakteur.: Kuns en Kunsgenot.  
(Die Huisg., 9 April 1937, D.21, No.785.)
109. Schoonees, P.C.: Eugene Marais se Vertelkuns.  
(Die Huisg., 21 Des. 1934, Deel 19, No.665.)
110. Schoonees, Dr.P.C.: Ons Mooiste Prosa.  
(Die Huisg., 2 Des. 1938, D.23, No.871)
111. Van Bruggen, J.R.L.: Von Wielligh as Jeugvriend.  
(Die Huisg., 21 Okt. 1932.)
112. Van Melle, J.: Die Tyd om te Skryf.  
(Die Huisg., 15 Maart 1940.)
113. Van Melle, J.: Styl en Doel.  
(Die Brandwag, J.III, No. 132, 9 Febr. 1940.)
114. Van Melle, J.: Waarheid in die Letterkunde.  
(Die Huisg., 3 Mei 1940)
115. Van Melle, J.: Styl en Stemming.  
(Die Brandwag, J.3, No.146, 5 April 1940.)
116. Van Melle, J.: 'n Skrywer se Woordeskat.  
(Die Huisg., 20 Sept. 1940.)
117. Van Melle, J.: Styl en Gevoel.  
(Die Huisg., 18 Okt. 1940.)
118. Van den Bosch, J.H.: Over het Schryven.  
(De Nieuwe Taalgids, J.I, 1907.)
119. Van den Heever, Prof.Dr.C.M.: Egtheid en Afgewerktheid van Werklike Skryfkuns.  
(Die Brandwag, D.I, No 8, 24 Sept. 1937.)
120. Van Heerden, W: C.M. van den Heever se Kuns.  
(Die Brandwag, J.I, no.21, 24 Des. 1937.)

121. Van der Westhuysen: Melt Brink.  
 ( Die Huisg. a) 29 Mei 1936, D.20, No. 743.  
 b) 3 Julie, 1936, " , " 745.  
 c) 10 Julie, 1936, " , " 746.  
 d) 17 Julie 1936, " , " 747.
122. Van Wyk Louw, N.P.: Is ons Letterkunde ouderwets?  
 (Die Brandwag, J.I, No.25, 21 Jan. 1938.)
123. Van Wynen, J.E.K.: De Tyden der Werkwoorden.  
 (Taal en letteren, J /, 1893.)
124. Weis, Hymne: Die Kritikus in die Werklikhied.  
 (Die Huisg., 10 April 1936, D.20, No.733.)
125. Wils, J.: De Persoon in de Taal.  
 (Onze Taaltuin - Maandblad voor de Wetenschap  
 der Taal als Volksuiting, nationale Cultuurschat  
 en Instrument voor Schoone Kunst..  
 Jaargang 5, No.10., Febr. 1937. W.L.& J.F. Brusse's  
 Uitgeversmaatschappy, N.V.)

-----